Die Hoër Tegnologiese Skool
John Vorster

**LEERDERGEDRAGSKODE**

**2024**

012 332 1760 info@htsjv.co.za
Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186

**INHOUDSOPGAWE**


| | |
|---|---|
| 1 | INLEIDING |
| 2 | DOEL EN OOGMERKE VAN DIE GEDRAGSKODE |
| 3 | TOEPASSING EN OMVANG VAN DIE GEDRAGSKODE |
| 4 | SKOOLREëLS |
| 5 | KLASREëLS |
| 6 | SKOOLDRAG EN VOORKOMS |
| 7 | ANDER SPESIFIEKVERBODE OPTREDE |
| 8 | SKOOLREëLS MET BETREKKING TOT COVID 19 |
| 9 | DISSIPLINêRE OPTREDE RAKENDE COVID 19-OORTREDINGS |
| 10 | DISSIPLINêRE REëLS |
| 11 | PROSEDURE EN DIE OPLê VAN SANKSIES |
| 12 | SKEDULE 1-OORTREDINGS |
| 13 | SKEDULE 2-OORTREDINGS |
| 14 | DISSIPLINêRE EN / OF KORREKTIEWE MAATREëLS EN / OF SANKSIEBEPALINGS |
| 15 | DEURSOEKING EN BESLAGLEGGING |
| 16 | HUUR EN GEBRUIK VAN ‘n SLUITKASSIE (“LOCKER”) |
| 17 | OORTREDINGS WAT NIE SPESIFIEK OMSKRYF IS NIE |
| 18 | PRIVAATHEID / VERTROULIKHEID VAN LEERDERINLIGTING |
| 19 | TOETSING VIR VERBODE MIDDELS (DWELMS) DEUR DIE SKOOL |
| 20 | ANDER BELEID(E) WAT DEEL VORM VAN DIE GEDRAGSKODE |
| 21 | HERSIENING EN WYSIGING VAN DIE GEDRAGSKODE |
| 22 | KORTTITEL VAN DIE BELEID |
| **BYLAES:** | |
| 23 | TERMINOLOGIE (Bylaag A) |
| 24 | TOEPASLIKE WETSRAAMWERK (Bylaag B) |
| 25 | BELEIDE EN PROVINSIALE OMSENDSKRYWES (Bylaag B) |
| 26 | BELEIDSTELLINGS (Bylaag C) |

**TITEL VAN DIE BELEID:** **DIE GEDRAGSKODE VAN HOËR TEGNOLOGIESE SKOOL JOHN VORSTER.**
**DATUM VAN INWERKTREDING**: **1 OKTOBER 2022**
**VOLGENDE DATUM VAN HERSIENING:**
**HERSIENINGSGESKIEDENIS:**
**Soos aangepas op:**
1 Desember 2016
Julie 2020 (COVID-19)
14 Maart 2022
9 April 2024

## 1 INLEIDING

1.1 In terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996), hierna verwys as die SASW, is dit die regsplig en verantwoordelikheid van die beheerliggaam om ‘n gedragskode vir die leerders van ‘n skool te ontwikkel en te aanvaar. Hierdie gedragskode moet in ooreenstemming met die vereistes van die Provinsiale Gazette, toepaslike Nasionale Wetgewing en die Grondwet van Suid-Afrika wees.

1.2 Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster beskou elke leerder as ‘n unieke individu wat die geleentheid gebied moet word om sy / haar Godgegewe talente in ‘n geordende, veilige en gestruktureerde omgewing te gebruik en te ontwikkel.

1.3 Die skool streef daarna om net die beste vir elke leerder te bied en dié Gedragskode is gebaseer op die norme, waardes en beginsels van die skoolgemeenskap wat insluit, maar nie beperk is nie, tot:

a) ‘n regverdige dissiplinêre proses;
b) natuurlike geregtigheid;
c) wedersydse respek tussen leerders, ouers en personeel;
d) beklemtoning van die positiewe;
e) eerlikheid;
f) wedersydse begrip;
g) erkenning van individualiteit binne groepsverband;
h) menswaardigheid;
i) stiptelikheid;
j) groeps- en selfdissipline;
k) trots;
l) lojaliteit;
m) die estetiese;
n) bewaringsbewustheid;
o) veiligheid en geborgenheid;
p) netheid in voorkoms en gedrag;
q) erkenning en beloning;
r) eerbied vir ander se eiendom en persoon;

s) kollektiewe benutting van en respek vir skoolfasiliteite;
y) eenvormigheid; en
u) goeie menseverhoudinge.

1.4 Terminologie
(Sien Bylaag A)

1.5 Akronieme

| Akroniem | Omskrywing |
|---|---|
| AJV | Die algemene jaarvergadering van ouers |
| BEHEERLIGGAAM | Beheerliggaam van die skool |
| DH | Hoof van die Gauteng Departement van Onderwys |
| GDO | Gauteng Department van Onderwys |
| GKT | Geslotekringtelevisie |
| LUR | Lid van die Uitvoerende Raad van Gauteng Provinsie verantwoordelik vir Onderwys |
| SAPD | Suid-Afrikaanse Polisiediens |
| SASW | Suid-Afrikaanse Skolewet |
| SARO | Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SACE) |
| SBS | Skoolbestuurspan |
| SPW | Strafproseswet 1977 (Wet 51/1977) |

1.6 Toepaslike wetsraamwerk
(Sien Bylaag B)

1.7 Beleidstellings
(Sien Bylaag C)

## 2 DOEL EN OOGMERKE VAN DIE GEDRAGSKODE

2.1 Die primêre doel van hierdie Gedragskode is die neerlegging van reëls en prosedures om ‘n gedissiplineerde, doelgerigte en veilige omgewing te skep ten einde kwaliteits- onderrig en -opvoeding te verseker, te handhaaf en te verbeter.

2.2 Dit is nie net die skool se taak en verantwoordelikheid om leerders op te voed en te dissiplineer nie. Die beheerliggaam en ouers / voogde vorm saam met die opvoeders en ander personeel ‘n genootskaplike span wat gesamentlik en afsonderlik verantwoordelikheid vir die onderrig en opvoeding van die leerders aanvaar.

2.3 In die toepassing en uitvoering van hierdie Gedragskode sal die klem altyd op ondersteuning, begrip, remediëring en bevordering van die positiewe geplaas word.

2.4 Die opvoeder se opvoedingsgesag verskil egter van dié van ouers voogde. Waar die ouers se gesag deur ouerlike liefde gedryf moet word, is die gesag van die opvoeder ten diepste gerig op die bevordering van die onderrigleertaak van die skool met die nodige agapé-liefde en aanmoediging. Verder is dit belangrik dat ouers daarop moet let dat elke opvoeder en die hoof kragtens sy / haar dienskontrak verplig is om sy / haar werk te doen, om met ander woorde, onderwys te gee. Om dit te kan doen, het die opvoeder die verantwoordelikheid en plig om dissipline in die klaskamer te handhaaf. Die skool en elke opvoeder het die reg om te eis dat hy / sy nie verhinder mag word in die uitvoering van hierdie kontraktuele verpligting nie. Verder is dit so dat leerders altyd die grense vir hulle gedrag in sommige gevalle tot die uiterste sal toets en die opvoeder het in elke geval die gesag en verantwoordelikheid om sulke leerders tot orde te roep.

## 3 TOEPASSING EN OMVANG VAN DIE GEDRAGSKODE

3.1 Hierdie Gedragskode ***is verpligtend en van toepassing*** op alle ingeskrewe leerders en hulle ouers / voogde van Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster ingevolge artikel 8(4) van SASW.

3.2 Alle opvoeders, lede van die skool se bestuurspan, die adjunkhoofde en hoof is verantwoordelik vir die toepassing van die beleid en indien dit oorgaan tot ‘n dissiplinêre verhoor, ook die aangewese lede van die beheerliggaam.

3.3 Die Gedragskode is van toepassing onder die volgende omstandighede:

a) op enige plek op die skoolterrein waar hy / sy homself / haarself bevind;
b) binne enige lokaal op die skoolterrein waar hy / sy homself / haarself bevind;
c) tydens enige skooltoer / -uitstappie;
d) tydens enige skoolaktiwiteit op of weg van die skoolterrein;.
e) by enige ander skool;
f) waar hy / sy die skool verteenwoordig by enige aktiwiteit / optrede;
g) waar hy / sy as ‘n leerder van die skool geïdentifiseer kan word in of uit skooluniform / ander skooldrag / gewone drag, hetsy op die skoolterrein of buite die skoolterrein;
h) enige aktiwiteit wat deur die skool ondersteun word op en weg van die skoolterrein af;
i) op enige skoolgoedgekeurde vervoermiddel.

3.4 Daar word van ouers / voogde verwag om die skool te ondersteun ten einde die
Gedragskode toe te pas.

3.5 Aanvaarding van die gedragskode en skoolreëls

3.5.1 Ouers / Voogde en leerders **aanvaar** gesamentlik en afsonderlik dat hierdie gedragskode 'n pro-aktiewe poging van die beheerliggaam en die SBS is om 'n gesonde opvoedingsmilieu vanuit 'n bepaalde etos daar te stel en hulself daartoe te verbind.

3.5.2 Ouers / Voogde en leerders **erken en aanvaar** gesamentlik en afsonderlik dat die beheerliggaam, hoof, skoolbestuur, opvoeders, lede van die VLR en JV-Raad tot die redelike uitoefening van gesag en die handhawing van dissipline verplig is.

## 4 SKOOLREËLS

4.1 Algemene Gedrag

4.1.1 Leerders moet te alle tye 'n gangpas dra indien hulle tydens klasperiodes buite die klaskamers rondbeweeg.

4.1.2 Leerders mag nie in die klasse eet of drink nie.

4.1.3 Leerders mag slegs met die toestemming van die betrokke opvoeder en met 'n gangpas, die kleedkamers gedurende klasperiodes besoek.

4.1.4 Leerders mag nie tydens klaswisseling of gedurende klasperiodes die snoepwinkel besoek nie.

4.1.5 Geen leerder word voor skool, gedurende pouses of na skool in 'n laboratorium of tegnologiese sentrum toegelaat sonder die toesig van 'n personeellid nie.

4.1.6 Indien toestemming aan 'n groep leerders gegee word om wel in 'n klaskamer sonder die toesig van die personeellid te wees, bly die betrokke personeellid verantwoordelik vir enige insidente wat in die betrokke klas mag plaasvind.

4.1.7 Geen goedere mag gedurende skooltyd buite die hekke, by die hekke of op die skoolterrein verkoop of aangekoop word nie (behalwe by die snoepwinkel).

4.1.8 Geen elektroniese speletjies, elektroniese toerusting (uitgesonder selfone en tablette) of draagbare en / of koordlose luidsprekers mag sonder vooraf toestemming van die hoof / adjunkhoofde skool toe gebring word nie.

4.1.9 Geen selfoon mag tydens skoolure sigbaar of aangeskakel wees nie, tensy 'n onderwyser pertinent toestemming vir die gebruik daarvan gegee het (kyk ook 14.1.3).

4.1.10 Geen leerder mag homself / haarself aan die boelie van medeleerders skuldig maak nie.

4.2 Skooleiendom

4.2.1 Skooleiendom sluit die volgende in:

a) die grond en geboue deur die skool beset en enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue;

b) alle ander eiendom, insluitend toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer, wat die skool as eiendom besit of as huurder besit of stoor, of ten opsigte waarvan die skool vir die beskadiging of verlies daarvan wetlik aanspreeklik gehou kan word.

4.2.2 Elke leerder is verplig om alles in sy / haar vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar sodat dit gebruik kan word tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool.

4.2.3 Enige skooleiendom wat aan die sorg en kontrole van 'n leerder toevertrou word, moet aan die skool teruggelewer word op die bestemde tyd (d.w.s. wanneer daartoe versoek deur die beheerliggaam, hoof of 'n opvoeder van die skool) in dieselfde toestand as waarin dit was toe dit aan die leerder toevertrou is - billike gebruik en slytasie uitgesluit. Leerders en hul ouers / voogde sal aanspreeklik wees teenoor die skool vir vergoeding van enige verlies of skade aan sodanige eiendom.

4.2.4 Geen leerder mag doelbewus of met opset enige skooleiendom skend, beskadig, vernietig of verloor nie.

4.2.5 Geen leerder mag enige skooleiendom van die perseel van die skool verwyder sonder die vooraf toestemming van die hoof of 'n opvoeder van die skool nie.

4.3 Geboue, terrein en toerusting

4.3.1 Leerders moet alle fasiliteite en toerusting waardeer en met sorg en respek hanteer en / of gebruik.

4.3.2 Die skoolterrein, kleedkamers, klaskamers en tegnologiese sentra moet altyd netjies en skoon gehou word; asblikke en ander vullishouers moet gebruik word om rommelstrooiing te vermy.

4.3.3 Leerders moet skoolboeke, enige toerusting en ander skooleiendom oppas en nie op enige wyse beskadig of vandaliseer nie.

4.3.4 Geen leerder mag op banke, mure of skoolhandboeke skryf of krap of enige vorm van graffiti aanbring nie. Dit is ‘n vorm van vandalisme en sal dienooreenkomstig hanteer word.

4.3.5 Leerders moet die rekenaarsentrum op ‘n verantwoordelike wyse betree en gebruik.

4.3.6 Leerders mag nie op die skryfborde skryf sonder die toestemming van ‘n opvoeder nie.

4.3.7 Leerders mag nie met die brandblussers of enige brandtoerusting peuter of speel nie.

4.3.8 Enige misbruik of beskadiging van of vandalisme van fasiliteite of toerusting, moet onmiddellik aan die personeellid in beheer gerapporteer word.

4.3.9 Indien 'n betrokke leerder enige fasiliteite of toerusting beskadig, kan sy / haar ouer / voog vir sodanige skade of verlies aanspreeklik gehou word.

4.3.10 Versuim van enige leerder om vandalisme en beskadiging van eiendom aan die skoolbestuur te rapporteer, kan lei tot dissiplinêre stappe teen sodanige leerder.

4.4 Tegnologiese sentra

4.4.1 Wetgewing vereis dat alle leerders oorpakke en toe-skoene in die tegnologiese sentra sal dra.

4.4.2 Slegs blou een- of tweestukoorpakke met moue word toegelaat.

4.4.3 Leerders se oorpakke moet duidelik gemerk wees.

4.4.4 Oorpakke moet tydens praktiese periodes gedra word.

4.4.5 Geen juwele van enige aard (insluitend ringe) mag gedra word nie.

4.4.6 Ter wille van veiligheid, is goeie orde in die tegnologiese sentra nodig. Daarom sal geen speletjies van enige aard, poetsbakkery en gekskeerdery van enige aard en enige misbruik van toerusting in die tegnologiese sentra geduld word nie.

4.4.7 Geen leerder mag sy / haar eie veiligheid of dié van ander leerders in enige tegnologiese sentrum in gevaar stel nie. Elke leerder is verplig om sonder teenspraak die gesag, opdragte, voorskrifte en teregwysing van enige personeellid in enige tegnologiese sentrum te gehoorsaam.
Versuim om dit te doen, sal as 'n ernstige oortreding beskou word en lei tot verdere dissiplinêre optrede.

4.5 Skoolbenodigdhede, boeke en tasse (Sien ook die skool se LTSM-beleid)

4.5.1 Handboeke sal aan leerders verskaf word. Alle handboeke moet netjies oorgetrek en netjies gehou word. Dit mag slegs gebruik word vir die doel waarvoor dit verskaf is.

4.5.2 Handboeke moet goed opgepas word sodat dit hergebruik kan word. Beskadigde handboeke wat nie aan gewone slytasie onderworpe is nie, en handboeke wat nie aan die einde van jaar teruggegee word nie, sal deur die leerder vervang moet word of die vervangingskoste betaal. Voordat 'n leerder die skool verlaat, moet alle handboekde en werkboeke by die betrokke persoon / persone verantwoordelik vir handboeke, ingehandig word.

4.5.3 Geen aantekeninge word in die handboeke gemaak nie.
4.5.4 Alle handboeke moet volgens die standaardvoorskrifte van die skool oorgetrek word.
4.5.5 Alle skrifte moet volgens die voorskrifte van die skool oorgetrek word.
4.5.6 Elke leerder aanvaar volle verantwoordelikheid vir elke boek aan hom / haar uitgereik. Alle handboeke moet met ‘n duursame oortreksel oorgetrek word en met groot sorg hanteer word. Plastiek word aanbeveel. Indien ‘n handboek verlore raak, moet die leerder dit self vervang of die vervangingskoste betaal.
4.5.7 Leerders is verantwoordelik om hulle eie skrifte, skryfbehoeftes, skryfboeke, teken-gereedskap, sakrekenaars, ens. aan te koop soos uiteengesit in die skool-benodigdhedelys. Dit is verpligtend dat elke leerder die voorgeskrewe tekeninstrumente en ‘n nie-programmeerbare sakrekenaar sal hê. Geen selfone / tablette mag as sakrekenaars gebruik word nie.
4.6.8 Tasse moet van ‘n sterk, duursame materiaal wees sodat geen beskadiging van handboeke en skrifte kan plaasvind nie.
4.5.9 Geen slagspreuke, plakkers, haatspraak, kru taal of enige ander graffiti word op tasse / sakke toegelaat nie.
4.5.10 Tasse moet groot genoeg wees om alle handboeke en skrifte te akkommodeer.

4.6 Verbode terreine

4.6.1 Die volgende areas is verbode terrein tydens skoolure, pouses of enige skoolaktiwiteit, tensy uitdruklik anders aangedui:

a) alle parkeerareas vir voertuie van personeel, sowel as leerders;
b) geen leerder sal gedurende skoolure (pouses ingesluit) by sy / haar motor of motorfiets toegelaat word nie;
c) die fietsloods. Geen leerder sal gedurende skoolure (pouses ingesluit) by sy / haar fiets toegelaat word nie;
d) die pawiljoen;
e) die lapa;
f) die C- en D-rugbyvelde;
g) die stoepe van die hoofgebou voor skool en tydens pouses;
h) die blombeddings en grasperk voor die hoofgebou;
i) die afrolkamer;
j) klaskamers / onderriglokale voor skool, pouse en na skoolure sonder die nodige toesig van ‘n personeellid;
k) die telbord;
l) krieketnette;

m) jukskeibane;
n) Netbalbane;
o) boonste vierkant.

4.6.2 Geen leerder mag na skool, oor naweke, of gedurende vakansies sonder verlof die skoolgebou of perseel betree of binnegaan nie.

4.7 Kleedkamers

4.7.1 Kleedkamers moet te alle tye skoon en netjies gehou word.

4.7.2 Leerders mag nie in die kleedkamers en toilette in fisiese gevegte of argumente betrokke raak nie, rook, speel, leeglê, stokkiesdraai, klasontduiking pleeg, wegkruip, eet, koeldrank drink, saamdrom, lees, enige dwelms gebruik, huiswerk of ander skoolwerk doen, afskryfwerk of ander wandade pleeg nie.

4.7.3 Krane moet toegemaak word as leerders klaar hulle hande gewas het of water gedrink het.

4.7.4 Toiletpapier mag net gebruik word waarvoor dit bedoel is. Toiletpapier moet aangevul word; indien dit ontbreek, moet leerders dit by die algemene kantoor aanmeld.

4.7.5 Elke leerder het die reg op privaatheid wanneer hy / sy die kleedkamer besoek en mag gebruik maak van die toilethokkies indien hy / sy dit verkies. Slegs een leerder op ‘n slag word in ‘n toilethokkie toegelaat.

4.7.6 Leerders mag slegs die kleedkamers betree wat vir hulle geslag en graadgroepe aangedui is. So sal senior leerders gebruik maak van die fasiliteite aan hulle toegeken en die junior leerders van die fasiliteite aan hulle toegeken voor en na skool, asook pouses.

4.7.7 Opvoeders en ander personeel wat spesifiek deur die hoof en / of sy / haar gemagtigde aangewys is, sal die reg hê om te eniger tyd die kleedkamers van leerders te betree om inspeksie te doen.

4.7.8 Gedurende amptelike klastyd (pouses uitgesluit) mag leerders slegs, nadat hulle toestemming verkry het van die opvoeder in bevel van die klas of ‘n ander skoolaktiwiteit, die kleedkamer besoek waarna hulle so gou as moontlik sal terugkeer na die klaskamer of aktiwiteit. Die leerder moet ‘n gangpas saam neem.

4.7.9 Alle oortredings wat in die Gedragskode aangeteken is, is van toepassing op die kleedkamers.

4.7.10 Geen digitale toestel / selfoon / slimhorlosies (“smart watches”) en / of ander elektroniese toestelle mag in die kleedkamers aangeskakel en gebruik word vir enige doeleindes nie.

4.7.11 Dit word van leerders verwag om alle oortredings en ongeoorloofde optredes wat in die kleedkamers plaasvind of enige gebreke, onveilige en onhigiëniese of vuil toestande, aan te meld by enige opvoeder of die algemene kantoor. Sodanige leerder se identiteit sal te alle tye beskerm word.

4.7.12 Die skool mag die ingange tot die kleedkamers deur middel van GKT moniteer.

4.7.13 Geen ongewenste voorwerpe mag in die toilette, wasbakke of urinale weggegooi word nie.

4.7.14 Handdoeke en seep word gelaat waar dit gekry is: op die relings en by die wasbakke.

4.7.15 Tasse / sakke en klere van enige aard, mag nie tydens oefeninge in die kleedkamers gelaat word nie.

4.7.16 Besoeke aan die kleedkamer moet tot die minimum beperk word. Gedurende lesperiodes mag kleedkamers slegs met toestemming van die betrokke onderwyser (gangpas) besoek word.

4.8 Klaswisseling

4.8.1 Klaswisseling moet ordelik geskied.

4.8.2 Oormatige luidrugtigheid, geskree, hardlopery, singery en stampery is verbode.

4.8.3 Tydens wisseling moet stilte langs die hoof en adjunkhoofde se kantore, sowel as die algemene administrasiegebou gehandhaaf word.

4.8.4 Geen wisseling mag deur die portaal by die algemene kantoor plaasvind nie, tensy anders aangedui word.

4.8.5 Die gebruik van selfone en ander mobiele, elektroniese toerusting is tydens wisseling verbode.

4.8.6 Leerders wat sonder rede later as vyf minute by die volgende klas opdaag, word negatief vir laatkom gerekordeer.

4.8.7 Geen rondlopery word toegelaat nie.

4.8.8 Indien ’n opvoeder nie binne vyf minute by sy / haar klas opdaag nie, moet die VLR-lid die dissiplinehoof daarvan in kennis stel.

4.9 Saalopening

4.9.1 Bywoning van die saalopeninge is verpligtend vir alle leerders en personeel tensy hulle uitdruklike toestemming van die hoof het om van sodanige byeenkomste verskoon te word.

4.9.2 Leerders moet die saal flink en stil in graad- en klasverband binnegaan.

4.9.3 Stilte in die saal is ‘n vereiste.

4.9.4 Geen leerder mag minagtend teenoor die Republiek van Suid-Afrika en die skool se nasionale simbole en kodes of volks- en skoollied optree nie.

4.10 Verbode optrede

4.10.1 Graad 8-oriëntering:

a) Ontgroening word geensins toegelaat nie. Daar word egter van graad 8-leerders verwag om positief en meelewend in te skakel. ‘n Goedgekeurde program wat deur slegs personeel en JV-raadslede opgestel word en finaal deur die hoof goedgekeur en afgeteken word, sal gevolg word om graad 8-leerders deel van Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster te maak.

4.10.2 Ongewenste / onbehoorlike, intieme toenadering / ontbloting van enige privateliggaamsdele en / of enige ander vorme van onwelvoeglike aanraking en immorele gedrag, word verbied.

a) Nabye fisiese aanraking / kontak is onvanpas vir leerders in enige opvoedkundige aktiwiteit / milieu wat enige seksuele ondertone kan hê of as sodanige geïdentifiseer kan word.

b) Leerders moet hulle hande vir hulself hou. Leerders mag nie by enige vorm van ongewenste toenadering / aanraking betrokke wees soos soenery, onvanpaste omhelsing, arms om skouers, middel of ander liggaamsdele nie, op mekaar se skote of bene sit nie, hande vashou of aanraking van enige liggaamsdeel op enige wyse of enige ander immorele / onwelvoeglike / onbetaamlike gedrag, spraak, bewegings met enige liggaamsdeel wat die norme van goeie smaak of gedrag, wat deur die skool as onaanvaarbaar beskou word, oorskrei nie.

c) Geen enkele leerder of ‘n groep leerders of enige twee leerders van watter geslag ook al, mag enige daad pleeg of poog om dit te pleeg of deelneem aan enige daad en / of betrokke wees by enige onaanvaarbare immorele, onwelvoeglike, ontoepaslike, onbetaamlike of enige onwettige dade of gedrag in die openbaar en / of onvanpaste toenadering in enige vorm op enige openbare plek, op die skoolgronde binne of buite sig van ander en / of weg van die skoolgronde tydens enige skoolaktiwiteit of skoolondersteunde aktiwiteit, op enige skoolvervoermiddel, binne of buite skoolure, in of uit skooluniform of waar enige leerders as leerders van die skool geïdentifiseer kan word, of waar enige ander leerders van die skool of enige ander skool of lede van die publiek betrokke / teenwoordig is, pleeg nie; dit sluit in: enige vorm van seksuele teistering / geweld of enige seksuele gedrag / daad, waar ‘n ander toestemming verleen het al dan nie.

d) ‘n Leerder mag nie ‘n daad pleeg wat ‘n ander persoon op enige wyse ontbloot nie.

e) ‘n Leerder mag nie deelneem of veroorsaak dat ‘n ander leerder by ‘n daad van geweld en / of seksuele teistering of enige verwante daad betrokke is nie.

f) Geen leerder mag betrokke wees by enige onvanpaste fisiese, gesuggereerde seksuele gedrag, seksuele teistering nie – insluitend grappies, opmerkings, skinderstories, onvanpaste gebare of onwelkome liggaamlike gedrag of onvanpaste aanraking of liggaamlike kontak van enige aard / vorm nie.

g) Leerders mag nie aan enige vorm van seksuele aktiwiteite deelneem of 'n daad wat seksueel van enige aard / aktiwiteit wat as sodanig vertolk kan word, op die skoolterrein of tydens enige skoolgeborgde aktiwiteit, voor, gedurende en / of na skoolure, in of uit skooldrag, en / of waar hy / sy as ‘n leerder van die skool geïdentifiseer kan word nie.

h) Geen leerder mag homself / haarself of enige private liggaamsdele ontbloot of dit aan enige ander leerder ontbloot nie en / of 'n ander persoon se klere verwyder of klere op- of aftrek, of op enige manier vashou om sodanige onsedelike blootstelling te veroorsaak nie.

i) Leerders mag nie aan enige konsensuele, seksuele dade en of teistering in enige vorm op die skoolterrein of tydens of tydens enige skoolaktiwiteit op of buite die skoolterrein deelneem nie. ("Konsensueel" beteken dat alle partye gewillige deelnemers aan 'n daad is.)

j) Openbare naaktheid / halwe naaktheid wat as ongewens of onvanpas deur enige leerder beskou kan word, word nêrens op die skoolterrein of op sosialemedia toegelaat of tydens enige skoolaktiwiteit in of uit skooluniform, voor skool, gedurende skool of na skool nie.

k) Geen leerder of 'n groep leerders mag enige daad van seksuele molestering, geweld, teistering, boelie, afpersing, intimidasie of enige pogings daartoe op die skooleiendom, skoolvervoer of tydens enige skoolgeborgde geleentheid, op of buite die skoolterrein, binne of buite skoolure, in of uit skooldrag, of op enige plek waar die leerder as leerder van die skool geïdentifiseer kan word, onderneem of pleeg nie.

l) Geen leerder mag op die skoolterrein / by 'n skoolaktiwiteit / in sy/haar skoolklere enigiets rook nie. Dit sluit e-sigarette / vapes / ens. in. 'n Leerder wat met rokers of rook geassosieer kan word, oortree dieselfde reël. **<u>LW:</u>** Slegs dié leerder se ouer / voog mag die e-sigaret / vape voor die verstryking van die week waarin dit afgeneem is, in ontvangs neem (uitteken). Na 'n week word dit vernietig.

m) Indien enige sodanige gedrag soos hierbo genome, onder die skool se aandag kom, mag die skool dissiplinêre stappe neem.

4.11 Verandering van skooldokumente

4.11.1 Geen leerder mag 'n dokument wat aan die skool of die leerder uitgereik is, verander nie. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot, skoolverslae, kwitansies vir gelde wat aan die skool betaal is, borglyste, briewe op die skool se briefhoof, ens.,nie.

4.12 Gedrag van leerders buite die skoolterrein

4.12.1 Geen leerder van die skool mag die skool in diskrediet bring deur enige onbehoorlike gedrag in enige openbare plek of by enige ander skool nie.

4.12.2 Geen leerder van die skool mag die skool in diskrediet bring deur enige onbehoorlike gedrag tydens enige skoolaktiwiteit op die skoolterrein in terme van die Gedragskode en skoolreëls, hetsy in of buite skooldrag, nie.

4.12.3 Leerders wat voor of na skool wag vir vervoer, moet dit op 'n ordelike manier doen.
4.12.4 Leerders wat van busse / ander vervoer gebruik maak, moet optree volgens die instruksies van die bestuurder of die persoon wat amptelik in beheer is van die voertuig.
4.12.5 Leerders moet verkeersreëls nakom as hulle buite die skool wag.

4.13 Diefstal

4.13.1 Geen artikels mag uit stoor- of klaskamers en toesluitkassies of van die skool- of sportterrein verwyder word sonder die verantwoordelike opvoeder se toestemming nie.
4.13.2 Geen leerder mag in 'n ander leerder se tas / sak / toesluitkassie krap of sy / haar eiendom neem en / of gebruik sonder uitdruklike toestemming nie.

4.14 Vandalisme en kwaadwillige beskadiging van eiendom.

4.14.1 Krap op of beskadiging van banke, deure, mure, ens., is verbode.
4.14.2 Beskadiging van deurslotte, verf op mure, pawiljoen, dakke, ens., word nie toegelaat nie.
4.14.3 Koste van beskadigde eiendom sal van die oortreder se ouers verhaal word. As iets per ongeluk gebreek word, moet dit dadelik aan die betrokke opvoeder gerapporteer word. Leerders moet ook dadelik enige vorm van vandalisme aan die hoof rapporteer.

4.15 Besoekers

4.15.1 Leerders mag nie sonder toestemming van ‘n lid van die skoolbestuur besoekers gedurende skoolure ontvang nie.
4.15.2 Besoekers moet by die administratiewe kantoor aanmeld en toestemming van ‘n adjunkhoof ontvang, waarna die betrokke leerder na die kantoor geroep sal word.
4.15.3 Leerders mag nie by die skoolhek of skoolheining gedurende die skoolure besoekers ontvang of kuier nie.
4.15.4 Daar moet te alle tye hoflik en hulpvaardig teenoor gaste, besoekers, leerders, ouers of opvoeders van besoekende skole en ander besoekers opgetree word.

GENUINE JV SEDERT 1962

4.16 Monitering van leerders en ander persone d.m.v. GKT

4.16.1 Die skool mag die hele skoolterrein en alle geboue en lokale (binneruimte van kleedkamers uitgesluit) voltyds moniteer deur middel van GKT.

4.16.2 Die kameras is hoofsaaklik aangebring om enige vorm van ongewenste of ongedissiplineerde gedrag so ver moontlik te bekamp of te verhoed, om sodoende die lewensgehalte van alle persone op die terrein van die skool te optimaliseer, aangesien geen vorm van bedreiging van 'n persoon, persone of eiendom op die terrein onder enige omstandigheid toegelaat sal word nie.

4.16.3 Die skool is daarop geregtig om alle leerderaktiwiteite by die skool, op enige plek op die skoolterrein, enige fasiliteit, voertuig of perseel en / of fasiliteite van kliënte van die skool te moniteer, daarom mag daar nie met veiligheidskameras / GKT-installasies gepeuter word nie of die lyn van sig gewysig word sonder die hoof se toestemming nie.

4.16.4 Monitering mag uitgevoer word deur persoonlike waarneming, toesighoudings- toerusting, GKT-toesig.

4.16.5 CCTV-tekens is op die terrein en in lokale aangebring.

4.16.6 Alle monitering ingevolge die Gedragskode en verwante beleide is noodsaaklik vir die bedryfsvereistes van die skool en om die skool te beskerm teen onregmatige optredes / aktiwiteite / verliese / diefstal en enige ander vorm van skade.

4.16.7 Enige beeldmateriaal, klankopname, inligting of getuienis of dokumente wat deur die skool verkry is deur toesig oor aktiwiteite, kan gebruik word as getuienis teen enige leerder in enige verrigting, hetsy intern in die skool of in enige tribunaal, forum of hof, maar dit sal vertroulik bly en mag nie aan 'n buiteparty en of selfs aan enige ouer leerder vrygestel word sonder 'n hofbevel of 'n polisielasbrief nie.

100% GENUINE JV SEDERT 1962

## 5 KLASREëLS

5.1 Algemeen

5.1.1 Klasreëls kan deur die klasopvoeder geformuleer en aan die begin van elke skooljaar aan alle leerders in die klas, asook hulle ouers, bekend gemaak word.

5.1.2 Hierdie reëls moet versoenbaar wees met die doelstellings van die Gedragskode, sowel as die kode van regte en pligte van leerders.

5.1.3 Die klasreëls moet eers deur die hoof goedgekeur word en dan in duidelike leesbare skrif op 'n prominente plek in die klaskamer aangebring word.

5.1.4 Die hoof mag, na oorleg met die vakhoof en die klasopvoeder, die klasreëls aanvul of aanpas wanneer dit redelik noodsaaklik is vir doeleindes van gesonde professionele bestuur.

5.1.5 Leerders moet stiptelik en volledig by die klasreëls hou, asook aan enige verbale opdragte deur die klasopvoeder of enige uitvoerende personeellid gegee en wat redelikerwys noodsaaklik is om uitvoering te gee aan die Gedragskode en / of noodsaaklik is vir die behoorlike professionele bestuur van die skool.

5.2 Ontwrigting van klasse / skoolaktiwiteite en die opvoedkundige proses deur enige leerder.

5.2.1 Die basiese reël is dat geen leerder die skoolmilieu op enige manier mag ontwrig nie. (Bv. deur: geweld van enige aard, geraas, geluide maak, onbuigsaamheid, onbeleefdheid, om ongeskik te wees, te skree, op 'n tafel te slaan, dwang, bedreiging, intimidasie, vrees, passiewe weerstand, ens.) en / of opsetlik die ontwrigting of belemmering van enige funksie van die skool te veroorsaak nie. Geen leerder mag ook aan sodanige optrede deelneem nie, indien dit redelikerwys beskou kan word dat sodanige optrede kan lei tot ontwrigting of belemmering van die opvoedkundige proses in die skool.

5.2.2 Vir die doeleindes van die Gedragskode, is 'n ontwrigtende leerder 'n leerder wat die opvoedingsproses wesenlik ontwrig of die gesag van enige opvoeder in die klaskamer wesenlik belemmer of uitdaag. 'n Wesenlike ontwrigting van die opvoedingsproses of wesenlike inmenging met die gesag van 'n opvoeder vind plaas wanneer 'n leerder 'n aanhoudende onwilligheid toon om aan die opvoeder se voorskrifte te voldoen of herhaaldelik die opvoeder se gedragsreëls oortree. Gedrag word ook as wanordelik / ontwrigtend beskou as 'n opvoeder verhoed word om 'n aktiwiteit of les te begin of die les moet staak om die ontwrigting aan te spreek.

5.2.3 'n Leerder mag en sal nie aktief of passief 'n ander leerder of groep leerders aanmoedig, onderskraag en / of andersins aanmoedig om die reëls wat in hierdie. Gedragskode vervat is, te oortree nie. Hy / sy sal ook nie ander leerders / persone / personeellede aanmoedig om aan sodanige optrede deel te neem met die doel om sodanige ontwrigting of belemmering te veroorsaak nie.

5.2.4 Geen leerder mag voortdurend geluide maak of sing, dreig, opmerkings maak in enige taal of op enige ander manier optree om die opvoeder se vermoë te beïnvloed en / of sy / haar vermoë om die klas in 'n wettige wyse te onderrig nie.

5.2.5 Geen leerder mag die wettige missiestelling, visiestelling, proses of funksie van die skool op enige manier ontwrig of poog om dit te ontwrig deur geweld, intimidasie, afpersing, geraas, dwang, bedreiging, teistering, vrees, passiewe weerstand, tegnologie, selfone, slimfone, digitale toestelle, internet of enige ander gedrag, of betrokke raak by enige sodanige optrede wat die ontwrigting of belemmering van sodanige proses of funksie ontwrig of enige skoolwerknemer belemmer om sy of haar pligte uit te voer nie.

5.2.6 Geen leerder mag die menswaardigheid van 'n ander persoon aantas nie, wat insluit die maak van vals of bevooroordeelde verklarings of voorstellings oor 'n individu of 'n identifiseerbare groep individue wat die reputasie van die persoon of die identifiseerbare groep benadeel deur dit te ontwrig.

5.2.7 Geen leerder mag probeer om op enige manier en / of op enige sosialemedia- platvorm dreigende geweld teen 'n ander persoon aan te spoor of aan te hits as gevolg van sy of haar ras, godsdiens, geslag, gestremdheid en / of seksuele oriëntasie nie.

5.2.8 Geen leerder mag betrokke raak by enige vorm van dreigende gedrag of dit nou op 'n ander persoon gerig is of nie, wat 'n redelike persoon sou meen dat dit skade kan veroorsaak aan leerders, skoolpersoneel of skooleiendom nie.

5.2.9 Geen leerder mag die sameroeping of voortgesette funksionering van die skool, klas of enige skoolaktiwiteit of van enige wettige vergadering of vergadering van die skool, verhoed of probeer om dit deur enige fisieke handeling te voorkom nie.

5.2.10 Geen leerder mag deelneem aan enige gedrag wat plaasvind buite die normale skooldag of buite die skooleiendom wat 'n direkte en onmiddellike negatiewe uitwerking op die dissipline of opvoedingsproses of die effektiwiteit van die skool het, of 'n impak het op die prestasie of dissipline van enige skoolleerder nie. Sulke gedrag sal daartoe lei dat dissiplinêre stappe teen sodanige leerder geneem word. Die hoof of die beheerliggaam kan sulke aangeleenthede na ’n wetstoepassingsagentskap verwys vir ondersoek en vervolging en mag in sekere gevalle kriminele klagtes en / of aanklagtes aanhandig maak as die leerder se optrede krimineel van aard is.

5.2.11 Geen leerder mag opsetlik en / of met voorbedagte rade veroorsaak of optree op so 'n manier dat dit 'n vals brandalarm, vals noodgeval en / of bombedreiging veroorsaak nie.

5.2.12 Geen leerder of groep leerders mag in ‘n sameswering betrokke wees om ander leerders of persone aan te moedig, aan te hits, inlig of aanraai om enige van die voorafgaande paragrawe van hierdie reëls of enige ander reël van hierdie. Gedragskode, met behulp van enige medium en / of manier van kommunikasie op enige wyse, te oortree nie.

5.2.13 Geen leerder mag betrokke raak en / of deelneem aan, of probeer om 'n staking / arbeidskwessie van enige werknemer of groep werknemers van die skool te beïnvloed of te ondsersteun nie.

5.3 Skoolure, skoolbywoning en afwesighede

5.3.1
- ❖ Maandae tot Donderdae: Vanaf 07:40 tot 14:00 (hek sluit 07:30)
- ❖ Vrydae: Vanaf 07:40 tot 13:30 (hek sluit 07:30)
- ❖ Gedurende spesiale en abnormale omstandighede, soos die Coronavirus- pandemie, kan die skoolure aangepas word, afhangende van omstandighede.

5.3.2 Die skooldag bestaan uit nege periodes plus ‘n pouse van 25 minute; sommige dae sal daar vir voorafvasgestelde klasse tiende periodes gereël word.

5.3.3 Aan die einde van die laaste periode van elke dag mag ‘n lokaal slegs verlaat word nadat die klok gelui het, die dag se verrigtinge behoorlik afgesluit is en die betrokke personeellid die klas verdaag het.

5.3.4 Gereelde skoolbesoek is verpligtend (sien Artikel 3 van die SASW, Wet no. 84 van 1996 asook Gazette no.33150 van Mei 2010) volgens die skool se aanwesigheids-beleid.

5.3.5 Ouers / voogde sal tweeweekliks ‘n afwesigheidsverslag vanaf die skool ontvang.

5.3.6 Gedurende spesiale en abnormale omstandighede, soos die Coronavirus-pandemie, kan hierdie tydperk aangepas word.

5.3.7 Afwesigheid van leerders sonder 'n geldige rede, is onaanvaarbaar en sal so gou moontlik opgevolg word.

5.3.8 Geldige redes vir afwesighede sluit in siekte, spesialisafsprake, dood van 'n familielid en lisensie-afsprake. Familievakansies is nie geldige redes vir afwesighede nie.

5.3.9 In geval van siekte of ander redes vir afwesigheid, moet die ouer / voog die skool voor 09:00 daarvan in kennis stel.

5.3.10 Op die eerste dag waarop die leerder na afwesigheid weer by die skool teenwoordig is, moet hy / sy 'n afwesigheidsbrief of 'n mediese sertifikaat van sy / haar ouer / voog en stawende dokumentasie waarin die rede vir die afwesigheid verstrek word, by sy / haar klasvoog inhandig.

5.3.11 Die teenwoordigheidsregister word daagliks om 07:45 deur die voogopvoeder in die vooglokaal voltooi. Leerders wat na 08:00 aanmeld, sal afwesig gemerk word. Leerders wat na 08:00 aanmeld met 'n geldige rede (omstandighede buite beheer van ouer / voog en leerder) sal slegs teenwoordig gemerk word, indien hulle by die algemene kantoor aangemeld het. Indien die betrokke leerder nie by die algemene kantoor aangemeld het nie, sal hy / sy afwesig gemerk bly. Leerders wat voor 10:00 uitgeteken word en die skoolterrein verlaat, sal vir die dag afwesig gemerk word.

5.3.12 Leerders wat gereeld sonder geldige rede afwesig is, sal aangekla word vir die verbreking van die Gedragskode.

5.3.13 Leerders wat vir tien aaneenlopende skooldae sonder 'n geldige rede afwesig is, sal van die register verwyder word indien die nodige opvolgwerk deur die skool gedoen is.

5.3.14 Indien 'n leerder nie by die skool was nie, of vroeg uitgeteken is, bly dit die leerder se eie verantwoordelikheid om alle agterstallige werk in te haal. Geen agterstallige werk van 'n ander leerder word deur die skool vir 'n leerder gefotostateer nie.

5.3.15 Leerders wat tydens die skryf van eksamens of toetse afwesig is en 'n doktersertifikaat ter stawing van dié afwesigheid inhandig, sal geleentheid kry om op 'n voorafbepaalde, gepaste tyd, 'n plaasvervangende vraestel te skryf. Nadat dié vraestel / le nagesien is, sal die punt / e as deel van die betrokke vak in berekening gebring word.

5.3.16 Leerders wat sonder die stawing van sy / haar afwesigheid (soos genoem in 5.3.7) van 'n eksamen of toets afwesig was, sal nie die geleentheid kry om 'n plaasvervangende vraestel te skryf nie en sal vir die betrokke vraestel wat nie geskryf is nie, 'n nulpunt ontvang.

5.3.17 Leerders wat afwesig was met ‘n geldige rede en die nodige stawende dokumente ingehandig het, sal deur die vakpersoneel ondersteun word om hul agterstallige werk op datum te kry. Leerders wat afwesig was en nie die geldige, stawende dokumente voorlê nie, sal t.o.v. die agterstallige werk self daarvoor verantwoordelik wees om dit op datum te bring.

5.4 Laatkom en afwesigheid

5.4.1 Leerders wat laat kom en na voogperiode by die skool opdaag, moet by die algemene kantoor aanmeld, ‘n briefie vir toegang tot die klas ontvang voordat hy / sy klas toe gaan.

5.4.2 Indien ‘n leerder tydens voogperiode laat kom, meld hy / sy direk by die voogklas aan.

5.4.3 Daar sal streng opgetree word teen leerders wat ‘n gewoonte daarvan maak om laat te kom en kan in sommige gevalle vir die dag weggewys word.

5.4.4 Leerders en ouers moet sover moontlik afsprake vir die leerders (bv. tandarts, dokter, bestuurderslisensie ens.) gedurende skoolure vermy.

5.4.5 Waar afsprake in uitsonderlike omstandighede slegs gedurende skoolure bekom kan word, moet die leerder twee skooldae voor die tyd d.m.v. die L6-vorm by die algemene kantoor aansoek om toestemming vir sodanige afwesigheid doen.

5.4.6 ‘n Leerder sal nie uitgeteken word indien die ouer / voog nie vooraf d.m.v. die L6- vorm aansoek gedoen het nie.

5.4.7 ‘n Leerder sal slegs in noodgevalle deur middel van die interkom uitgeroep word.

5.4.8 Leerders moet die L6-vorm aan die betrokke voog- / vakopvoeder toon en sodoende toestemming verkry om sy / haar ouer / voog in die algemene kantoor te ontmoet en uit te teken. Die L6-vorm word aan die administratiewe dame oorhandig vir liassering.

5.4.9 Indien ‘n leerder enige mediese spesialisafsprake tydens skoolure moet nakom, moet die leerder die volgende dag ‘n bewys by die administratiewe dame inhandig dat hy / sy wel die afspraak nagekom het. Die administratiewe dame sal die L6-vorms en bewyse aan die einde van elke week aan die afwesigheidshoof versprei.

5.4.10 Indien ‘n ouer / voog aan ‘n ander persoon as op die L6-vorm aangedui, toestemming gee om ‘n leerder uit te teken / te kom haal, moet die betrokke persoon se ID-afskrif die L6-vorm vergesel.

5.4.11 Om vir ‘n 100% -skoolbesoeksertifikaat te kwalifiseer, moet ‘n leerder op enige gegewe dag van 7:40 tot 10:00 by die skool teenwoordig wees of vir ten minste twee ure van die skooldag, anders sal hy / sy as afwesig gemerk word,

5.4.12 Indien ‘n leerder by meer as SES geleenthede die betrokke jaar die skool na 10:00 verlaat vir ‘n afspraak, sal die 100% skoolbesoeksertifikaat nié toegeken word nie.

5.4.13 Indien ‘n leerder meer as TIEN kere laat gekom het, sal elke saak individueel hanteer word om vas te stel of die betrokke leerder vir ‘n 100%-skoolbesoek-sertifikaat vir die betrokke jaar sal kwalifiseer.

5.4.14 Indien ‘n leerder voor 10:00 die skool verlaat en nie na ‘n spesifieke afspraak terugkeer nie, sal die leerder vir die dag afwesig gemerk word.

5.4.15 Leerders word verbied om die skoolterrein gedurende skoolure sonder die toestemming van die hoof of sy / haar gedelegeerde, te verlaat.

5.4.16 Tensy die hoof uitdruklik anders aandui, moet ‘n leerder wat toestemming verkry het om die skoolterrein te verlaat, se ouer / voog of die ouer / voog se benoemde, hom / haar persoonlik by die skool kom haal. In so ‘n geval sal ‘n sekretaresse by die algemene kantoor dié leerder roep, sodra die ouer / voog by die skool opdaag. Die ouer / voog moet die leerder in die toestemmingsboek uitteken.

5.4.17 Waar ‘n leerder toestemming ontvang het om sonder begeleiding van sy / haar ouer / voog die skoolterrein te verlaat, moet hy / sy in die toestemmingsboek uitteken voordat hy / sy die terrein mag verlaat.

5.4.18 Leerders wat hulle skuldig maak aan wangedrag, mag verbied word om sekere aktiwiteite wat deur die skool aangebied word, by te woon.

5.4.19 Indien ‘n leerder weens siekte nie aan sport of liggaamlike opvoeding mag deelneem nie, moet die betrokke opvoeder of afrigter van ‘n mediese sertifikaat voorsien word (individuele gevalle sonder mediese sertifikate moet deur die hoofde self hanteer word).

5.5 Siek of beseerde leerders

5.5.1 Indien ‘n leerder gedurende skoolure ‘n besering opdoen of siek voel, moet een van die volgende persone dadelik verwittig word:

a) klasvoog;
b) vakopvoeder;
c) graadhoof;
d) sportafrigter; en / of
e) ‘n personeellid in die administratiewe kantoor.

5.5.2 Nadat een van bogenoemde persone verwittig is, moet die leerder by die administratiewe kantoor aanmeld indien hy / sy daartoe in staat is, andersins moet die leerder deur die skool se noodhulppersoon ondersteun word.

5.5.3 Leerders wat siek voel of beseer is, sal onder geen omstandighede toegelaat word om hulle ouers / voogde self te skakel nie. Personeel in die algemene kantoor sal daarvoor verantwoordelik wees.

5.5.4 ‘n Leerder met ‘n aansteeklike siekte word nêrens op die skoolterrein toegelaat nie, weens die ernstige gevolge wat uit die aard van die siekte kan spruit. Daar is ‘n isolasielokaal vir sodanige gevalle beskikbaar. ‘n Leerder word deur ‘n persoon uit die algemene kantoor na die isolasielokaal toe gestuur en mag glad nie self soontoe gaan sonder sodanige opdrag nie.

5.5.5 Ouers/voogde sal in kennis gestel word om ‘n siek leerder te kom haal, omdat ons geen siekekamer het of siek leerders kan akkommodeer nie. Slegs leerders wat siek is EN wag dat ouers hul kom afhaal, mag in die isolasielokaal wees. Geen ander leerder mag daar wees nie en indien ‘n leerder sonder toestemming daar is, sal dit as stokkiesdraai beskou word.

## 6 SKOOLDRAG EN VOORKOMS

### 6.1 Algemeen

6.1.1 Die skool het sy eie geregistreerde skooldrag vir leerders wat verkrygbaar is by Totiusdal Handelshuis, Select Outfitters, Overkruin Uitrusters of by die skool self.

6.1.2 Die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure en tydens voorgeskrewe buitemuurse en ander skoolaktiwiteite gedra word.

6.1.3 Leerders moet te alle tye skoon en netjies wees.

6.1.4 Tydens die eerste en vierde kwartaal dra leerders somersdrag.

6.1.5 Tydens die tweede en derde kwartaal dra leerders wintersdrag.

6.1.6 **NB**: Die skoolsweetpak word as sportdrag benut en mag *slegs op Vrydae* saam met JV-drag of *tydens sportgeleenthede* gedra word.

6.1.7 Alle leerders moet tydens praktiese periodes in die tegnologiese sentra, ‘n koningsblou, een- of tweestukoorpak met lang moue en toe-skoene dra.

6.1.8 Die skoolbestuur mag van tyd tot tyd kleredragvoorregte wat in die algemeen vir alle leerders van ‘n bepaalde groep sal geld, goedkeur.

6.1.9 Die hoof mag leerders wat nie korrekte kleredragreëls / JV-dragreëls nakom nie, dissiplineer deur 'n leerder van kleredragvoorregte te ontneem. Dit is ook 'n voorreg en nie 'n reg nie, om die skooldas en kleurbaadjie te dra en indien die hoof van mening is dat dit geregverdig is, mag 'n leerder dié voorreg ontneem word.

6.1.10 Vrydae mag JV-drag gedra word. Geen plakkies / sandale (soos Hang Tens en / of flip flops) / vellies word saam met JV-drag toegelaat nie. Indien 'n leerder nie oor volledige JV-drag beskik nie, moet skoolklere gedra word. Die volgende is die voorgeskrewe vereistes vir JV-drag:

a) JV-hemp;
b) JV-kortbroek (SLEGS blou skool-"skipants" mag onder die JV-broek gedra word);
c) JV-sokkies (kort kouse) / wit kort sokkies / "secret socks";
d) sporttekkies: enige kleur wat behoorlik met veters, "velcro" of 'n ritssluiter vasgemaak kan word. Indien dié tekkies van veters voorsien is, moet die kleur van die veters oorwegend die kleur van die tekkies wees.
e) skoolsweetpak indien dit koud is (geen ander baadjies / broeke mag saam met die JV-drag gedra word nie).

6.1.11 Geen ander klere, wat as beskerming vir motorfiets- en fietsryers of stappers teen wind en reën gedra word, mag BINNE die skoolterrein saam met die skooldrag / JV-drag gedra word nie.

6.1.12 Geen "second skins" mag sigbaar gedra word nie.

6.1.13 Slegs die goedgekeurde, blou skool-"skipants" mag gedra word.

6.1.14 Slegs die JV-skoolpet en dirigentepet mag gedra word, maar nie binneshuis nie en pette mag alleenlik gedra word by geleenthede en tye soos deur die skoolbestuur bepaal.

6.1.15 Geen skooldrag mag volgens modegiere verstel word nie.

6.1.16 Hemde mag nie by rompe of lang- of kortbroeke uithang nie.

6.1.17 Seuns se kouse moet te alle tye netjies opgetrek wees indien hulle kortbroeke dra.

6.1.18 Geregistreerde skooldrag / sportdrag mag onder geen omstandighede aan enige persoon wat nie aan die skool verbonde is nie, verkoop of geskenk word nie.

6.1.19 Wanneer die baadjie saam met 'n kortmou-oopslaankraaghemp gedra word, moet die hemp se kraag bo-oor die baadjie se kraag gevou wees.

6.1.20 Geen sigbare tatoeëermerke is op enige deel van die leerder se liggaam toelaatbaar nie. Indien dit sigbaar kan wees, moet dit bedek word.

6.1.21 Geen "body piercings" mag sigbaar wees nie.

6.1.22 Reëls 6.1.20 en 6.1.21 moet volgens die betrokke sport se regulasies bestuur word, maar dit mag nie sigbaar wees nie.

6.1.23 Slegs ‘n mediese armband en / of mediese hangertjie mag gedra word.

6.1.24 ‘n Horlosie of slimhorlosie / “smart watches” mag gedra word, onderhewig aan die skoolreëls. Dit moet egter tydens ’n toets en/of eksamensessie afgehaal word en saam met die selfoon ingehandig word aan die begin van die sessie.

6.1.25 Geen tong-, wenkbrou-, neusringe word toegelaat nie. Geen pennetjies om gaatjies oop te hou is toelaatbaar nie.

6.1.26 Alle ander juwele wat nie genoem is nie, is verbode. As gevolg van wetgewing met betrekking tot veiligheid in die tegnologiese sentra, mag geen juwele (ook nie ringe nie) gedra word nie.

6.1.27 Alle ander sigbare juwele sal gekonfiskeer word en kan eers aan die einde van die skoolkwartaal by die klerebank afgehaal word. Onafgehaalde items word aan minderbevoorregte persone geskenk.

6.1.28 Gewone sonbrille mag nie by skoolklere gedra word nie, tensy toestemming deur die hoof of sy / haar gedelegeerde daartoe verleen is. Voorskrifbrille is hiervan uitgesluit.

6.1.29 Kontaklense mag nie enige motiewe weerspieël / uitbeeld nie en moet voorgeskrewe kontaklense wees vir beter sig en nie t.w.v. modegiere nie.

6.1.30 Naels moet skoon en kort gehou word.

6.1.31 Geen jel, akriel, “French tips” of ander versierings mag op naels gedra word nie.

6.1.32 Geen ooggrimering, lipstiffie of onderlaag mag gedra word nie - ook nie by sportgeleenthede nie. Vals oogwimpers is ook ontoelaatbaar.

6.1.33 Opgeboude en kunsnewels is verbode.

6.1.34 Naels mag nie langer as die vingerpunte wees en oorsteek nie.

6.1.35 Geen wimperverlengings word toegelaat nie.

6.1.36 Ooghare mag nie afgeskeer word nie en geen patrone in wenkbroue word toegelaat nie.

6.1.37 Prosedures soos “micro blading” en poeierwenkbroue word nie toegelaat nie.

6.1.38 **Die dra van ‘n skoolbaadjie, -das en -pet is dwarsdeur die jaar verpligtend tydens die amptelike opening wat tans op Woensdae plaasvind.**

6.2 Skooldrag en voorkoms vir seuns

6.2.1 **SEUNS**

| | |
|---|---|
| Broeke | Grys kort- of langbroek. |
| Hemp | Wit kort- of langmouhemp. Indien 'n leerder 'n langmouhemp dra, moet hy / sy 'n skooldas daarby dra |
| Kouse | Grys skoolkouse met HTS John Vorster-kleure |
| Skoene | Swart leerskoolskoene of swart vellies sonder reënboog-kleursole en/of -veters. NIE stewels ("boots") wat hoër as die enkel is nie. Skoene moet skoon wees. |
| Baadjie | Skoolbaadjie |
| Trui | Blou skooltrui en/of blou oortrektrui. |
| Das | Skooldas. Dasse is slegs tydens die tweede en derde kwartale verpligtend. |
| Serp | Wit skoolserp is slegs tydens die tweede en derde Kwartaal toelaatbaar |
| Gordel | Gordels is vir seuns verpligtend by langbroeke - slegs swart met 'n standaardgespe. |
| Lapelwapens | Slegs leierskap- en goedgekeurde skoolspelde / -balkies mag gedra word. |

6.2.2 **SOMERSDRAG VIR SEUNS: EERSTE EN VIERDE KWARTAAL**

a) Grys kort- of langbroek en wit kortmouhemp.
b) Geen skoolserpe mag gedra word nie.
c) Indien dit koud is, word 'n skoolbaadjie / -trui, langmouhemp en das gedra.
d) Voorgeskrewe JV-drag mag SLEGS op Vrydae gedra word.

6.2.3 **WINTERSDRAG VIR SEUNS: TWEEDE EN DERDE KWARTAAL**

a) Grys kort- of langbroek en wit kortmou- of langmouhemp. 'n Langmouhemp se moue mag nie opgerol word nie.
b) Skooldas is verpligtend.
c) Blou skooltrui / oortrektrui ("pull over") mag onder die skoolbaadjie gedra word.
d) Wit skoolserp mag gedra word.

100% GENUINE JV TM SEDERT 1962

6.2.4 **ALGEMENE VOORKOMSREëLS VIR SEUNS**

a) Wit t-hemde, sonder motiewe op, mag onder die skoolhemp gedra word mits dit nie sigbaar is nie. Geen gekleurde t-hemp of t-hemp met motiewe mag onder die skoolhemp gedra nie.

b) Geen stewels of opgeboude skoene of opgeboude vellies mag gedra word nie.

c) Geen sweetpakbaadjies, ander baadjies, "*windbreakers*" of truie as die voorgeskrewe skooldrag, mag gedra word nie.

d) Langbroeke mag nie nouer afgewerk word nie.

e) Hemde moet te alle tye netjies by die broek ingesteek wees Dit mag nie bo-oor die broek hang of omgevou word nie.

f) 'n Das mag nie gedeeltelik losgemaak word nie - ook nie bu skoolure terwyl in skooldrag geklee is nie.

g) Volledige JV-drag mag slegs op Vrydae onder en saam met die nuwe, volledige sweetpak gedra word.

h) Geen oorkrabbes of -ringe word toegelaat nie.

i) Geen baard, snor of wangbaarde is toelaatbaar nie en geen baardstoppels mag sigbaar wees nie.
'n Leerder se ouer / voog moet 'n leerder kom haal om te skeer en weer dadelik terugbring skool toe. Die ouer / voog sal hieroor ingelig word. Indien 'n leerder weens mediese redes nie mag skeer nie, moet 'n mediese brief by die hoof of haar / sy gedelegeerde ingedien word vir toestemming om nie te skeer nie. Baarde en snorre mag slegs met toestemming van die hoof of haar / sy gedelegeerde vir 'n bepaalde tydperk gegroei word.

6.2.5 **Harereëls pertinent vir seuns**

a) Wanneer die kop regop gehou word, mag die nekhare nie nader as 'n vingerbreedte bokant die kraag hang nie.

b) Wanneer die hare regaf gekam word, mag dit nie oor die ore hang nie.

c) Hare mag nie van onder af opwaarts gekam word OF in enige styl gedra word wat veroorsaak dat dit punterig van die kop af wegstaan nie.

d) Wangbaarde (wolwange) / "sidies" mag nie laer as die middel van die oor wees nie en mag nie a.g.v. die lengte daarvan, opkrul nie.

e) Geen "steps" of "undercut" is toelaatbaar nie.

f) Daar mag geen duidelike lyn in die haarstyl wees nie.

g) Dik hare moet uitgedun word en nie in een lengte gesny word nie.

h) Die verskil in haarlengtes van 'n seun se kop, mag nie met meer as twee sentimeter verskil nie en daar mag ook nie 'n duidelike lyn verskyn nie.

i) Geen gekleurde hare van enige aard word toegelaat nie.

j) Geen kort snit met 'n "klossie", kort snit met 'n lang kuif, "comb over" of "under cut" word toegelaat nie.

k) Geen “man buns” en poniesterte is toelaatbaar nie.
l) Geen patrone mag in die haarstyl bo of langs die kop gesny word nie.
m) Slordige hare is ontoelaatbaar.
n) Geen “mullet” mag gedra word nie. Die hare mag ook nie aand die agterkant van die kop ‘n ster of ‘n punt maak nie. Die hare aan die agterkant van die kop moet dieselfde lengte wees as die hare aan die kant van die kop.

6.3 Skooldrag en voorkoms vir dogters

6.3.1 **DOGTERS**

| | |
|---|---|
| Romp of Langbroek | Koningsblou romp of langbroek. |
| Hemp | Kortmou- of langmouhemp. |
| Kouse/sokkies | Wit sokkies, grys skoolkouse of donkerblou broekiekouse. |
| Skoene | Swart skoolskoene (enkelband- of toerygtipe)<br>Swart leerskoolskoene of swart vellies sonder reënboogkleursole en/of -veters |
| Baadjie | Skoolbaadjie |
| Trui | Blou skooltrui en/of blou oortrektrui |
| Das | Skooldas |
| Serp | Wit skoolserp |
| Lapelwapens | Slegs leierskap- en goedgekeurde skoolspelde / -balkies mag gedra word. |

6.3.2 **SOMERSDRAG VIR DOGTERS: EERSTE EN VIERDE KWARTAAL**

a) Koningsblou romp of langbroek en wit skoolhemp.
b) Wit skoolserp mag nie gedra word nie.
c) Indien dit koud is, word ‘n skoolbaadjie / -trui, langmouhemp en das gedra.
d) Wit kort kouse of lang grys skoolkouse.
e) Voorgeskrewe JV-drag mag SLEGS op Vrydae gedra word.

6.3.3 **WINTERSDRAG VIR DOGTERS: TWEEDE EN DERDE KWARTAAL**

a) Koningsblou romp of -langbroek en wit kortmou- of langmoudashemp.
b) Skooldas is verpligtend.
c) Skoolbaadjie.
d) Blou skooltrui / oortrektrui mag ook onder die skoolbaadjie gedra word.
e) Wit skoolserp mag gedra word.
f) Wit kort kouse of lang grys skoolkouse / donkerblou broekiekouse.

### 6.3.4 ALGEMENE VOORKOMSREËLS VIR DOGTERS

a) Rompe mag nie korter as vier vingers bokant die knie vanaf die grond wees wanneer die dogter kniel nie.
b) Indien ‘n langmouhemp saam met ‘n baadjie gedra word, moet ‘n das ook gedra word.
c) Geen sweetpakbaadjies, ander baadjies, “*windbreakers*” of nieskooltruie mag gedra word nie.
d) Slegs wit t-hemde of wit “*spaghetti*”-toppies sonder skryfwerk of motiewe, mag onder die bloes of skoolhemp gedra word.
e) Geen swart kouse mag by die donkerblou langbroek gedra word nie.
f) Wit sokkies moet omgevou wees wanneer dit by ‘n romp gedra word.
g) Hemde of bloese moet te alle tye netjies by die romp of langbroek ingesteek wees. Dit mag nie bo-oor die romp of langbroek gedra of omgevou word nie.
h) Slegs donkerblou (“navy”) broekiekouse mag by ‘n romp gedra word.
i) Slegs swart skoolskoene met ‘n enkelband of wat met veters of “*velcro*” vasgemaak word of swart leerskoolskoene of swart vellies sonder reënboog-kleursole en/of -veters mag gedra word. Skoene moet skoon wees.
j) Slegs een goue, silwer of diamant standaardoorknopie (“*stud*”) of oorring met ‘n deursnee van 15 mm of minder word in elke oor toegelaat. Geen knopies met steentjiespatrone, edelstene of gekleurde oorkrabbe word toegelaat nie.
k) Slegs kleurlose naellak mag gedra word.

### 6.3.5 Harereëls pertinent vir dogters

a) Sodra hare aan die skouers raak, moet dit met die skoolkleurerekkie vasgemaak word.
b) Alle los haarslierte moet te alle tye uit die gesig en agter vasgesteek wees.
c) Geen lang slierte hare mag langs die gesig hang nie – dit moet vasgesteek wees.
d) Geen modehaargoeters mag gedra word nie, slegs die spesifieke skoolrekkies, -knippies en -linte.
e) Die kuif mag nie oor die wenkbroue of oë hang nie.
f) Kort hare mag ook nie van onder af opwaarts gekam word OF in enige styl gedra word wat veroorsaak dat dit punterig van die kop af wegstaan nie.
g) Hare mag onder geen omstandighede in verskillende kleure gekleur word nie.
h) Slegs een NATUURLIKE kleur is aanvaarbaar. Sodra daar enige tekens van die oorspronklike haarkleur iewers wys – moet dit reggestel word.
i) Geen “high lights” is toelaatbaar nie.

j) Hare mag nie van onder af opwaarts gekam word nie OF in enige styl gedra word wat veroorsaak dat dit punterig van die kop af wegstaan nie.

k) Enige haarstyl wat onnodig aandag trek is ontoelaatbaar. Elke dogter se hare sal individueel beoordeel word.

l) Geen uitspattige modegiere nie bv. geen afgeskeerde hare in die nek of langs die kop patrone / lyne mag in die hare geskeer word nie.

m) Slordige hare is ontoelaatbaar.

6.4 Sportdrag

6.4.1 **SPORTDRAG VIR SEUNS EN DOGTERS**

a) Vir elke sportsoort is daar voorgeskrewe drag wat by die verskaffers
/ betrokke sportorganiseerder verkry kan word.

b) Die skoolsweetpak word slegs as sportdrag tydens sportaktiwiteite / -geleenthede gedra.

6.5 Siviele drag ("Civvies")

6.5.1 Die hoof mag volgens sy / haar uitsluitlike diskresie toestemming verleen dat leerders gewone klere kan aantrek gedurende amptelike skoolure en tydens ander skoolaktiwiteite. Indien toestemming daarvoor verleen is om met gewone klere skool toe kom, moet leerders behoorlik en ordentlik aangetrek wees.

6.5.2 Die drag mag nie inmeng met die opvoedingsproses of die regte van ander aantas, die gesag van opvoeders ondermyn of die veiligheid van ander benadeel nie.

6.5.3 Geen kledingstukke of hoofbedekkings (pette, musse, hoede, bandannas, serpe, ens.) met enige onsmaaklike of onwelvoeglike boodskappe, slagspreuke, prente, foto's, tekening en / of kentekens wat aanstoot mag gee, mag gedra word nie.

6.5.4 Geen kledingstukke wat enige verbode middels, tabak of tabakprodukte, alkoholiese dranke of -produkte adverteer, mag gedra word nie.

6.5.5 T-hemde en kledingstukke met die amptelike of name van goedgekeurde kultuurorganisasies mag gedra word. Die hoof of die BK sal goedkeuring daartoe verleen.

6.5.6 Drag en bybehore wat die leerder se gesondheid en veiligheid mag benadeel, mag nie gedra word nie.

6.5.7 Alle broeke, kortbroeke, rompe en hemde moet, waar van toepassing, toegerits en die knope vasgemaak wees. Alle rompe en broeke moet om die middellyf gedra word.

6.5.8 Kledingstukke waar boude of onderklere uitsteek, selfs onder 'n hemp, is nie aanvaarbaar nie.

6.5.9 Broeke wat te laag gedra word, word as vulgêr beskou en sal as 'n oortreding behandel word.

6.5.10 Die volgende kleredrag en voorkoms is onaanvaarbaar/ verbode by die skool:

a) kaal middellywe,
b) laehalsbloese,
c) deurtrekkers,
d) deursigtige klere,
e) onderklere wat as bo-klere gedra word,
f) onderklere wat uitsteek,
g) onwelvoeglikhede of onaanvaarbare slagspreuke wat op klere / bykomstighede gedruk of aangebring is,
h) enige kledingstukke wat onwelvoeglikhede, simbole, tabak, dwelms en alkohol of 'n dubbele bedoeling het of uitbeeld,
i) geen kledingstukke, kentekens, prente, foto's, merke en ander items of bykomstighede wat betrekking het op enige bende en / of bende-aktiwiteite of wat enige bende of -aktiwiteite bevorder, mag gedra word nie.
j) Spandex of elastiese materiale wat styf pas,
k) gesplete rompe
l) kledingstukke wat geskeur, gate in het of uitgerafel is,
m) kledingstukke sonder skouerbande vir dogters,
n) atletiekbroekies wat bedoel is vir sportdrag en nie gewone kleredrag nie.
o) Eldo-hemde en -broeke wat met siviele drag gemeng word of saam aangetrek word,
p) kamme, sonbrille, pette, bandannas, ens. wat binnenshuis gedra word,
q) pantoffels en skoene met "heelies" (skoene met wielietjies in),
r) hondehalsbande, beursiekettings, doekspelde, juweliersware met skerp penne, vishoeke wat as juweliersware gedra word as bykomstighede en ander kostuumjuweliersware,
s) "body painting", tydelike tattoes of enige ander sigbare merke, kentekens, prente en voorstellings van watter aard ookal - tensy toestemming daarvoor deur die hoof verleen is,
t) Naellak, ander grimering, vals oogwimpers en/of juweliersware wat gedra word sonder voorafgoedkeuring deur die hoof (Hierdie toestemming sal slegs verleen word indien die sosiale geleentheid dit daartoe verleen),
u) enige ekstreme drag wat ten alle koste vermy moet word. (Die hoof sal bepaal wanneer drag ektreem is),

v) enige oorringe, knoppies ("studs"), oorkrabbetjies of enige ander metaal- of plastiekvoorwerpe wat aan enige liggaamsdeel (bv. tong of lippe) gedra word. Dogters mag knoppies ("studs") en ringetjies ("sleepers") in hulle ore dra soos voorgeskryf in die juwelierswarevoorskrifte hierbo. Slegs één oorring, knoppie of krabbetjie sal per geleentheid in elke oor gedra word - slegs vir dogters. Geen seun mag oorringe, knoppies ("studs") of krabbetjies dra saam met gewone kleredrag nie. Geen seun mag ringe, armbandjies, kettings of hangertjies dra nie - tensy laasgenoemde om mediese redes gedra moet word, of deur die hoof goedgekeur is.

6.6 Dispute en sanksies rakende die dra van siviele drag

6.6.1 Indien 'n dispuut tussen die skool en / of leerders en / of die ouers / voogde van leerders ontstaan of gewone kleredrag onaanvaarbaar is of nie, sal die hoof en / of sy / haar gedelegeerde sy / haar diskresie gebruik om 'n finale, bindende besluit oor die aangeleentheid te neem.

6.6.2 Die hoof en / of sy / haar gemagtigde se optrede kan die volgende insluit:

a) om 'n leerder in te lig dat hy / sy onvanpas aangetrek is en die leerder te waarsku dat die drag ongeoorloof en onaanvaarbaar is;

b) om onnodige vermorsing van waardevolle opvoedingstyd te vermy, sal leerders wie die Gedragskode vir skoolklere of gewone klere oortree, se ouers / voogde gekontak word en versoek word om 'n ander stel klere vir die leerder skool toe te bring;

c) Indien 'n ouer / voog nie bereik kan word nie, sal die leerder geïsoleer word sodat hy / sy gedurende klastye en pouses nie op die skoolgrond mag rondbeweeg nie;

d) indien leerders twee keer die voorkoms- en kleredragkode oortree, sal hy / sy toekomstige voorregte rakende die dra van siviele drag, verbeur.

## 7 ANDER SPESIFIEKVERBODE OPTREDE

7.1 Verbod op politieke aktiwiteite

7.7.1 Ingevolge Artikel 33A van die SASW mag geen leerder aan enige politieke aktiwiteite tydens skooltyd / op die skoolterrein / voor die skoolterrein of waar hy / sy as 'n leerder van die skool geïdentifiseer kan word, tydens sulke voorvalle, deelneem of dit propageer of ander aanhits of saamsweer om aan enige politieke aktiwiteit deel te neem nie

7.1.2 Politieke aktiwiteite sluit in, maar is nie beperk nie, tot:

a) veldtogvoering;
b) die hou van byeenkomste en oproerigheid;
c) die verspreiding van pamflette en strooibiljette;
d) die hang of opsit van plakkate en baniere;
e) die hou van optogte;
f) vernietiging en beskadiging van eiendom en gewelddadige optrede;
g) klasvergaderings of samekomste wat sonder amptelike goedkeuring gehou word;
h) die dra van simbole van enige politieke party of beweging.

7.1.3 Die hoof behou die reg voor om dissiplinêre stappe te neem - wat nie kriminele klagtes uitsluit nie. Ander leerders en persone mag ook kriminele klagtes teen sulke leerders lê.

7.1.4 Geen verteenwoordiger van 'n politieke organisasie mag 'n leerder se dissipline-verhoor bywoon of as verteenwoordiger of waarnemer teenwoordig wees voor, tydens en na sulke verrigtinge nie; sodanige persoon kan die skoolgronde verbied word.

7.2 Troeteldiere, ander diere, insekte/goggas en spinnekoppe

7.2.1 Geen troeteldiere of enige ander diere, reptiele, insekte/goggas en spinnekoppe mag deur leerders, personeel, ouers / voogde en besoekers skool toe gebring word nie.

7.3 Klanktoerusting en die speel van harde musiek op die skoolterrein

7.3.1 Geen klanktoerusting, "beat boxes" of soortgelyke "blue tooth"-klankversterkers mag tydens die skooldag gebruik word of enigsins skool toe gebring word nie. Dieselfde prosedure as met selfone sal gevolg word wanneer sulke toerusting onderskep word.

7.3.2 Geen onnodige harde musiek mag op die skoolterrein in motors gespeel word nie.

7.4 Dobbelary

7.4.1 Geen vorm van enige dobbelary, lotery, geldleenskema, stokvelskema, dobbelsteenspeletjies, opskiet van munte en ander - in welke formaat ook al - mag op die skoolterrein plaasvind nie.

7.4.2 Geen leerder mag aan enige aanlyndobbelspel tydens enige tyd op die skoolterrein of gedurende die skooldag op sy/haar selfoon toegang verkry of daaraan deelneem nie.

7.4.3 Geen leerder mag sonder die toestemming van die hoof lootjies of soortgelyke fondsinsamelings op die terrein bedryf nie.

7.5 Verbode en ontoelaatbare items / voorwerpe

7.5.1 Leerders mag nie die volgende items saambring skool toe of dit in hulle besit hê voor, tydens en na skoolure op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteit nie:

a) lewende diere of insekte/spinnekoppe;
b) reptiele;
c) knipmesse / dolke / skerp voorwerpe / “knuckle dusters” / “throwing stars” / “nan chucks” / gereedskap / ens.;
d) gom of enige ander vloeibare gomsoorte wat nie deel vorm van die voorgeskrewe skryfbehoefte-items nie;
e) laserwysers / liggies (“lazers”);
f) enige aërosols of soortgelyke houers wat chemikalieë bevat;
g) enige tipe wapen / vuurwapen / ammunisie / replika van ’n wapen / gevaarlike voorwerp wat die leerder en / of ander leerders kan beseer;
h) speelgoedgewere / -rewolwers;
i) BB-gewere of enige voorwerp wat projektiele van enige aard kan uitskiet;
j) plofbare toestelle, insluitende enige tipe vuurwerke / klappers;
k) vuurhoutjies / sigarette / sigare / enige e-sigarette / vapes;
l) ketties;
m) chemikalieë;
n) springtoue / enige tou / lyn / koord / elekriese koord.

7.5.2 Die hoof en / of enige van sy gemagtigdes mag beslag lê op enige van die voorwerpe en / of diere wat genoem word en mag enige onwettige voorwerp vernietig of na diskresie van die hoof, daarmee weggedoen word.

7.5.3 Die voorwerpe wat gekonfiskeer word, sal vernietig word of na diskresie van die hoof weggedoen word daarmee na afloop van enige dissiplinêre stappe.

7.5.4 Die volgende items mag slegs met die toestemming van die hoof of sy / haar gemagtigde skool toe gebring word onderworpe aan voorwaardes wat deur die hoof gestel word:
- a) enige soort speelgoed;
- b) elektroniese speletjies;
- c) elektroniese apparaat, radio's, "walkmans", bandspelers, stereospelers, laserskyfspelers, enige elektroniese apparaat wat musiek speel en / of die vermoë het om video's of ander elektroniese opnames te speel;
- d) sellulêre telefone van enige aard en / of elektroniese tablette en ander digitale toestelle;
- e) kameras;
- f) juwele en ander waardevolle items;
- g) troeteldiere / insekte.

## 8 SKOOLREëLS MET BETREKKING TOT COVID 19

8.1 Opleiding rakende Covid 19-regulasies word aan personeel gegee.

8.2 Opleiding rakende Covid 19-regulasies word deurentyd aan leerders gegee.

8.3 Plakkate rakende Covid 19-regulasies word sigbaar oral in die skool opgesit.

8.4 Leerders ontvang 'n skrywe via 'n ouerbrief waarop alle Covid 19-regulasies rakende die verantwoordelikhede van die ouers en leerders uiteengesit is.

8.5 Leerders en personeel word volledig opgelei rakende hantering van Covid 19-regulasies, om sodoende die veiligheid van elke leerder te verseker.

8.6 Leerders word ingelig rakende reëls oor die gebruik van die snoepie.

8.7 Reëls ten opsigte van hare en voorkoms kan tydens 'n pandemie aangepas word, omdat haarkappers tydens die grendeltyd gesluit kan wees, totdat anders deurgegee word deur die hoof:

8.7.1 hare moet skoon en netjies wees en al die reëls ten opsigte van haarkleure ens. geld nog steeds;

8.7.2 hare moet te alle tye uit die gesig gehou word;

8.7.3 lengte en style van hare - vir die seuns - is nie nou ter sake nie;

8.7.4 seuns moet steeds geskeer skool toe kom; Gedragskodereëls bly hier dieselfde;

8.7.5 a.g.v. die koue winter waartydens leerders skool toe moet gaan en die vertrekke wat oopgehou moet word vir ventilasie - as voorkoming van die verspreiding van die virus – sou die leerders siviele klere skool toe mag dra;

8.7.6 die klere moet netjies, skoon en vanpas wees – geen uitdagende of onthullende klere mag gedra word nie (Sien reëls vir siviele drag);
8.7.7 geen items met onvanpaste, godsdienstige of politieke motiewe op, mag gedra word nie;
8.7.8 geen hoofbedekkings mag op die skoolterrein gedra word nie;
8.7.9 geen "buffs" mag op die skoolterrein gedra word nie.

8.8 Die bestaande reëls rakende hare en voorkoms geld soos uiteengesit in die Gedragskode.

8.9 Reëls rakende baarde geld soos uiteengesit in die Gedragskode.

8.10 Wanneer siviele skoene en kleredrag gedra word, is en bly dit die leerder se verantwoordelikheid om te sorg dat daardie skoene en kleredrag aan die veiligheidsmaatreëls voldoen – soos vereis word in al die tegniese sentra.

## 9 DISSIPLINêRE OPTREDE RAKENDE COVID 19-OORTREDINGS

9.1 Opvoeders rekordeer steeds alle oortredings ten opsigte van gedrag en pligsversuim op 'n klaslys – soos uiteengesit in die Gedragskode.

9.2 COVID 19-oortredings:
9.2.1 omseil siftingsprosedures met die toetrede tot die skoolterrein;
9.2.2 dra nie 'n masker soos voorgeskryf nie (sien voorskrifte vir maskers);
9.2.3 ignoreer sosiale distansiëring;
9.2.4 ontsmet/saniteer en was nie hande nie;
9.2.5 beskadig / saboteur persoonlike veiligheidstoerusting (PPE's);
9.2.6 rook / gebruik enige verbode middel / onder die invloed van enige verbode middel / alkohol op die terrein;
9.2.7 weerhouding van inligting rakende enige Covid 19-simptome;
9.2.8 beweeg op ongemagtigde terrein;
9.2.9 boelie en teistering van enige leerder wat siek is of simptome verbonde aan die virus ervaar, word streng verbied.

9.3 Bedreiging van ander se gesondheid op die skoolterrein
9.3.1 Enige gedrag wat ander leerders of persone op die skoolterrein se gesondheid bedreig of lewens in gevaar stel, sal nie op die skoolterrein toegelaat word nie.
Dit sluit in:
a) enige gedrag wat potensieel kan bydra tot verspreiding van Covid 19 in die skoolgemeenskap;
b) enige gedrag teenstrydig met gesondheidsvereistes en -reëls omskryf in nasionale wetgewing en / of regulasies en / of standaardoperasionele prosedures; en / of
c) enige gedrag wat teenstrydig is met die skool se beleid en / of protokol met betrekking tot Covid 19.

9.3.2 Daar mag dissiplinêre stappe teen leerders geneem word indien enige van hierdie reëls oortree word of enige ander se lewe in gevaar gestel word met onregmatige optredes in hierdie verband.

9.4 COVID 19-sanksies

9.4.1 Eerste Covid 19-oortreding: ontvang mondelinge waarskuwing.

9.4.2 Indien enige Covid 19-oortreding deur ‘n persoon herhaal word, moet dit by die strafkamer aangemeld word vir rekordering van beide oortredings.

9.4.3 Wanneer ‘n leerder TWEE sodanige rekorderings teen sy naam het, word die leerder se naam en oortredings by die Covid 19-Bevelsraad aangemeld.

9.4.4 Die leerder word dan vir ‘n skedule 1-oortreding deur die komitee hanteer.

9.4.5 Enige verdere oortredings van dieselfde leerder word via die Covid 19-Bevelsraad vir ‘n skedule 2-oortreding deur die komitee hanteer.

9.5 Fisiese kontak

9.5.1 Geen fisiese kontak (aanraking, handdruk, omhelsings, drukkies, soene, ens.) tussen leerders word toegelaat nie.

9.5.2 Leerders moet te alle tye ‘n veilige afstand van een meter of meer van mekaar af handhaaf. (Nuwe DBO SOP van September 2020 bepaal 1 m afstand).

9.5.3 Leerders sal nie toegelaat word om elektroniese toestelle, eetgerei, eet- of drinkgoed, leermateriaal soos skryfbehoeftes en / of boeke / handboeke of enige ander item/s met mekaar te deel nie.

9.6 Materiaalgesigmasker of N59-masker

9.6.1 Leerders moet te alle tye ‘n gesigmasker dra wat voldoen aan die vereistes van die Departement van Gesondheid.

9.6.2 Die masker moet die leerder se mond en neus bedek.

9.6.3 Maskers mag nie afgetrek word om te praat, nies of hoes nie.

9.6.4 Maskers mag nie verwyder word terwyl die leerder op die skoolterrein is nie.

9.6.5 Leerders mag nie maskers onder mekaar uitruil nie.

9.6.6 Leerders moet sorg dat maskers daagliks gewas en skoon is.

9.7 Persoonlike higiëne en hoesetiket

9.7.1 Leerders word aangemoedig om die volgende te doen:

a) gereeld hande met water en seep vir ten minste 20 sekondes lank per keer, te was;
b) algemene higiëne te handhaaf; dit sluit byvoorbeeld in om hul tande en vingernaels skoon te hou en daagliks te bad / stort en 'n skoon skooluniform aan te trek;
c) nie aan hul gesigte te raak nie en moet spesifiek kontak met hul oë, mond en neus vermy;
d) in die rigting van hul elmboog of in 'n sneesdoekie hoes of nies, waarna die leerder dadelik die sneesdoekie moet weggooi en sy/haar hande behoorlik was of met handreiniger ontsmet;
e) nie op ander hoes, nies en / of spoeg of ander liggaamsvloeistowe op ander laat kom nie.

9.8 Selfrapportering

9.8.1 Leerders moet dadelik aan die personeel rapporteer indien hy /sy enige van die volgende simptome ervaar:

a) lyfseer
b) koors
c) buitengewone moegheid
d) naarheid
e) braking
f) diarree
g) buitengewone swakheid
h) moeilike asemhaling / asemnood

9.8.2 Leerders moet aan die skoolowerhede rapporteer as hulle in kontak met iemand was wat positief vir COVID 19 getoets het.

9.8.3 Leerders wat siek voel en / of enige van die bogenoemde simptome ervaar, moet tuis bly en mediese advies inwin.

## 10 DISSIPLINÊRE REËLS

10.1 Om die dissipline in die skool toe te pas en te verseker dat leer en onderrig nie deur gedragsprobleme ontwrig word nie, het die beheerliggaam die Gedragskode en dissiplinêre reëls daargestel in oorlegpleging met opvoeders, ouers en leerders.

10.2 Die ouer / voog en die leerder (bygestaan deur die ouer / voog) gesamentlik en afsonderlik:
10.2.1 neem kennis,
10.2.2 stem saam,
10.2.3 aanvaar,
10.2.4 en kom ooreen met die skool, dat indien die leerder hom / haar aan enige van die wangedrag (sonder geldige verskoning) soos in hierdie Gedragskode en verwante beleide en klasreëls uiteengesit, skuldig maak, dit aangeteken sal word en maandeliks aan die ouers via die leerder per hand, voorsien word of op skriftelike versoek van die ouer, direk aan hom / haar per e-pos aangestuur word.

10.3 Indien die leerder hom / haar aan die genoemde wangedragoortredings in hierdie Gedragskode skuldig maak en reeds by vorige geleenthede dieselfde of ‘n soortgelyke oortreding begaan het, kan dit daartoe lei dat dit ‘n skedule 1-oortreding (ernstige wangedrag) word.

10.4 Verantwoordelikhede van leerders
10.4.1 Met aanvaarding van die Gedragskode deur die ouers, personeel en VLR moet die leerders van die skool die Gedragskode implementeer. (Ouers hoef nie die Gedragskode te onderskryf nie, maar die leerder is nog steeds onderhewing aan die Gedragskode ingevolge Artikel 8(4) van die SASW, tensy die leerder vrygestel is van sekere bepalings deur die beheerliggaam, gebaseer op aanvaarde godsdienstige of kulturele gebruike).
10.4.2 Die VLR moet die implementering van die Gedragskode bevorder, maar het geen outoriteit om leerders op enige wyse te straf nie.

100% GENUINE JV SEDERT 1962

10.5 Verantwoordelikhede van ouers / voogde

10.5.1 Die uitsluitlike verantwoordelikheid van die leerder se gedrag lê by die ouers / voogde en daar word van hulle verwag om die skool te ondersteun in die toepassing van die Gedragskode en om te verseker dat die leerder volle verantwoordelikheid van sy / haar wangedrag sal aanvaar.

10.5.2 Daar word van ouers / voogde verwag om geskeduleerde vergaderings rakende sy / haar kind by te woon.

## 11 PROSEDURE VIR DIE OPLê EN TOEPASSING VAN SANKSIES

11.1 Sanksies moet wettig, regverdig en billik wees.

11.2 Wangedrag:

11.2.1 Opvoeders rekordeer alle oortredings ten opsigte van gedrag en pligsversuim op ‘n klaslys wat aan die einde van ‘n siklus (dag 7 of dag 1) aan die dissiplinekantoor gestuur word vir rekordering.

11.2.2 Toepassing van interne dissiplinêre klaskamermaatreëls bly in ooreenstemming met die Gedragskode van die skool, bv:

a) verskuiwing van leerders met betrekking tot hulle sitplekke in die klas;
b) berisping van ‘n leerder / leerders oor onaanvaarbare gedrag;
c) oortredings word volgens JV-puntestelsel gerekordeer;
d) die aanteken van ontwrigtende gedrag en geelkaartoortredings op ‘n klaslys waarna die leerder saam met die VLR-lid na die dissiplinekantoor gestuur word vir hantering;
e) die dra van ‘n JV-paspoort;
f) ernstige gesprek deur dissiplinekantoor / personeel waarna ouers / voogde selfs ingelig kan word;
g) ontsegging van klasvoorregte.

11.2.3 Herhaling van wangedragoortredings, kan t.o.v die erns daarvan, tot ‘n skedule 1- of 2- oortreding lei.

11.3 Skedule 1: Ernstige Oortredings wat kan lei tot uitsetting:

11.3.1 Oortredings in hierdie kategorie is van ‘n meer ernstige aard as dié in die wangedragkategorie.

11.3.2 Leerders word, onder sekere omstandighede, deur die hoof / adjunkhoof / gedelegeerde persoon uit sy / haar klas onttrek en in akademiese isolasie geplaas totdat hy / sy in die sorg van sy / haar ouer / voog geplaas kan word. Indien die risiko bestaan dat die aangeklaagde leerder dalk met getuies mag inmeng of ander mag intimideer, kan die aangeklaagde tydelik vir ‘n maksimum van sewe skooldae uit alle skoolaktiwteite onttrek word, hangende ‘n dissiplinêre gesprek / tribunaal. In die tydperk van onttrekking uit skoolaktiwiteite moet daar vyf skooldae voor die aanvang van die dissiplinêre gesprek / tribunal, ‘n skriftelik kennisgewing / klagstaat aan die ouer / voog en die aangeklaagde leerder, in harde kopié of elektronies, voorsien word - waarvoor hulle ontvangs moet erken. Na afloop van die dissiplinêre gesprek / verhoor, kan die dissiplinekomitee weer van nuuts af as deel van die sanksie, tydelike onttrekking uit skoolaktiwiteite uit die skool vir ‘n maksimum van sewe skooldae oplê.

11.3.3 Opvoeders rekordeer alle oortredings ten opsigte van gedrag en pligsversuim op ‘n klaslys.

11.3.4 Waar nodig, word die skuldiges uit die klasse onttrek en in die dissiplinekantoor in akademiese isolasie geplaas.

11.3.5 Die dissiplinekantoor gee geleentheid aan ‘n leerder om sy / haar standpunt ten opsigte van die beweerde oortreding mondelings en / of op skrif te stel. Die ouer / voog kan geskakel word vir onderhandelinge / gesprek m.b.t. die leerder se beweerde oorteding/s.

11.3.6 Die beheerliggaam se dissiplinekomitee word ten opsigte van die betrokke leerder se oortreding in kennis gestel indien die skool se dissiplinekantoor die oortreding as ‘n ernstige oortreding beskou wat tot nadeel van die leerder / ander leerders / personeel strek.

11.3.7 Die beheerliggaam se dissiplinekomitee reik, in oorleg met die hoof, ‘n ernstige finale kontrak aan die leerder uit vir kennisname en optrede deur sy / haar ouer / voog, wat ook ‘n gedragsooreenkoms met sekere sanksies kan insluit vir ondertekening deur die leerder, die ouer / voog en die voorsitter van die dissiplinekomitee, wat beteken dat indien die leerder nie by die ooreenkoms hou nie, hy / sy summier aangekla sal word om voor ‘n tribunaal te verskyn.

11.3.8 Dié finale kontrakbrief (en waar gepas, die gedragsooreenkoms) word, na ondertekening deur die leerder en sy / haar ouer / voog, aan die dissiplinekantoor terugbesorg en word dan in die leerder se profiellêer geliasseer.

11.3.9 Die sanksies waarop die beheerliggaam se dissiplinekomitee besluit, word deur die aard en die erns van die oortreding bepaal.

11.3.10 Die ouer / voog van ‘n leerder wat vir ‘n dissiplinêre gesprek / tribunaal deur die beheerliggaam se dissiplinekomitee genooi word, verskyn saam met die leerder voor die komitee, behalwe, wanneer ‘n leerder reeds agtien jaar oud is mag hy/sy alleen voor die die komitee verskyn.

11.3.11 Daar kan van die aangeklaagde leerder, wat skuldig bevind is ingevolge die waarskynlikheidsbeginsel, sekere voorregte ontneem word.

11.3.12 Daar kan aan die aangeklaagde leerder, wat skuldig bevind is, sekere korrektiewe take opgelê word, maar dit mag nie die leerder se menswaardigheid aantas nie.

11.3.13 Afhangende van die DH van die GDO se beslissing, kan ‘n leerder sy / haar permanente lidmaatskap van die skool verbeur.

11.3.14 Die herhaling van ‘n oortreding of enige ernstige oortreding van die Gedragskode van die skool, lei daartoe dat ‘n skedule 1-oortreding soos ‘n skedule 2-oortreding hanteer sal word.

11.4 Skedule 2 - Ernstige oortredings wat kan lei tot onttrekking uit alle skoolaktiwteite:

11.4.1 Leerders word, onder sekere omstandighede, deur die hoof / adjunkhoof / gedelegeerde persoon uit sy / haar klas onttrek en in die sorg van sy / haar ouer / voog geplaas.

11.4.2 Leerders en hul ouers / voogde word na die beheerliggaam se dissiplinekomitee vir ‘n dissiplinêre gesprek verwys.

11.4.3 Die sankies van die dissiplinêre gesprek as gevolg van die bevinding waarop die beheerliggaam se dissiplinekomitee besluit, sal deur die erns van die beweerde oortreding bepaal word.

11.4.4 In die geval van ‘n dissiplinêre tribunaal deur die beheerliggaam se dissiplinekomitee aangevra, kan die die beheerliggaam aanbevelings na die DH van die GDO deurgee met ‘n aanbeveling met die oog op ‘n finale beslissing vir permanente uitsetting van die skool deur die GDO. Dié beslissing kan permanente uitsetting, maar nie daartoe beperk met ander sanksies, behels.

11.4.5 Indien ‘n leerder skuldig bevind word, kan hy / sy van sekere voorregte ontneem word, maar dit moet deel wees van die bevindings van die beheerliggaam se formele dissiplinêre verhoor (tribunaal).

11.5 Prosedure by die hantering van oortredings en gevalle van wangedrag:

11.5.1 Die prosedure by die hantering van oortredings en gevalle van wangedrag sal geskied in ooreenstemming met die relevante wetgewing, regulasies, beleide en / of reëls uitgevaardig van tyd tot tyd en sal geskied met behoorlike inagneming van die reg van alle partye om aangehoor te word, die reg om verteenwoordig te word, die reg om vooraf van die beweerde wangedrag of oortreding in kennis gestel te word en die reg om getuienis aan te bied en te ondervra tydens die dissiplinêre prosedures en verhore.

11.5.2 Sover doenlik sal die prosedure bepaal word deur die getuienisleier / ondersoeker / beampte in beheer van die dissiplinêre ondersoek met inagneming van die regte soos hierbo uiteengesit.

11.5.3 Die proses gevolg tydens enige dissiplinêre aksie of ondersoek sal daarop gemik wees om die belange en vertroulikheid van die leerder en enige party wat by die dissiplinêre handeling betrokke is, te beskerm.

11.5.4 Indien nodig, sal die hoof van die skool en / of die beheerliggaam, van tyd tot tyd sekere riglyne voorskryf vir die hantering van spesifieke gevalle en oortredings en besluit wanneer ‘n leerder aangekla moet word om voor ‘n beheerliggaam se tribunaal te verskyn en dan moet sodanige kennisgewing en / of klagstaat deur die leerder en sy / haar ouer / voog ontvangs van ‘n harde of elektroniese kopie, erken.

11.5.5 Die beheerliggaam en / of die hoof en / of sy / haar volmagtigde, behou die reg voor om dissiplinêre stappe teen enige leerder te neem waar die oortreding nie spesifiek in die Gedragskode genoem word nie en wat daarop gemik is om die goeie orde, dissipline en die opvoedingsproses in die skool omver te werp.

11.6 Verklikkers(“Whistle blowers”): aanmelding van oortredings / wangedrag

11.6.1 Verklikkers / aanmelders se optrede kan voorkom dat ‘n leerder sy / haar lewe in gevaar stel, of in ‘n lae morele toestand verval, of die skool se goeie naam en eer (en gevolglik die van die skoolgemeenskap) in party gevalle onherstelbare skade - wat eers na talle jare weer in ere herstel kan word – berokken word.

11.6.2 Indien ‘n verklikker se naam dus bekend raak, stel hy / sy hom bloot aan intimidasie, teistering, afknouery en dreigemente en selfs afkeur van opvoeders, ouers / voogde en verál die ouers /voogde van “oortreders” wat verkla is. Daarom moet die identiteit van ’n verklikker ten alle koste beskerm en vertroulik hanteer word.

11.6.3 Vertroulikheid moet ten alle koste gehandhaaf word indien verklikkers met inligting na vore kom wat daarop dui dat ernstige oortredings of wandade gepleeg is of beplan word om gepleeg te word. Daarom is dit ‘n werklik ernstige oortreding indien iemand ‘n verklikker teister, dreig met enige aksie om sy / haar liggaam of goeie naam te skaad, intimideer, aanrand of in enige opsig beledig.

11.6.4 Aan die ander kant moet die hoof, opvoeders en leerderleiers daarop bedag wees dat wraakgierige en valse aantygings nie deur verklikkers gemaak word nie, wat daarop gemik is om enige leerder in ‘n swak lig te stel of om die verklikker se saak te bevoordeel, indien hy / sy betrokke is by enige wangedragondersoek . Indien bewerings as ongegrond bewys is, moet die verklikker dienooreenkomstig ingelig word en mag hy / sy addisionele getuienis aanbied of roep om die bewering/s te staaf of moet hy / sy gewaarsku word teen die aflegging van valse verklarings of bewerings.

11.6.5 Alle sake wat deur verklikkers aanhanging gemaak word, sal eers deur die hoof of ’n ander persoon deur hom aangewys, ondersoek word, waarna ’n aanbeveling aan die beheerliggaam gemaak sal word indien die saak van so ’n ernstige aard is dat formele dissiplinêre verrigtinge ingestel moet word.

11.6.6 In alle gevalle mag die verklikker deur sy / haar ouer of ’n ander volwasse persoon wat deur die ouer / voog aangewys is, bygestaan word, veral as dit mag blyk dat die verklikker ’n ooggetuie was van ’n oortreding en sy / haar verklaring daartoe kan lei dat sy / haar identiteit rugbaar mag word en mag hy / sy deur ’n tussenganger getuig indien dit nodig mag blyk in terme van Artikel 8(7) en (8) van die SASW.

11.7 Leerdes se regte tydens enige dissiplinêre proses:

11.7.1 Indien ‘n leerder van ‘n ernstige oortreding aangekla word wat lei tot ’n dissiplinêre gesprek / tribunaal, het hy / sy die reg:

a) om sy / haar saak te stel gedurende dissiplinêre verrigtinge;
b) om deur ’n volwasse persoon van keuse bygestaan te word, wat deur die ouer(s) daartoe skriftelik gemagtig is;
c) om ’n skriftelike verslag vooraf by die hoof / dissiplinehoof / adjunkhoof in te dien wat deel word van die rekord wat die saak uitmaak;
d) om in voldoende besonderhede van die beskuldiging / aanklag verwittig te word;
e) dat die klagte soos vervat in die klagstaat, aan hom / haar deur die adjunkhoof / dissiplinehoof / hoof verduidelik word sodat hy / sy die klagte/s ten volle verstaan voor die dissiplinêre gesprek / tribunaal ’n aanvang neem;
f) om die rede vir ’n onttrekking uit alle skoolaktiwiteite (indien van toepassing) in afwagting van ’n dissiplinêre gesprek / tribunaal te verstaan;

g) om skriftelik / elektronies ingelig te word van die datum, tyd en plek van die dissiplinêre gesprek / tribunaal;
h) op sy / haar regte;
i) om genoeg tyd te hê (minimum van vyf skooldae) om ‘n verweer voor te berei;
j) op ‘n snelle proses, sonder enige onredelike vertragings;
k) dat die besonderhede wat in die gesprek / tribunaal openbaar gemaak word, uiters vertroulik sal wees en die verhoor *in camera* sal plaasvind;
l) om getuies te roep en getuies tydens die verrigtinge te ondervra;
m) om bygestaan te word deur een of albei van sy/haar ouer(s)/voog(de) of ’n ander volwasse persoon wat deur die ouer(s) daartoe skriftelik gemagtig is indien die klag van so ‘n aard is dat dit mag lei tot onttrekking uit alle skoolaktiwteite, met dien verstande dat geen ander persoon die leerder mag verteenwoordig nie, tensy die beheerliggaam geregverdige betoog kan lewer waarom die saak moet voortgaan in die afwesigheid van die ouer(s) of ’n persoon deur die ouers gemagtig. (Sien artikel 8(6) van die SASW);
n) om onskuldig geag te word, te swyg en nie gedurende verrigtinge te getuig of verklarings te maak nie;
o) om nie self-inkriminerende getuienis af te lê of verklarings te maak nie;
p) om getuies te roep en getuies te ondervra en skriftelike en ander bewyse tydens die verhoor te besigtig;
q) om van die uitslag van die bevindinge van die dissiplinekomitee op skrif voorsien te word asook van die sanksie en die redes vir die sanksie opgelê;
r) om appèl aan te teken by die voorsitter van die beheerliggaam na dissiplinêre gesprekke of by die departementshoof van die Departement na skuldigbevinding tydens ’n tribunaal. Indien die klag van so ‘n aard is dat dit tot ’n aanbeveling van permanente uitsetting gelei het, moet die appèl ingevolge die regulasies wat deur die Gauteng Departement van Onderwys uitgereik is, geskied;
s) om te versoek dat een of albei ouers / voogde of ’n persoon deur die ouers gemagtig, teenwoordig mag wees om die proses te monitor tydens die verhoor;
t) Ingeslyks en omgekeerd het ‘n verontregde party ook dieselfde regte.

11.8 Die "Audi-Alterem Partem"-reël (Natuurlike Reg)

11.8.1 Die disssiplinêre verhoorproses is daar om die korrekte feite vas te stel deur die toepassing van die audi alterem partem-reël. Die voorsitter van die dissiplinekomitee en die hoof of sy / haar gemagtigde moet sorg dra dat die audi alterem partem-reël (dit is die reg van alle partye om aangehoor te word) tydens alle dissiplinêre optredes eerbiedig word en dat die regte van alle partye erken, beskerm en eerbiedig word.

11.9 Aanhoor van kollektiewe wangedrag:

11.9.1 Die dissiplinêre optrede soos in hierdie en verwante beleide en gedragsreëls van die skool omskryf, is hoofsaaklik van toepassing op individulele leerders.

11.9.2 Bewerings van wangedrag of oortreding van die Gedragskode en -reëls deur 'n groep of groepe leerders waar soortgelyke oortredings begaan is, vorm deel van kollektiewe of gesamentlike misdrywe.

11.9.3 Wangedrag mag op 'n kollektiewe basis hanteer word. 'n Enkele ondersoek en dissiplinêre verhoor mag gehou word onderhewig aan die beginsels hierbo vermeld en mag deur die skool se dissiplinekomitee binne konteks aangepas word waar dit nodig mag blyk.

11.9.4 In 'n kollektiewe dissiplinêre verhoor sal individuele leerders die kans gegun word om hulle saak te stel of getuienis te lewer voor die dissiplinekomitee van die skool, of getuienis aan te bied waarom hulle saak verskil van die ander leerders in die groep of groepe.

11.9.5 Die hoof behou die reg voor om aan te bevel dat individuele of kollektiewe gedragsprosedures toegepas word waar dit onder omstandighede as gepas geag word.

11.10 Samestelling / aanstelling van die dissiplinekomitee en bevoegdhede:

11.10.1 Die beheerliggaam stel die dissiplinekomitee aan. Die voorsitter van dié komitee moet 'n lid van die beheerliggaam wees of 'n gekoöpteerde lid wat kwalifiseer om 'n lid of gekoöpteerde lid van die beheerliggaam en / of sy komitees te wees.

11.10.2 Die dissiplinekomitee sal die bevoegdheid hê om die dissiplinêre verhoor / gesprek namens die beheerliggaam te behartig en af te handel, so volledig asof dit deur die beheerliggaam self gedoen is en sal geregtig wees daarop om alles te doen wat die beheerliggaam kragtens toepaslike wetgewing mag doen, wat insluit die oplegging en afdwinging van enige sanksiemaatreël en die aanbeveling van uitsetting aan die DH.

11.10.3 Hierdie oordrag van bevoegdheid belet egter nie die beheerliggaam om sodanige bevoegdhede self uit te oefen nie. ‘n Besluit van die dissipline- komitee word dus geag ‘n besluit van die beheerliggaam te wees.

11.10.4 Die dissiplinekomitee mag slegs die gesag uitoefen waarvoor dit saamgestel is binne die raamwerk van die skool se beleide en die wetgewing wat op die skool betrekking het. Die magte van die komitee mag nie vir bedekte redes gebruik word nie.

11.10.5 Die dissiplinekomitee is ‘n administratiewe tribunaal met die uiteindelike oogmerk van opvoeding en rehabilitasie van leerders en die verrigtinge vind plaas ingevolge die administratiewe reg en is nie ‘n “mini-hofsaak” nie.

11.10.6 In die algemeen is administratiewe tribunale nie gebonde aan die “streng” bewysreëls soos nodig in howe nie en kan hulle spoedig ‘n besluit neem met inagneming van die bewyse en getuienis wat aan hulle voorgehou word. Maar die minimum standaarde van bewyse moet nagekom word as geregtigheid moet geskied, want administratiewe tribunale is onderhewig aan die reël van ‘n oorwig van waarskynlikhede nadat alle getuienis in ag geneem is.

11.10.7 Alle dissiplinêre verhore en die dissiplinêre prosesse van die skool moet geskied ingevolge die beginsels van administratiewe geregtigheid. Sentraal tot die dissiplinêre verhoor, is die finale besluit wat die komitee moet neem binne die wetlike raamwerk van hulle taakopdrag wat voortspruit uit verskeie stukke wetgewing wat die dissplinêre proses van die skool reël.

11.11 Aanstelling van ’n tussenganger vir leerdergetuies / slagoffers tydens ’n verhoor:

11.11.1 Indien enige dissiplinêre verrigtinge hangend is voor die dissiplinekomittee en dit blyk dat enige getuie onder die ouderdom van agtien jaar aan oormatige geestelike stres of lyding blootstel sal word indien hy / sy voor die komitee sou getuig, mag die beheerliggaam of die komitee, indien dit haalbaar is, ’n bevoegde persoon aanwys om as tussenganger op te tree en deur bemiddeling van die tussenganger sy / haar getuienis lewer.

11.11.2 Geen ondervraging en / of kruisondervarging van sodanige getuie mag direk gedoen word nie, maar moet deur die bemiddeling van die tussenganger geskied.

11.11.3 Indien die beheerliggaam of die komitee 'n tussenganger aanwys, mag die beheerliggam of komitee opdrag gee dat die getuie sy / haar getuienis lewer by enige plek wat:

a) informeel ingerig is om die getuie op sy / haar gemak te plaas;
b) op so 'n wyse ingerig is dat enige persoon wie se teenwoordigheid die getuie mag ontstel, buite sig en hoorafstand is van die aangeklaagde leerder / persoon;
c) die beheerliggaam en / of komitee enige ander persoon wie se teenwoordigheid nodig is vir die verrigtinge, in staat stel om die getuie en / of tussenganger te kan hoor deur middel van die gebruik van enige elektroniese of ander toerusting gedurende die aflegging van die getuie se getuienis (Artikel 8(9) van die SASW).

11.12 Pleit-en-vonnis-ooreenkoms:

11.12.1 Die aangeklaagde leerder kan die dissiplinêre prosedure verkort deur 'n pleit-en-vonnis-ooreenkoms met die aanklaer / getuienisleier te sluit, wat dan verhoed dat die leerder onderwerp word aan 'n dissiplinêre verhoorproses. Sodanige ooreenkoms moet deur die dissiplinekomitee bekragtig word alvorens dit afdwingbaar is en sanksie uitspreek kan word.

11.13 Faktore wat in ag geneem moet word by oorweging van die mees toepaslike sanksie:

11.13.1 Tydens die formele dissiplinêre verhoor (tribunaaal) moet die volgende in ag neem word met die oplegging van 'n gepaste sanksie:

a) ouderdom en ontwikkelingsfase ('n dertienjarige en 'n agtienjarige kan nie dieselfde hanteer word nie);
b) houding t.o.v. skoolwerk en medeleerders;
c) dissiplinêre rekord ter verswaring aangebied deur die getuienisleier en bereidheid tot verandering;
d) die leerder se redes vir die oortreding;
e) het die leerder blatant nie die waarheid gepraat nie;
f) die leerder se berou vs selfbejammering en gewilligheid om die oortreding reg te stel. (Alhoewel hierdie aspek 'n subjektiewe siening van die dissiplinekomitee tot gevolg mag hê);
g) tipe wangedrag en die omvang daarvan;
h) relevante sosio-ekonomiese en maatskaplike omstandighede van die leerder;
i) die effek / impak wat die oortreding op ander leerders se lewens en omstandighede gehad het;
j) die frekwensie / herhalende aard van die oortredings;
k) die omvang van skade en verlies veroorsaak deur die aangeklaagde leerder(s) se optrede;

l) die belange van al die ander leerders in die skoolgemeenskap vs die belange van die aangeklaagde leerder.

## 12 SKEDULE 1-OORTREDINGS (Ernstige wangedrag wat tot onttrekking uit alle skoolaktiwiteite mag lei)

12.1 (Sien Bylaag 1 van Algemene Kennisgewing 6903 van 2000 (Gauteng) soos afgekondig in Provinsiale Koerant 144 van 4 Oktober 2000 soos gewysig deur Algemene Kennisgewing 2591 van 2001 (Gauteng) soos afgekondig in Provinsiale Koerant 72 van 9 Mei 2001)

12.2 Die ouer / voog en die leerder (bygestaan deur die ouer / voog) gesamentlik en afsonderlik:

12.2.1 neem kennis;
12.2.2 stem saam;
12.2.3 aanvaar;
12.2.4 en kom ooreen met die skool dat die leerder ‘n skedule 1-oortreding pleeg indien hy / sy sonder geldige verskoning:

a) hom / haar aan ‘n oortreding soos uiteengesit in paragraaf 13.2 skuldig maak en reeds by vorige geleenthede dieselfde of ‘n soortgelyke oortreding begaan het;

b) hom / haar aan die volgende skedule 1-oortredings skuldig maak en die hoof van oordeel is dat ’n formele dissiplinêre verhoor / gesprek soos in Algemene Kennisgewing 6903 van 2000 (Gauteng), afgekondig in Provinsiale Koerant 144 van 4 Oktober 2000 en gewysig deur Algemene Kennisgewing 2591 van 2001 (Gauteng), afgekondig in Provinsiale Koerant 72 van 9 Mei 2001 bedoel, nie aangewese of nodig is nie.

12.2.5 bedreiging, ontwrigting, frustrering of verydeling van die onderrig- of leerproses (insluitend benadeling van ander leerders in die leerproses);
12.2.6 sameswering of meedoen om die behoorlike funksionering van die skool deur kollektiewe optrede te ontwrig;
12.2.7 aantasting van ‘n ander leerder en / of persoon se menswaardigheid, belediging van enige leerder en / of persoon, belastering of die maak van rassistiese aanmerkings en / of haatspraak en / of xenofobie;
12.2.8 ‘n toets, vraestel of eksamenmateriaal wat enige persoon in staat mag stel om ‘n onbillike of onregverdige voordeel in ‘n toets of eksamen te verkry, besit of versprei;
12.2.9 in ‘n toets of eksamen of enige ander vorm of wyse van assessering – soos werkopdragte - kul of in die besit van ’n selfoon / elektroniese toestel / enige notas wat as hulp gebruik kan word tydens ’n eksamen, toets of enige assesseringsproses, betrap sou word;
12.2.10 enige handeling van openbare onsedelikheid verrig;

12.2.11 enige ander persoon seksueel teister;
12.2.12 in besit gevind word van pornografiese materiaal of dit versprei;
12.2.13 onder die invloed van alkohol is;
12.2.14 in besit is van alcohol;
12.2.15 vervalsing van ’n dokument of handtekening;
12.2.16 handel dryf in ’n toets- of eksamenvraestel of toets- of eksamenmarteriaal;
12.2.17 bedrog;
12.2.18 diefstal of ander oneerlike optrede;
12.2.19 besit van ’n gevaarlike wapen;
12.2.20 aanranding of dreigement van aanranding;
12.2.21 beskadiging van eiendom;
12.2.22 ’n swak beeld van die skool of van hom- / haarself of sy / haar gesin na buite uitdra;
12.2.23 op die skoolterrein, in ‘n skoolbus, tydens skoolaktiwiteite of in die openbaar in skooldrag rook;
12.2.24 ‘n toelatingsvereiste of -voorwaarde vir verkiesing tot ’n span of groep verbreek;
12.2.25 enige personeellid, afrigter, skeidsregter, lynregter, beampte, beoordelaar, leerder of enige ander persoon intimideer, dreig, lastig val, teister of boelie;
12.2.26 enige onwelvoeglike handeling op die skoolterrein of in skoolverband verrig of aan sodanige optrede deelnee;
12.2.27 enigsins op die skoolterrein en / of in skoolklere of by ‘n skoolaktiwiteit betrap word waar hy / sy rook of met rokers geassossieer word;
12.2.28 ‘n handeling verrig wat die skool se naam en etos sal of mag benadeel, wat mag insluit maar nie beperk is nie tot :

a) skuldigbevinding aan ‘n kriminele oortreding wat in skoolverband of buite skoolverband of tydens ‘n skoolaktiwiteit gepleeg is; ** Nota: Onthou, die skool mag nie ‘n kriminele saak maak teen ‘n leerder maak nie, maar mag dit aanmeld by SAPD wat moet besluit of die saak verder gevoer moet word;
b) in die openbaar, hetsy op die skoolterrein of daarbuite, fisies baklei of in ‘n verbale onderonsie / argument betrokke is wat moontlik tot aanranding of ‘n fisiese geveg / besering kan lei en wat tot oneer en skade aan die skool se goeie naam en reputasie kan lei;
c) openbaring van onsportiewe gedrag;

d) die persoon of menswaardigheid van enige personeellid, afrigter, skeidsregter, lynregter, beampte, beoordelaar, leerder of enige ander persoon aantas deur so ’n persoon te vloek, kru, vuil of skeldtaal teenoor hom / haar te besig, te teister, sy of haar gesag te ondermyn, enige ander onaanvaarbare handeling te verrig, mededeling te maak of skriftelike of elektroniese kommunikasie tot hom / haar te rig;

e) swak gedrag teenoor ’n personeellid, afrigter, skeidsregter, lynregter, beampte of beoordelaar openbaar;

f) sonder toestemming vir ‘n skooldag, verpligte klas, ekstra klas, tiende periode, blokklas, periode of gedeelte van ’n periode, oefening, wedstryd, kompetisie of optrede afwesig is (stokkiesdraai);

g) weier of versuim om aan ‘n straf- of korrektiewe maatreël, anders as onttrekking uit alle skoolaktiwiteite wat ingevolge hierdie kode opgelê is, te voldoen, dit te ondergaan of uit te voer;

h) alkohol op die skoolterrein, in skoolbusse, tydens skoolaktiwiteite of in skooldrag in die openbaar besit en / of gebruik, en / of ander leerders voorsien en / of aan ander leerders verkoop, of vir ander leerders bewaar of waar hy / sy alkohol gebruik en dit op ‘n sosialemediaplatvorm / -toepassing waargeneem kan word.

i) aggressief teenoor ’n ander leerder of enige ander persoon optree;

j) in besit is van ’n gevaarlike voorwerp anders as ’n gevaarlike wapen;

k) sy / haar eie of enige ander persoon se veiligheid in ’n tegnologiese sentrum, klas of lokaal, op die skoolterrein, in ’n skoolbus of tydens enige skoolaktiwiteit, in gevaar stel of versuim om op enige opdrag, aanspreking of teregwysing wat met sy / haar eie veiligheid of die veiligheid van ander verband hou, ag te slaan;

l) ontgroenings- of inisiasiepraktyke organiseer of daaraan deelneem;

m) ’n fiets, motorfiets of motor op ’n roekelose, onverskillige of onbedagsame wyse op die skoolterrein bestuur of hanteer of sonder die nodige leerling- / bestuurderslisensie met ‘n motorfiets of motor op skoolterrein sou bestuur;

n) sonder toestemming ’n selfoon buite toegelate tye hanteer, aanskakel en / of gebruik;

o) stimulante, opkikkers, anaboliese steroïede of ander gevaarlike middels op die skoolterrein besit, gebruik of versprei.

12.3 Indien die leerder hom / haar aan die genoemde wangedragsoortredings in paragraaf 12.2 skuldig maak en reeds by vorige geleenthede dieselfde of ‘n soortgelyke oortreding begaan het, kan dit ‘n skedule 2-oortreding word en / of tot onttrekking uit alle skoolaktiwteite lei.

## 13 SKEDULE 2-OORTREDINGS (Ernstige wangedrag wat tot onttrekking uit alle skoolaktiwiteite mag lei)

13.1 Sien Bylae 2 van Algemene Kennisgewing 6903 van 2000 (Gauteng) soos afgekondig in Provinsiale Koerant 144 van 4 Oktober 2000 soos gewysig deur Algemene Kennisgewing 2591 van 2001 (Gauteng) soos afgekondig in Provinsiale Koerant 72 van 9 Mei 2001).

13.2 Die ouer / voog en die leerder (bygestaan deur die ouer / voog) gesamentlik en afsonderlik moet kennis neem en ooreenkom dat die leerder hom / haar aan ernstige wangedrag wat tot onttrekking uit alle skoolaktiwteite mag lei, skuldig maak indien hy / sy:

13.2.1 aan ’n skedule 1-oortreding skuldig bevind word en reeds by twee vorige geleenthede aan dieselfde of ‘n soortgelyke oortreding skuldig bevind is;
13.2.2 versuim om aan ‘n straf van onttrekking uit alle skoolaktiwteite wat as korrektiewe maatreël opgelê is, te voldoen;
13.2.3 enige dokument of handtekening vervals wat tot potensiële of werklike nadeel van die skool mag lei;
13.2.4 in ‘n toets- of eksamenvraestel of in enige toets- of eksamenmateriaal handel dryf;
13.2.5 enige persoon omkoop of poog om so ‘n persoon om te koop in verband met enige toets of eksamen ten einde vir hom- of haarself of vir enige ander persoon ‘n onbillike of onregverdige voordeel daarin te verkry;
13.2.6 bedrog pleeg of poog om bedrog te pleeg;
13.2.7 diefstal of die onwettige besit van ander se eiendom;
13.2.8 in besit is van enige onwettige / verbode of ander skadelike middel of stof, òf dit gebruik òf daarin handel dryf;
13.2.9 in besit is van narkotiese of ongemagtigde dwelmmiddels of dit gebruik of versprei of waar daar sigbare bewys van sodanige besit, gebruik of verspreiding bestaan;
13.2.10 in besit is van enige gevaarlike wapen;
13.2.11 enige ander persoon / e aanrand of dreig om hom / haar aan te rand (insluitend onderrig- en nie-onderrigpersoneel);
13.2.12 enige persoon gyselaar hou;
12.2.13 ‘n persoon vermoor;

13.2.14 'n persoon verkrag òf enige seksuele daad wat regtens 'n misdryf sal uitmaak, verrig òf intimidasie verrig om seksuele dade te pleeg;
13.2.15 eiendom opsetlik beskadig.

## 14 DISSIPLINêRE EN / OF KORREKTIEWE MAATREëLS EN / OF SANKSIEBEPALINGS

14.1 Korrektiewe maatreëls:

14.1.1 Die leerder attent maak op sy / haar optrede en die feit dat hy / sy 'n oortreding begaan het.
14.1.2 Onmiddellike verwydering van ongeoorloofde klere, grimering/vals oogwimpers of juwele of herstel van voorkoms, bv. hemp insteek en konfiskering van juwele.
14.1.3 Beslaglegging op ongemagtigde items of voorwerpe. Selfone en elektroniese speletjies / toerusting word ingeneem en sal vir een week in die kluis bewaar word. Na dié week kan die betrokke leerder dit weer ontvang.
LW: Slegs dié leerder se ouer / voog mag die selfoon of elektroniese speletjie / toerusting voor die verstryking van die week in ontvangs neem (uitteken). By ontvangs van die selfoon / elektroniese speletjie / toerusting moet die ouer of die leerder 'n boete van R 100.00 betaal.
14.1.4 Mondelinge aanspreking, vermaning of teregwysing.
14.1.5 Mondelinge waarskuwing.
14.1.6 Konstruktiewe bykomende huiswerk of ander werkopdragte.
14.1.7 Geringe vorm van verpligte gemeenskapsdiens soos om die klaskamer uit te vee, rommel op te tel, banke te skuur, bossies uit te trek, terrein skoon te maak, ens.
14.1.8 Aanmelding, rekordering en gepaardgaande toekenning van negatiewe / kredietpunte.
14.1.9 Ontneming van pouses.
14.1.10 Gebruik van sluitkassie kan opgeskort word sonder die terugbetaling van huurgelde.
14.1.11 Wanneer 'n leerder die tweede keer in een skooljaar erken dat hy / sy op die skoolterrein / en / of in skoolklere / by 'n skoolaktiwiteit gerook/gevape het, word die ouer/voog hieroor in kennis gestel.
'n Derde oortreding kan lei tot beëindiging van sy / haar skoollidmaatskap.
Indien 'n leerder in 'n klas vape/rook word die leerder onmiddellik vir drie dae uit alle skoolaktiwteite onttrek.

14.2 Dissiplinêre gesprek:

14.2.1 Leerder attent maak op sy / haar optrede en die feit dat hy / sy ‘n oortreding begaan het met gepaardgaande motivering om te verbeter.

14.2.2 Konstruktiewe, bykomende huiswerk of ander werkopdragte.

14.2.3 Geringe ontsegging van voorregte soos bv. verbod op dra van JV-drag vir ‘n bepaalde tyd.

14.2.4 Toekenning van ‘n JV-paspoort.

14.2.5 Toekenning van ‘n kontrak geldig vir drie, ses of nege maande.

14.2.6 Ontneming van pouses.

14.2.7 Ontsegging van voorregte soos bloktyd en deelname aan sekere aktiwiteite vir matrikulante; ontsegging van deelname aan “40 Days” / matriekafskeid /day-night-krieketreeks.

14.2.8 Bywoon van die Wonderligprojek.

14.2.9 Aanbeveling vir sessies by ’n skoolsielkundige / sielkundige van eie keuse.

14.2.10 Proses van ses maande van monitering van verbodemiddelgebruik.

14.2.11 Aanbeveling vir inskakeling by ‘n rehabilitasieprogram by ‘n geakkrediteerde dwelminstansie vir toelating op die skoolterrein.

14.3 Formele interne dissiplinêre verhoor (tribunaal)

14.3.1 Ingevolge die bepalings uiteengesit in Gauteng LUR vir Onderwys se kennisgewing getiteld “Misconduct of Learners at Public Schools and Disciplinary Proceedings”, Algemene Kennisgewing 6903 van 2000 (Gauteng) soos afgekondig in Provinsiale Koerant 144 van 4 Oktober 2000 soos gewysig deur Algemene Kennisgewing 2591 van 2001 (Gauteng) soos afgekondig in Provinsiale Koerant 72 van 9 Mei 2001.

14.3.2 Ontsegging van voorregte soos bloktyd en deelname aan sekere aktiwiteite vir matrikulante; ontsegging van deelname aan “40 days” / day-night-krieketreeks / matriekafskeid.

14.3.3 Herstellende geregtigheid (“restorative justice”) wat insluit:

a) aanbied van ‘n apologie;
b) betaling van skadevergoeding;
c) dienslewering;
d) voldoen aan ‘n dwelmrehabilitasieproses.

14.3.4 Uitsetting: Skriftelike aanbeveling deur die beheerliggaam aan die Departementshoof van Onderwys van Gauteng vir permanente uitsetting uit die skool nadat die leerder skuldig bevind is tydens die dissipplinêre verhoor.

14.3.5 Bywoning van ‘n toepaslike opleidingsprogram op koste van ouers / voogde.

14.3.6 Verwysing vir assessering deur ’n maatskaplike werker, sielkundige of ander deskundige en / of toetsing vir enige dwelmmiddel of verbode middels op koste van die ouers / voogde.

14.3.7 Bywoning van remediëringsessies, voorligtingsessies, berading, terapie, behandeling of ‘n rehabilitasieprogram op koste van die ouers / voogde. Sanksies moet wettig, regverdig en billik wees.

14.3.8 Tydelike onttrekking uit alle skoolaktiwiteite (maksimum van sewe dae aaneenlopend).

## 15 DEURSOEKING EN BESLAGLEGGING

15.1 Sien ook Artikel 8A van die SASW en ander verwante beleide van die skool.

15.2 Ewekansige deursoeking vir en beslaglegging op verbode middels, sigarette, “vapes”, e-sigarette, alkohol en gevaarlike voorwerpe.

15.2.1 Niemand mag 'n gevaarlike voorwerp of 'n onwettige dwelmmiddel, medikasie van enige aard of enige middel wat toksies is of ‘n chemikalie is, op die skoolperseel inbring of sodanige voorwerp of dwelmmiddel op die skoolperseel, of tydens enige skoolaktiwiteit, in sy of haar besit hê nie, tensy die hoof dit vir wettige, opvoedkundige doeleindes gemagtig het.

15.2.2 Die hoof of sy / haar gedelegeerde mag enige groep leerders, of die eiendom van 'n groep leerders, ewekansig vir enige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel / voorwerp deursoek, indien 'n regverdige en redelike vermoede vasgestel is.

15.2.3 Die hoof of sy / haar gedelegeerde mag ook die SAPS versoek om op enige stadium, indien daar ‘n redelike vermoede bestaan daarvoor, leerders se tasse, eiendom, sluitkassies en persoon te laat deursoek met snuffelhonde, sonder vooraf kennisgewing aan enige leerder, ouer/voog en / of opvoeder na oorlegpleging met die voorsitter van die beheerliggaam.

15.2.4 Die genoemde deursoeking mag gedoen word slegs na inagneming van al die tersaaklike faktore, insluitende:

a) die beste belang van die betrokke leerders of van enige ander leerder(s) by die skool;
b) die veiligheid, sekuriteit en gesondheid van die betrokke leerders of van enige ander leerder(s) by die skool;
c) alle tersaaklike bewyse wat ontvang is of vermoedens wat bestaan.

15.2.5 Indien die hoof of sy / haar gedelegeerde 'n beoogde deursoeking doen, moet hy of sy dit doen op 'n wyse wat redelik is en wat in verhouding staan tot die vermeende / gepleegde onwettige of ongeoorloofde daad.

15.2.6 Indien daar ‘n redelike vermoede of voldoende inligting bestaan dat gesteelde goedere / eiendom, gevaarlike wapens, vuurwapens of voorwerpe wat ander kan beseer, verbode middels / voorwerpe, dwelms of ‘n skadelike gevaarlike middel, pornografiese materiaal of items / goedere wat teenstrydig met die Gedragskode op die skoolterrein gebring is deur ‘n leerder of in ‘n leerder se besit is tydens enige skoolaktiwiteit, het die hoof of sy / haar gemagtigde(s) die reg om die leerder se tas, sak, kledingstukke of enige ander houer te deursoek en beslag te lê op sulke items. Sodanige deursoeking of visentering mag nie voor ander leerders plaasvind nie, maar in 'n privaatarea, waar 'n ander leerders dit nie kan sien nie, tensy omstandighede dit nie toelaat nie en dan moet dit so menswaardig en met die nodige respek en waardigheid teenoor die leerder se liggaam, besittings, geloof en ras geskied.

15.2.7 Die deursoeking en / of visentering mag slegs gedoen word deur die hoof en / of sy / haar gemagtigde wat skriftelik daartoe gemagtig is, wat van dieselfde geslag as die leerder moet wees en mag net gedoen word as dit nie 'n deursoeking van 'n liggaamsholte van die leerder(s) insluit nie. Andersins moet die verdagte leerder aan die SAPS oorhandig word vir verdere deursoeking.

15.2.8 Los kledingstukke soos baadjies, en ander, wat sakke het, moet deur die leerder op aanvraag uitgetrek word en mag deursoek word indien daar ‘n sterk vermoede is dat die leerder enige verbode item in sy besit het en dat dit in die kledingstukke se sakke versteek word. Geen hemde, broeke wat die eerste laag kledingstukke is, mag uitgetrek word nie. Skoene en sokkies mag uitgetrek en deursoek word.

15.2.9 Indien 'n leerder 'n pet, hoed of ander hoofbedekking / -tooisel op het, moet hy / sy dit op versoek afhaal en die binnekant aan die gemagtigde persoon wat die versoek rig, toon. Die hoof of gemagtigde(s) mag die hoofbedekking neem en deursoek. Die persoon wat die deursoeking doen, mag aan die leerder se hare vat en voel of daar enige voorwerp daarin versteek is. Dit moet egter op 'n menswaardige wyse geskied.

15.2.10 Leerders moet ook op versoek, indien daar 'n sterk vermoede is dat hulle in besit is van verbode items en / of gevaarlike voorwerpe, hulle kledingstukke se sakke en beursies en / of tasse en / of sakke uitpak en leegmaak en aan die opvoeder toon dat die sak / tas sonder verbode items is. Die opvoeder mag, nadat alles uit die tas / sak gepak is, die sak / en / of tas neem en self seker maak dat dit heeltemal uitgepak en leeg is.

15.2.11 Deursoeking en beslaglegging van leerders se eiendom soos hierbo beskryf, mag in die geval van dogters slegs onderneem word deur 'n vroulike opvoeder - behoorlik skriftelik daartoe gemagtig deur die hoof - en in die geval van seuns, 'n manlike opvoeder wat behoorlik daartoe skriftelik gemagtig is deur die hoof. 'n Tweede opvoeder of volwassene van dieselfde geslag moet teenwoordig wees om as getuie op te tree dat die proses ingevolge die voorskrifte soos hierbo genoem, plaasvind en dat dit op 'n menswaardige wyse geskied.

15.2.12 Indien 'n verbode item by 'n leerder opgemerk word, het die hoof en / of sy / haar gemagtigde (s) die reg om die item by 'n leerder af te neem en sal dit slegs aan die leerder se ouers / voogde oorhandig of vernietig word, indien die oortreding van 'n minder ernstige aard is. Dit moet in die verbode-itemregister (SASPAC) aangeteken word.

15.2.13 Indien dit 'n item is wat verbind kan word met die oortreding van 'n wet of regulasie van die owerhede, òf die Gedragskode òf enige verwante skoolbeleid, sal dit bewaar word en mag dit aan die polisie as 'n bewysstuk oorhandig word en foto's daarvan wat as bewys kan dien by 'n dissiplinêre verhoor welke foto op die skool se rekenaarstelsel afgelaai sal word vir bewaring en gerugsteun word.

15.2.14 As dit nie 'n gevaarlike wapen / onwettige middel is nie, sal dit verbeurd verklaar word (soos tabakprodukte, sigaretaanstekers, vuurhoutjies, e-sigarette / toestelle en verwante chemikalieë, alkoholiese produkte) en mag dit deur die skool vernietig word en so in die verbode-itemregister aangeteken word. Geen persoon mag dit in besit neem nie.

15.2.15 Enige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel waarop daar beslag gelê is, moet duidelik en korrek gemerk word met volle besonderhede, insluitende:

a) die naam van leerder in wie se besit dit gevind is;
b) die tyd en datum van deursoeking en beslaglegging;
c) 'n voorvalverwysingsnommer (soos op SASPAC gerekordeer);
d) die naam van persoon wat die leerder deursoek het;
e) die naam van die getuie;
f) enige ander besonderhede wat nodig kan wees om die item en voorval / insident te identifiseer;
g) in die skool se rekordboek aangeteken word en
h) sodanige objek moet onmiddellik aan die SAPD oorhandig word om daaroor te beskik ingevolge artikel 31 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977).

15.2.16 Indien die SAPD die gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel nie dadelik by die skool kan afhaal nie, moet die hoof of sy of haar gedelegeerde die SAPD versoek om dit te kom afhaal en rekord hou van sulke versoeke.

15.2.17 Die gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel aan die Polisie oorhandig om daaroor te beskik ingevolge artikel 31 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977). Die polisiebeampte wat die gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmiddel in besit neem, moet 'n amptelike kwitansie daarvoor aan die hoof of aan sy/haar gedelegeerde oorhandig.

15.2.18 Deursoekings en beslagleggings waarby wettige buitepersone / wetstoepassers / agentskappe (nieskool), wettige snuffelhonde en / of opsporingstoestelle betrokke is, word toegelaat en sal gedoen word waar toepaslik, deur die skoolowerhede.

15.3 Veilige bewaring van gekonfiskeerde items en items waarop beslag gelê is:

15.3.1 Sodra enige onwettige items wat aan 'n leerder behoort of in die leerder se besit of besittings (bv tas / sluitkas) gevind is, moet dit gefotografeer of met video afgeneem word - met toepaslike kommentaar.

15.3.2 Dit moet dan in 'n koevert of houer geplaas word en met die leerder se naam, graad, beskrywing van die voorwerp en datum van beslaglegging gemerk word en in die beslagleggingsregister aangeteken word en dan in die skool se instapkluis, waartoe geen leerder toegang het nie, bewaar word.

15.3.3 Alle redelike stappe sal getref word om te verseker dat die berging van sodanige items veilig is, maar alle gekonfiskeerde items word op die leerder se risiko in die kluis geplaas en die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlies of skade van enige aard nie, aangesien dit as 'n onwettige item beskou word of 'n item wat teenstrydig met die skool se Gedragskode en reëls gebruik of aangewend is.

15.3.4 Sommige items sal die skool hanteer in terme van die voorsiening van die SASW en verwante wetgewing en regulasies, in welke gevalle die skool altyd spesialisadvies sal inwin, byvoorbeeld vermoedelike, onwettige dwelms en voorwerpe / voorwerpe wat as wapens gebruik kan word.

15.3.5 Die skool is daartoe verbind om in samewerking met die Polisie en ander spesialiswetstoepassings- en regeringsinstansies saam te werk om sulke aangeleenthede te hanteer. Die skool sal nie huiwer om toegang tot spesialis-ondersteuning en advies te verkry as daar 'n voorval is wat sodanige ingryping regverdig nie.

15.3.6 Items wat oorweeg kan word vir beslaglegging, sluit onder meer die items wat nie hier gelys is nie, en:

a) enige voorwerp wat 'n bedreiging vir ander inhou, byvoorbeeld 'n laserpen wat gebruik word om ander leerders of personeel se aandag af te lei;
b) enige item / voorwerp / stof wat 'n bedreiging vir die goeie orde vir leer en onderrig in die skool is;
c) enige item strydig met die skoolklere- / kleredrag- en voorkomsreëls;
d) enige item wat 'n gesondheids- of veiligheidsbedreiging inhou vir enige persoon;
e) enige item wat strydig is met die skool se etos, Gedragskode en reëls en / of wat onwettig is vir enige leerder om ingevolge wetgewing en / of die gemenereg in sy / haar besit te wees.

## 16 HUUR EN GEBRUIK VAN 'N SLUITKASSIE ("LOCKER")

16.1 Slegs toerusting / eiendom wat 'n leerder benodig vir die skoolprogram en / of buitemuurse aktiwiteite, mag in die sluitkassie gebêre word.

16.2 Geen ongewenste materiaal, wat teenstrydig is met die skool se reëls en Gedragskode, mag in die sluitkassie gebêre word nie.

16.3 Die sluitkassie mag nie onderverhuur of aan enige ander persoon "geleen" word nie.

16.4 Bederfbare kos of vloeistofhouers wat in die sluitkassie gesit word, mag nie mors of onaangename reuke afgee nie.

16.5 Sluitkassies moet altyd beskikbaar wees om in 'n leerder se teenwoordigheid deursoek te word.

16.6 Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore goedere of enige besittings wat in die sluitkassies gebêre word nie.

16.7 Items wat in die kassies gebêre word, mag slegs voor skool, tydens pouse en na skool in- en uitgehaal word.

16.8 Geen ouers / voogde of enigfe ander persoon of die leerder mag tydens skoolure / forrmele onderrigtyd toerusting of ander eetgoed, ens. in sluitkassies gaan bêre nie.

16.9 Indien 'n leerder die skool verlaat, kan die sluitkassie nie aan 'n medeleerder oorgedra word nie en gelde is nie terugbetaalbaar nie.

16.10 Die sluitkassie moet deurgaans gesluit bly. 'n Kombinasieslot word voorgestel, aangesien sleutels maklik verloor word en die afknip van slotte 'n lastige proses is.

16.11 Die hoof of sy / haar gemagtigde is onder geen verpligting nie, maar mag die hulp van enige lid van die SAPD en ook snuffelhonde inroep tydens sodanige inspeksie / deursoeking.

16.12 Om veiligheidredes word sluitkassies deur die GKT gemoniteer.

16.13 Enige gebreke aan enige sluitkassie moet by die finansiële kantoor aangemeld word en indien nie, sal die huurder verantwoordelik gehou word vir enige skade aan 'n sluitkassie.

16.14 Leerders wat hulle skuldig maak aan wangedrag / rook / drankgebruik en verwante oortredings, se huurooreenkoms kan opgeskort word sonder die terugbetaling van huurgelde.

16.15 Geen leerder mag tydens skoolure (07:30 tot 14:00) sonder wettige toestemming van 'n personeellid by sy/haar sluitkassie wees nie / of goed insit of uithaal nie; ook nie vir 'n ander persoon goed insit of uithaal nie. Leerders mag wel voor skool, pouses en na skool by sy/haar sluitkassie wees om goed in te sit en/of uit te haal.

## 17 OORTREDINGS WAT NIE SPESIFIEK OMSKRYF IS NIE

17.1 Die beheerliggaam en / of die hoof en / of sy / haar gemagtigde behou die reg voor om dissiplinêre stappe teen enige leerder te neem waar die oortreding nie spesifiek in die gedragkode genoem word nie en wat daarop gemik is om die goeie orde, dissipline en die opvoedingsproses in die skool omver te werp.

17.2 MIV/Vigs / TB en leerders wat gestremd is:

17.2.1 Sien ook die skool se VIGS- / TB-Beleid.

17.2.2 Daar mag nie teen 'n leerder wat MIV / Vigs of enigsins gestremd is, op enige gronde gediskrimineer word nie. Dit verhoed nie die skool, die hoof en / of die beheerliggaam om dissiplinêre optredes te neem waar sulke leerders die skool se Gedragskode oortree nie.

17.3 Brandtoerusting

17.3.1 Brandtoerusting is buite perke en dit word as 'n ernstige oortreding beskou as daarmee gepeuter word.

17.4 Satanisme, okkultisme, heksery en "toordery":

17.4.1 Sodanige praktyke word streng verbied - op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteit of buite die skoolterrein.

17.4.2 Die besit of verspreiding van enige artikels, voorwerpe, literatuur oor sodanige onderwerp, asook afpersing, intimidasie, viktimisasie, aanranding of dreigemente van aanranding en enige werwing van ander leerders en of enige ander persoon, sal onder geen omstandighede geduld word nie en is 'n oortreding van die skool se Gedragskode.

17.4.3 Dreigemente om enige iemand te "toor" of met "moetie" of enigiets soortgelyk te intimideer, is 'n skedule 2-oortreding wat verband hou met aanranding of dreig om 'n ander aan te rand en word in 'n baie ernstige lig beskou.

17.5 Beoefening van tradisionele medisyne en verwante aktiwiteite:

17.5.1 Die beoefening van bogenoemde deur enige leerder te enige tyd op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteit op of buite die skoolterrein, sonder die toestemming van die beheerliggaam, word nie toegelaat nie, dit sluit in die verskaffing van enige stof aan enige leerder om in te asem, te eet, te drink, te snuif of op enige ander manier in te neem of op hul liggame aan te wend nie.

17.6 Skooluitstappies en toere / ekskursies:

17.6.1 Sien skool se Ekskursiebeleid.

17.6.2 ‘n Toestemmingsvorm moet deur die ouer / voog voltooi word voordat leerders op ‘n uitstappie mag gaan.

17.6.3 Die skool se Gedragskode is van toepassing tydens alle uitstappies / toere / skool-funksies / skoolaktiwiteite, asook ander veiligheidsreëlings soos bepaal deur die opvoeder in bevel en / of die volwasse persoon wat ’n betrokke aktiwteit aanbied.

17.7 Webblaaie / sosialemediaplatforms:

17.7.1 Sien ook skool se sosialemedia- en POPIA-beleid.

17.7.2 Alle leerders, net soos enige ander persoon, is onderhorig aan die wet op die gebruik van openbare elektroniese sosialeplatforms en -forums.

17.7.3 Leerders mag nie enige persoon, aktiwiteit of die skool op ’n openbare sosialeplatform of enige persoon verbind aan die skool, inkrimineer nie. Hierdie openbare sosiale- platforms sluit in alle sosialenetwerke soos Facebook, Twitter, Instagram, WeChat, Snapchat, Whatsapp, sms, e-pos, Youtube, Tik-Tok en enige ander soortgelyke webblaaie en elektroniese kommunikasieplatforms.

17.7.4 Leerders kan vervolg word as hulle enige negatiewe, afbrekende of inkriminerende aantygings, visuele beelde, klankopnames, boodskappe en / of sketstekste en -beelde op hierdie netwerke plaas en / of versprei na enige persone deur middel van enige elektroniese, digitale toestelle / selfoon en / of ander elektroniese toestel.

17.7.5 Leerders mag geen persoon sonder daardie persoon se toestemming opneem in enige digitale formaat op die skoolterrein en / of in die klaskamer en / of enige skoolaktiwiteit en / of dit op enige sosialeplatform plaas nie.

17.7.6 Die skool se kentekens (logo’s), wapen, skoollied en ander intellektuele eiendom behoort aan die skool en mag nie deur ‘n leerder op enige sosialeplatform, rekord, dokument of rekenaartoepassing gebruik word sonder toestemming van die hoof nie.

17.8 Rekenaarsentrums:

17.8.1 Sien ook beleid oor E-leer en sosialemedia van die skool.

17.8.2 Geen leerder mag sonder die toesig van 'n opvoeder in die sentrums werk nie.

17.8.3 Die klasbeleid en rekenaarsentrumreëls aangaande die gebruik van die skool se rekenaars, moet eerbiedig word om ontsegging van die gebruik te voorkom.

17.9 Bende-aktiwiteite:

17.9.1 Geen leerder mag:

a) aan enige bende-aktiwiteite te enige tyd van die dag of nag op enige deel van die skoolperseel deelneem nie;

b) bende-aktiwiteite /-gedrag op enige wyse bevorder en / of ondersteun nie;

c) enige wapens en / of gevaarlike voorwerpe of verbode items in sy / haar besit hê nie;

d) ander aanhits, aanpor, dwing, afdreig, teister, intimideeer, afknou, aanmoedig of beveel om aan sodanige aktiwiteite deel te neem;

e) by sodanige bende-aktiwiteit aansluit of 'n lid word van 'n bende nie;

f) enige kledingstuk, tatoeëermerk, kenteken en of ander identifikasiemerk / voorwerp dra of aanbring wat bende-aktiwiteite bevorder, dien as werwing of daarmee te kenne gee dat hy of sy lid is van 'n bende nie;

g) aan enige bende-aktiwiteite na en vanaf die skool deelneem nie;

h) op enige skooleiendom, boeke, skrifte of op enige deel van die skool, enige merke, plakkate, prente, voorwerpe en ander identifiserende merke van bendes aanbring of laat aanbring nie;

i) enige kledingstuk, kenteken en of ander identifikasiemerk, voorwerp, boek, brief, nota, prent, tekening, video of ander geskrewe of gedrukte materiaal wat verband hou met enige bende of -aktiwiteite tydens enige skoolaktiwiteit in sy / haar besit hê, van die hand sit, verkoop, verruil, versprei, ten toon stel aan ander persone, wys of beskikbaar stel nie, en / of ander ander aanhits, aanpor, dwing, afdreig, teister, afknou, aanmoedig of beveel om sodanige item aan te skaf of te verkry nie;

17.9.2 Leerders wat teenwoordig is waar bende-aktiwiteite plaasvind - al neem hulle nie aktief deel nie - is ook skuldig aan 'n oortreding.

17.10 Speelgoed / Geskenke:

17.10.1 Leerders mag nie sonder toestemming van die hoof of sy / haar gemagtigde enige speelgoed of geskenke skool toe bring, dit van die hand sit, verkoop, verruil, beskikbaar stel, skenk, gee, ten toon stel, wys of die werking daarvan demonstreer tydens amptelike skoolure of tydens enige ander skoolaktiwiteit nie.

17.10.2 Geskenke mag nie in die vorm van ballonne, enige produkte / dwelmmidels bevat wat ingevolge hierdie kode verbied is nie.

17.11 Rehabilitasie en intervensieprogramme vir leerders:

17.11.1 Die skool aanvaar dat daar ’n verantwoordelikheid rus op die hoof en / of sy / haar gematigdes en ook ouers om te poog om leerders te rehabiliteer wat skuldig is aan ernstige wangedrag, soos rassistiese gedrag, seksuele teistering, substansmisbruik, rook, aanranding, boeliegedrag, immorele dade, kuberboelie, laster van enige aard, diefstal en ander optredes wat ander se menswaardigheid aantas. Sulke rehabilitasie- en intervensieprogramme vir leerders sal na oorlegpleging met ouers en die distriksdirekteur en ander professionele agentskappe aangebied word op koste van die ouers.

17.11.2 Die verantwoordelikheid vir rehabilitasie is egter beperk tot die voorwaardes van die toepaslike wetgewing en die behoefte om die meerderheid van die leerders in die skool te beskerm.

17.11.3 Weiering van leerders om aan sulke programme deel te neem, kan lei tot verdere dissiplinêre stappe en verhore wat kan lei tot ’n aanbeveling van finale uitsetting uit die skool deur die DH.

## 18 PRIVAATHEID / VERTOULIKHEID VAN LEERDERINLIGTING

18.1 Die skool / beheerliggaam sal die privaatheid van ‘n klaer, die aangeklaagde leerder
teen wie ‘n klag ingedien word en die getuies, soveel as moontlik respekteer en beskerm, in ooreenstemming met die wetlike verpligtinge van die skool om ondersoeke in te stel en artikels 34 en 35 van POPIA en toepaslike stappe te neem om te voldoen aan enige blootlegging en / of openbaarmakingsverpligtinge ingevolge die Gedragskode.

18.2 Alle rekords (papier en elektronies) wat gegenereer word en dissiplinêre verhore wat gehou word onder die bepalings van die gedragsode en verwante wetgewing en beleide en reëls en die administratiewe prosedures daarvoor, sal as vertroulik bewaar word in die mate wat dit wetlik toegelaat word en met inagneming van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting.

18.3 Geen leerder mag egter weier om hom- / haarself te identifiseer indien hy / sy versoek word deur die hoof, ‘n opvoeder, ‘n lid van die beheerliggaam en / of ‘n lid van die personeel om dit te doen nie.

## 19 TOETSING VIR VERBODE MIDDELS (DWELMS) DEUR DIE SKOOL

19.1 Sien ook artikel 8A van die SASW en ander verwante regulasies soos omskryf in die skool se dwelmbeleid, die regulasies en die skoolprotokol vir toetsing.

19.2 Die toetsing sal geskied ingevolge die regulasies en die protokol daarvoor.

19.3 Geen leerder mag weier om getoets te word of dit te probeer ontduik òf die toetsing vertraag nie.

## 20 ANDER BELEIDE WAT DEEL VORM VAN DIE GEDRAGSKODE

20.1 Van tyd tot tyd sal die beheerliggaam ander beleide uitvaardig wat deel vorm van die Gedragskode.

## 21 HERSIENING EN WYSIGING VAN DIE GEDRAGSKODE

21.1 Aangesien hierdie Gedragskode ‘n dinamiese dokument is, sal dit deurlopend hersien en aangepas word.

21.2 ‘n Komitee van die beheerliggaam sal, so dikwels as wat nodig mag wees, maar ten minste jaarliks, alle aanpassings van en wysiging aan die Gedragskode konsolideer waarna die beheerliggaam na oorleg met die leerders, ouers en opvoeders (sien artikel 8(1) van die SASW, 1996) die wysigings sal oorweeg en indien sodanige wysigings goedgekeur word, dit aanvaar, waarna die beheerliggaam die datum van inwerkingtreding van die (gewysigde) Gedragskode sal bepaal.

## 22 KORTTITEL VAN DIE BELEID

22.1 DIE HOëR TEGNOLOGIESE SKOOL JOHN VORSTER

22.2 GOEDKEURING EN VERIFIKASIE

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Aanbeveel deur: (Hoof)** | Me A Dowd | **Handtekening:** | |
| **Datum:** | 12/8/2024 | | |
| **Goedgekeur deur: (Voorsitter van beheerliggaam)** | Mr A Swanepoel | **Handtekening:** | |
| **Datum:** | 13/08/2024 | | |
| **Geverifieer deur GDO: (Distriksdirekteur)** | | **Handtekening:** | |
| **Datum:** | | | |
| **Gesertifiseer deur GDO** | | **Handtekening:** | |
| **Datum:** | | | |

**SKOOLSTEMPEL**

GAUTENG ONDERWYSDEPARTEMENT
DIE HOËR TECHNOLOGIESE SKOOL JOHN VORSTER
AMPTELIK / OFFICIAL
PRETORIA
THE JOHN VORSTER SCHOOL FOR TECHNOLOGY
GAUTENG EDUCATION DEPARTMENT

**BYLAAG A**

## 23 TERMINOLOGIE

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Beweerde oortreder (leerder) | Verwys na die leerder teen wie bewerings/aanklagte van die Gedragskode gemaak word. |
| Inisieerder (getuienisleier) | Dit is verkieslik dat die hoof nie as getuienisleier (inisieerder) optree nie, maar dat dit 'n lid van die dissiplinekantoor is of 'n ander persoon of opvoeder. Die persoon moet 'n SACE-nommer hê. Alhoewel die SASW verwys na 'n "aanklaer", word die term "getuienisleier" deesdae verkies. |
| Aanmelding/Rapportering | a) 'n Relevante aanmelding deur enige persoon aan die skool verbonde, asook enige lid van die gemeenskap met betrekking to enige wangedrag/insident.<br>b) Aanmelding by die GDO ingevolge GDO Omsendbrief gedateer 14 Oktober 2013 (Sien Bylaag vir die aanmeldingsvorm). |
| Alkoholiese drank/middel/produk/vloeistof | a) Enige onwettige middel/vloeistof wat 'n psigologiese, verdowende of fisiologiese uitwerking; of<br>b) enige middel wat sodanige effek het, wat in onwettige besit is, en/of<br>c) enige onwettige, bedwelmende of verdowende middel; en/of<br>d) enige middel/vloeistof/produk/ medikasie waarvan alkohol 'n bestanddeel is of 'n persentasie alkohol bevat. |
| Aanranding/Poging tot aanranding/ dreig om ander aan te rand [Skedule 2 van Kennisgewing 6903 van 2000 soos gewysig]. | Daadwerklike fisiese, liggaamlike leed aan 'n ander of dreigende optrede van enige leerder teenoor enige ander persoon of persone, wat enige vorm van besering - hetsy fisies en of psigies - insluit. In gevalle van boeliegedrag, 'n bedreiging of verbale dreigemente kan die dreigement mondelings, skriftelik, by wyse van enige gebaar, liggaamlike beweging en/of enige elektroniese vorm op enige sosiale platform oorgedra word. Alle vorms van fisiese bakleiery en/of teistering/boelie /intimidasie/dreigemente/afpersing sal dus as aanranding beskou word. |

GENUINE JV SEDERT 1962

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Aanstelling van 'n tussenganger | Wanneer dissiplinêre verrigtinge voor enige beheerliggaam hangende is en dit vir sodanige beheerliggaam voorkom dat dit 'n getuie onder die ouderdom van agtien jaar aan onbehoorlike geestelike spanning of lyding sal blootstel, indien hy of sy tydens die verrigtinge getuienis lewer, kan die beheerliggaam, indien doenlik, 'n bevoegde persoon as tussenganger aanstel ten einde die getuie in staat te stel om sy of haar getuienis deur daardie tussenganger te lewer. (Sien artikel 8 van die SASW). |
| Beginsel van 'n oorwig van waarskynlikhede | Die skool moet hulle saak teen die leerder op'n oorwig van 'n waarskynlikheid bewys. In 'n dissiplinêre verhoor moet die een party se saak dus meer waarskynlik wees as dié van die ander party. |
| Besit / in besit wees van | Daadwerklike besit en/of in beheer van enige artikel, voorwerp, onwettige middel. Dit beteken ook die besit van enige beeld, klankopname, video, foto, prent en ander elektroniese skepping wat gestoor is of op die geheue/elektroniese rekords is van enige digitale toestelle/ selfoon/elektroniese toestel. |
| Boelie/Intimidasie/Teistering/ Kuberboelie | Enige ernstige, intimiderende, viktimiserende, omvattende, indringende fisiese, verbale, nie-verbale daad of gedrag, insluitende kommunikasie op enige sosiale platform of in enige ander formaat wat gerig is op 'n ander leerder of groep leerders, opvoeders wat een of meer van die volgende gevolge insluit:<br>a) wat vrees wek by 'n leerder dat hy/sy liggaamlik en/of emosionele leed aangedoen gaan word en/of sy/haar eiendom beskadig of vernietig gaan word;<br>b) wat emosionele skade aan 'n leerder se geestesgesondheid gaan veroorsaak;<br>c) wat sy/haar akademiese prestasie gaan beïnvloed;<br>d) die leerder/persoon se vermoë gaan aantas om om aan enige skoolaktiwiteit deel te neem of met ander leerders te kan kommunikeer sonder vrees òf gaan inmeng met sy/haar regte in die skoolverband;<br>e) gerig is op enige vorm van diskriminasie;<br>f) enige vorm van haatspraak/ initimidasie/ verkleinering/ xenofobie/ diskriminasie. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Brandstigting | Die opsetlike en onwettige handeling om ander se eiendom/plantegroei/vaste eiendom aan die brand te steek m.b.v enige voorwerp of enige vloeistof of materiaal. |
| By die skool/op die skoolgronde/skoolterrein | Verwys na binne 'n klaskamer, enige ander plek op die skoolgronde/skoolterrein; enige lokaal op die skoolgronde; op 'n skoolbus en/of ander vervoermiddel van die skool wat leerders vervoer; enige skoolaktiwiteit, hetsy op die skoolgronde of weg van die skool af; binne of buite skooltyd; in of uit skooluniform of waar die leerder(s) geïdentifiseer kan word as sodanige leeders van die skool. |
| Buitekurrikulêre/Buitemuurse Aktiwiteite | a) Alle opvoedkundige aktiwiteite wat na normale skoolure op 'n geordende wyse en onder die toesig van 'n opvoeder/afrigter aangebied word en/of plaasvind;<br>b) ook bekend as skoolaktiwiteite ingevolge die SASW. |
| Crimen Injuria/die affektering van 'n ander se waardigheid | "'n daad van onwettige, doelgerigte en ernstige skending van die [mens]waardigheid van 'n ander." |
| Dae/Dag | 'n skooldag of -dae van die week, uitsluitend Saterdae, Sondae, publieke vakansiedae en skoolvakansies |
| Departement | Gauteng Department van Onderwys |
| Digitale Toestelle/ Selfoon/Elektroniese Toestel | enige mobiele, elektroniese toetstel wat gebruik word om oproepe te maak of e-posse en ander elektroniese boodskappe te versend deur seine of inligting voorgestel deur syfers en/of enige digitale beelde, video's, foto's en klank kan opneem en versend en wat deur middel van enige sosiale-mediaplatform versend of ontvang kan word. |
| Dispuutbeslegtingskomitee | 'n komitee wat deur die beheerliggaam aangestel is om oor dispute rakende die vertolking van die Kode tussen leerders en opvoeders te besleg. |

100% GENUINE JV TM SEDERT 1962

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Dissiplinekantoor | a) Die dissiplinekantoor is die verlengstuk van die hoof se kantoor asook van die beheerliggaam se dissiplinekomitee m.b.t. dissiplinêre aangeleenthede asook die berading van leerders t.o.v. hul aanleg, pligsversuim, gedrag, maatskaplike, sosiaal-maatskaplike, emosionele, sosiale, en ander probleme.<br>b) Dit is die lokaal waarvandaan daar met leerders van die skool en hulle ouers in verband met bogenoemde probleme kontak gemaak word en dienooreenkomstig opgetree word.<br>c) Ouers word by die prosesse betrek d.m.v. aanmeldingsverslae, afwesigheidsverslae, vorderingsverslae, ouerberading, onderhoude, ens.<br>d) Dié lokaal is altyd vir ouers, personeel en leerders toeganklik. |
| Dissiplinekomitee | a) 'n Komitee wat deur die beheerliggaam aangestel is om 'n aanklag van beweerde ernstige wangedrag, wat formeel teen 'n leerder / leerders aanhangig gemaak is, te besleg en om te besluit oor ‘n sanksie wat aan sodanige leerder(s) opgelê kan word.<br>b) Die dissiplinekomitee moet onderskei word van die interne subkomitee van die beheerliggaam wat ingestel is om in die algemeen, informeel met sake van ’n dissiplinêre aard te handel, asook die interne komitee wat deur die skoolbestuur aangestel is om interne sake m.b.t. dissiplinêre aangeleenthede te hanteer. |
| Dissiplinêre Maatreëls van die Skool- en Klaskamerreëls | Die strawwe of korrektiewe maatreëls soos in hierdie kode uiteengesit word, wat vir ‘n bepaalde oortreding opgelê kan word en ook enige ander maatreël of optrede wat daarop gemik is om enige afwykende of onaanvaarbare gedrag of wangedrag van leerders aan te spreek. |
| Dissiplinehoof/Ondersoeker | 'n Bevoegde persoon, skriftelik aangestel deur die hoof, om 'n bewering of vermoede van ernstige wangedrag te ondersoek en wat ook as inisieerder gedurende ‘n dissiplinêre verhoor mag optree en ‘n klagstaat vir die hou van ‘n dissiplinêre verhoor teen ‘n leerder mag opstel en aan die leerder en sy/haar ouers mag oorhandig. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Distrikskantoor | Distrikskantoor van die Department in die Onderwysdistrik waarin HTS JOHN VORSTER geleë is. |
| Distriksdirekteur | Die beampte van die Department verantwoordelik vir die administrasie van onderwys in die betrokke distrik waaronder HTS JOHN VORSTER toegewys is. |
| Dobbel | Die aangaan van 'n weddenskap in monetêre vorm of enige ander voowerp van waarde wat verwed word waarvan die uitkoms onseker is met die doel om addisionele geld of ander materiale voorwerpe te wen of te verkry. |
| Dokumentasie en Bewyse | Sluit die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie:<br>a) notas of briewe van en aan ouers;<br>b) mediese sertifikate van mediese praktisyns;<br>c) notas, briewe en verklarings van 'n leerder;<br>d) aantekening en tekeninge van die persoon wat die bewerings van wangedrag ondersoek of wat die klag indien;<br>e) enige ander vorm van inligting of bewyse wat gebruik kan word om die klag te verifier;<br>f) enige ander inligting vervat oor die leerders betrokke, wat op enige lêer in geskrewe of elektroniese formaat voorkom by die skool en/of op enige digitale, elektroniese, mobiele toestel/selfoon van enige person;<br>g) opnames van die skool se GKT ("CCTV");<br>h) enige klankopname van watter aard ook al wat van toepassing is op 'n klag van die skool en/of die dissiplinekomitee.<br>**LW. Geen persoon mag enige opname tydens die verhoor sonder die voorsittende beampte se goedkeuring maak nie.** |
| Drag en Voorkoms | Die bepaalde skooldrag- en voorkomsbeleid van die skool waaraan alle leerders moet voldoen tensy die beheerliggaam 'n uitsondering vir 'n bepaalde leerder goedgeur het. |
| Dreigemente / Intimidasie | Sluit in enige verbale en nieverbale aksies, sowel as enige inligting wat plaasvind deur middel van enige elektroniese kommunikasie en op enige sosiale-mediaplatform. |
| Dwelm | Enige afhanklikheidsvormende substans, enige gevaarlike afhanklikheidsvormende middel of enige ongewenste afhanklikheidsvormende substans. (Sien ook die skool se beleid oor die Verbod op Dwelmgebruik). |

| **Woord** | **Betekenis** |
|---|---|
| Dwelmtoebehore | Enige toebehore, toerusting, produk, materiaal van enige aard wat primêr bedoel is òf ontwerp is òf vervaardig is òf kan word deur gebruik te maak van sekere middels wat in die vervaardiging daarvan gebruik kan word of saamgevoeg, vermeng, omskep, verberg/versteek, geproduseer, geprosesseer, ingespuit, ingesluk, in die mond geplaas kan word, gerook, ingeasem of enige ander wyse in die menslike liggaam opgeneem kan word met die doel om die persoon te bedwelm of sy/haar kognitiewe vermoëns aan te tas en enige gedrag te inhibeer of te beïnvloed. |
| Gedragskode [Die Kode] | Hierdie dissiplinêre Gedragskode en reëls van die skool en enige ander verwante beleide en klaskamerreëls en ander verwante beleide en wetgewing wat deur alle ouers en leerders streng nagevolg word ten einde deel van die skool te kan vorm. |
| Geïmpliseerde toestemming deur leerders | In terme van artikel 8A van die SASW, 1996 mag die hoof en/of sy / haar  gedelegeerde dwelmtoetse en deursoeking en beslaglegging van verbode en gevaarlike voorwerpe onderneem en mag geen leerder weier tot sodanige aksies nie, aangesien daar geïmpliseerde toestemming deur die leerder verleen is, deurdat Artikel 8(4) van die SASW, 1996 dit stel dat geen bepaling van die Wet ‘n leerder vrystel van die verpligting om die Gedragskode van die skool wat deur sodanige leerder bygewoon word, na te kom nie, mits daar aan Artikel 8(5) van die SASW en die voorgeskrewe regulasies en beleide voldoen is. Hierdie artikel is ‘n uitsluitingsartikel ingeviolge artikel 35 van die Grondwet. |
| Geslotekringtelevisie GKT (“CCTV”) | Die skool se geslotekring-televisiekameras waarvan opnames as bewys gebruik mag word in die ondersoek of tydens enige verhoor. (Sien ook die skool se GKT-beleid). |
| Gevaarlike middel / substans / stof | Enige middel of stof, anders as ‘n dwelmmiddel, wat ingeneem, ingespuit, gerook, geëet, gesnuif of gebruik word en wat ‘n nadelige of skadelike sielkundige, mediese of fisiologiese uitwerking of reaksie veroorsaak of kan veroorsaak, asook enige stimulant, kunsmatige dwelm, middel van plantaardige oorsprong, opkikker, opoïede en/of anaboliese steroïede wat deur die beheerliggame van die onderskeie sportkodes wat as buitekurrikulêre aktiwiteite by die skool aangebied word, verbied word. |

| **Woord** | **Betekenis** |
|---|---|
| Gewelddadige Leerder/Optrede | Enige leerder wat:<br>a) ‘n daad van geweld uitvoer/inisieer op enige werknemer en/of leerder van die skool of probeer om dit uit te voer;<br>b) ‘n daad pleeg terwyl hy/sy op die skoolgronde is en / of deel is van enige skoolaktiwiteit teenoor ‘n ander leerder en / of enige ander persoon, of ‘n poging aanwend om so ‘n daad uit te over;<br>c) enige gevaarlike voorwerp in sy/haar besit het terwyl hy/sy op die skoolperseel is of tydens enige skoolaktiwiteit of enige skoolondersteunde aktiwiteit;<br>d) het in sy/haar besit of vertoon enige voorwerp wat as ‘n gevaarlike voorwerp geag kan word terwyl hy/sy op die skoolperseel is of tydens enige skoolaktiwiteit of enige skoolondersteunde aktiwiteit;<br>e) bedreig of dreig om ‘n ander aan te rand met enige gevaarlike voorwerp terwyl hy sy op die skoolperseel is of tydens enige skoolaktiwiteit of enige skoolondersteunde aktiwiteit. |
| Graad | Dié gedeelte van ‘n onderwysprogram wat ‘n leerder binne die bestek van een skooljaar kan voltooi of enige ander onderwysprogram wat die lid van die bestuurkomitee mag ag gelykwaardig daaraan te wees. |
| Gevaarlike Voorwerp/wapen | a) enige springstof of ontplofbare toestel;<br>b) enige vuurwapen of gaswapen;<br>c) enige artikel, voorwerp, stuk gereedskap, instrument, koord, tou, draad, enige passer en ander skryfbehoeftes, bessie, klip, stof, spuitmiddel, dwelmmiddel, vloeistof, spuitnaald, tak, plank, yster of enige ander instrument wat gebruik kan word om ‘n ander persoon op enige wyse liggaamlike leed aan te doen of eiendom te beskadig, of om ‘n persoon tydelik te verlam of bewusteloos te laat, of selfs te dood; of<br>d) enige voorwerp wat die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant ingevolge die SASW tot gevaarlike voorwerp verklaar.<br>e) enige gevaarlike voorwerp soos omskryf in die Wet op Gevaarlike Wapens, 2013 (Wet 15 van 2013)<br>f) enige replika van ‘n vuurwapen/speelgoed wat soos ‘n wapen lyk en/of voorkom. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Hoof van die Departement | Verwys na die Hoof van die Gauteng Departement van Onderwys |
| Hoof van die skool of gedelegeerde | ‘n Opvoeder wat as hoof van die skool aangestel is of aangestel is om tydelik waar te neem as hoof of waar van toepassing die persoon wat deur die hoof gemagtig is om sekere verantwoordelikhede na te kom en/of uit te voer namens die hoof. |
| Inbraak/Kuberkraak | Die onwettige/ongemagtige daad van betreding met die gebruik van mag om enige perseel te betree of toegang te verkry tot enige struktuur, voertuig, kas/ yskas/houer of enige eiendom van enige persoon op die skoolterrein en in die proses skade veroorsaak en/of eiendom onregmatig te verwyder. Dit sluit ook in om onregmatige toegang tot enige persoon se elektroniese inligting te verkry met enige rekenaar/digitale toestel en om enige intimiderende of dreigboodskappe te stuur. (Sien ook: Kuberboelie). |
| Inisiasiepraktyk | Enige handeling/ritueel wat, met die oog op inlywing by, toelating tot, aansluiting by of as voorwaarde vir voortgesette lidmaatskap by die skool, van ‘n groep, sportspan of organisasie of met die oog op deelname aan binne- of buitemuurse aktiwiteite:<br>a) die geestelike of fisiese gesondheid of veiligheid van ‘n persoon in gevaar stel;<br>b) beoog om die menswaardigheid van ander te misken deur sommige persone as ondergeskik aan ander te stel;<br>c) individue aan vernederende of gewelddadige handelinge wat hulle grondwetlike reg op menswaardigheid benadeel, onderwerp. |
| Intimidasie en/of Teistering | Enige handeling van ‘n persoon wat opsetlik daarop gerig is om ‘n ander persoon deur middel van:<br>a) die toediening van geweld, besering of skade aan daardie persoon of ‘n ander persoon; of<br>b) dreigemente om daardie persoon of ‘n ander persoon te dood, aan te rand, te beseer of skade aan te rig, te dwing of te oorreed om iets te doen of na te laat om iets te doen of om ‘n bepaalde standpunt in te neem. |
| JV-paspoort | Die JV-paspoort is ‘n proforma, geskoei op die dagrooster en bedoel vir enige sewedagsiklus, waarop opvoeders geleentheid kry om tydens elke periode kommentaar te lewer rakende pligsversuim en wangedrag met betrekking tot die spesifieke leerder wat dié pas dra. Die bedoeling met hierdie pas as sanksie is om die leerders sensitief te maak vir hulle optrede in onderriglokale teenoor personeel en medeklasmaats. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Klasreëls | Die reëls waarna verwys word in die Gedragskode wat vir elke individuele opvoeder se klas en in sentrums sal geld waaraan elke leerder moet voldoen bo en behalwe die reëls en voorskrifte van die Kode. |
| Kode | Beteken hierdie dissiplinêre Gedragskode en reëls van die skool wat van toepasing is op alle ingeskrewe leerders van die skool al het hy/sy nog nie met formele onderrig by die skool begin nie. |
| Konfiskering/Konfiskasie/ Beslaglegging | Beteken die wettige beslaglegging/ inbeslagneming van goedere/ items/ elektroniese toestelle van leerders indien hulle dit gebruik om die skool se Gedragskode te oortree òf dit strydig met die Gedragskode op die skoolterrein te bring òf in hulle besit te hê òf in enige sak/houer wat aan die leerder behoort òf tydens enige skoolaktiwiteit of ‘n aktiwiteit wat deur die skool ondersteun word. Die besit van sekere items sal verbeurd verklaar word ingevolge die voorskrifte van die Gedragskode. |
| Kul/Oneerlik | Kul/ Oneerlik met betrekking tot toetse, eksamen en assessering. Dit impliseer afkyk, afskryf, plagiaat of andersins oneerlik wees òf met ‘n selfoon besig te wees tydens die aflê van toetse, eksamens of enige vorm van assessering. |
| Laster | Die onregmatige of opsetlike publikasie of uitspreek van woorde aangaande, of gedrag teenoor ‘n ander persoon waardeur sy/haar goeie naam, reputasie of aansien in die gemeenskap gekrenk of aangetas word. (Sien ook Crimen Injuria). |
| Leerder | Beteken enige persoon wat by die skool onderwys ontvang of wat verplig is om onderwys te ontvang ingevolge die SASW en wat as leerder ingeskryf is, al het/hy sy nog nie met formele onderrig by die skool begin nie, asook leerders wat elders ingeskryf is en by HTS John Vorster aan sport deelneem. |
| Lid van die Beheerliggaam | Beteken enige verkose/gekoöpteerde lid van die skool se beheerliggaam / komitee van die beheerliggaam van die skool. |
| Lid van die Uitvoerende Raad | Lid van die Uitvoerende Raad van Gauteng Provinsie verantwoordelik vir Onderwys. |
| Minister | Die Minister van Basiese Onderwys. |
| Onderwys | Onderriginstruksie of opleiding wat ingevolge die Wet aan leerders verskaf word. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Onsportiewe Gedrag | Om tydens voorbereiding vir of deelname - op of van die sportveld/sportgronde - aan ‘n buitekurrikulêre aktiwiteit ‘n handeling te verrig, of na te laat om iets te doen, wat teenstrydig is met die reëls en gees van die betrokke aktiwiteit wat insluit, maar nie beperk is nie, tot:<br>a) vuil en/of ongeoorloofde spel of taktiek;<br>b) beledigende of kwetsende opmerkings teenoor opponente of skeidsregters/ lynregters / beamptes / beoordelaars of enige ander betrokkene;<br>c) miskenning van die gesag en/of kritiek uitspreek oor die beslissings van afrigters, skeidsregters, beamptes of beoordelaars of enige persoon in ‘n gesagsposisie;<br>d) verkryging van ‘n onregverdige voordeel (wedstrydknoeiery);<br>e) herhaaldelike begaan van professionele foute;<br>f) verspreiding of gebruik van stimulante, opkikkers, anaboliese steroïede of ander gevaarlike middels. |
| Ontgroening | Sien “Inisiasiepraktyk” hierbo. |
| Onwettige dwelmmiddel/onwettige middel / inhalant / verwante produkte; elektroniese sigarette / vapes / twisps /dwelm/ ongewenste middel / sintetiese middel / kruie of plante/toebehore (”paraphernalia”) | Verwys na:<br>a) enige onwettige stof wat ‘n sielkundige of fisiologiese uitwerking het, en/of<br>b) enige stof wat sodanige uitwerking het wat onwettig besit word, en/of<br>c) enige dwelm soos gedefinieer in die Wet op Dwelms en Dwelmhandel, 1992 (Wet 140 van 1992), wat gebruik word of in besit is in oortreding van artikel 4 van daardie Wet, die SASW en enige regulasie uitgereik ingevolge die SASW en/of deur die LUR en/of die Minister en enige anfder verwante wetgewing;<br>d) enige middel met sodanige effek wat wederregtelik in besit is;<br>e) enige stof/aërosol/vloeistof wat ‘n bedwelmende uitwerking het, insluitend enige stof wat igeasem kan word soos gom, verdunners, petrol, enige spuitmiddel (“aërosol”), verf, chemikalieë en ander; |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| | f) enige tabakproduk en/of ander produk wat nikotien bevat, “vaper”, “twisp”, vapervloeistof/-houer van enige aard, en/of enige ander elektroniese sigaret/toestel wat vaperprodukte/twisp/e-sigaretprodukte gebruik/vloeistowwe en chemikalieë bevat;<br>g) enige produk wat alkohol bevat;<br>h) enige oor-die-toonbank-medikasie/ -dwelmmidel/ -vloeistof;<br>i) enige sigaretpapier soos “Rizla’s” en “Rizla-rollers”;<br>j) enige mengsel/vloeistof wat alkohol bevat;<br>k) enige mengsel/vloeistof wat enige medisinale produk, dwelmmiddel, sintetiese dwelmmiddel, chemikalieë bevat; en/of<br>l) enige middel wat ‘n pynstiller bevat wat chemies verwerk/aangepas is of van ‘n plantaardige of ander oorsprong, sintetiese middel of chemiese samestelling. |
| Ontwrig/ Ontwrigting [gedrag] | Die onwrigting/ frustrering/ bedreiging van die vloei en kontinuïteit van opvoeding in die klaskamer of enige ander opvoedingsproses in die skool en enige ander skoolaktiwiteit. |
| Ontwrigtende Leerder(s) | ‘n Leerder/ groep leerders wat substantief die onderrig-/ opvoedingsproses in ‘n klaskamer of tydens enige skoolaktiwiteit voorkom, òf daartoe bydra dat dit voorkom word/ opvoeding en onderwys verhoed/frustreer òf die gesag van enige opvoeder ondermyn deur sodanige optrede. |
| Opkikker | Enige stof, middel, chemikalie, medikasie of bloedproduk wat ingeneem word ten einde sport/ligaamlike prestasie te verhoog om ‘n onregverdige voordeel bo ‘n ander te verkry. |
| Opvoeder | Enige persoon - met uitsondering van 'n persoon wat aangestel is om uitsluitlik buite-kurrikulêre werksaamhede te verrig - wat ander persone onderrig, opvoed of oplei of wat professionele opvoedkundige dienste, met inbegrip van professionele terapie en opvoedkundige sielkundige dienste, by 'n skool lewer. |

| **Woord** | **Betekenis** |
|---|---|
| Ouer/Voog | a) die biologiese of aanneem-ouer of wettige voog van 'n leerder<br>b) die persoon met wettige aanspraak op sorg vir 'n leerder; of<br>c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge van 'n 'n persoon in paragrawe *(a)* en *(b)* ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom, soos omskryf in die SASW, 1996.<br>Regdeur hierdie Gedragskode, waar daar na "ouer" of "ouers" verwys word, sluit dit enige van die bogenoemde persone in of waar van toepassing, enige persoon (opvoeders en skoolpersoneel uitgesluit) wat skriftelik deur 'n ouer/wettige voog skriftelik aangewys is om *"in locus parentis"* namens 'n leerder op te tree, én die skool in besit is van sodanige skriftelike dokument. |
| Permanente Uitsetting | Die permanente verwydering van die leerder uit die skool in opdrag van die Hoof van die Department en/of die LUR van Onderwys. |
| Personeellid | 'n Persoon wat in diens is van die skool. |
| Persoon | Enige persoon, hetsy 'n natuurlike persoon of 'n juridiese persoon, met of sonder regspersoonlikheid. |
| Pornografiese materiaal | Enige beeld, video, klankopname, elektroniese skakel, seksteks - ongeag van hoe dit geskep is - of enige beskrywing of aanbieding van 'n persoon, werklik of nageboots, van 'n eksplisiete/ geïmpliseerde seksuele aard. |
| Psigiese Leed | Teistering, verkleinering, belediging, bespotting, uitskellery of ander vernederende optrede ten einde 'n ander persoon emosioneel of sielkundig leed aan te doen. Sien ook Intimidasie/ Crimen injuria |
| Regverdigheid | Berus op die beginsel van regverdigheid in die Arbeidsreg, naamlik substantiewe en prosedure-regverdigheid. 'n Regverdige prosedure en rede vir skuldigbevinding moet gevolg word. |
| Regverdige Proses [Art 8(5) van die SASW] | In die prosedurele regverdigheidsbeen beteken dit dat elke leerder wat formeel dissiplinêr vervolg word, geregtig is om oor die klag ingelig te word en tydens 'n dissiplinêre verhoor geregtig is op verteenwoordiging (uitgesluit 'n regsverteen-woordiger) en dat die verhoor ingevolge 'n regverdige proses moet geskied waar die leerder sy/haar saak kan stel. |
| Regverdige Rede (Substansie) | Die rede wat aangevoer word vir die skuldigbevinding en sanksie moet regverdig wees. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Rook | Om in te asem/ in te teug/ uit te blaas/uitasem, asem inhou of kontrole te hê oor ‘n aangesteekte/ brandende tabakproduk/ “vaper”/ plant/ onkruid/ kruiemengsel/ sintetiese dwelm/ mengsel/ kruie / of om beheer te hê of uit te oefen oor sodanige voorafgenoemde aangesteekte/ brandende produkte. “Het gerook” en “besig om te rook”, sal dieselfde impliseer. |
| Rowwe Spel | Enige onregmatige, rowwe spel wat onveilig is of die goeie orde by die skool versteur. |
| Sanksie | ‘n Sanksie is ‘n korrektiewe maatreël of maatreëls wat aan ‘n leerder opgelê word om te sorg vir ‘n ordelike skoolgemeenskap wat mag voortspruit uit enige diisiplinêre optrede deur die skool indien ‘n leerder homself/haarself wangedra. |
| Seksuele aanranding/Geweld/ Teistering/Viktimisasie/ Intimidasie | Die fisiese daad of dreigement van aggressie of mag of ‘n dreigement wat die aanraking van ‘n ander se skaamdele/enige ander liggaamsdeel insluit, of om ‘n ander persoon te forseer om ‘n ander of sy/haar eie skaamdele aan te raak of enige ander liggaamsdeel en ten doel het om die persoon te intimideer, te beseer, te verkleineer, (fisies) te dwing om ‘n daad te verrig teen sy/haar wil òf tot so ‘n persoon se dood kan lei, sonder daardie persoon se medewete hom/haar aanraak op ‘n onsedelike manier wat sy/haar menswaardigheid aantas. |
| Seksuele Teistering | Enige handeling/aanraking met ‘n seksuele konnotasie of ondertoon van ‘n ander persoon/leerder/opvoeder wat kan lei tot dissiplinêre optrede ingevolge die skool se Gedragskode, strafregtelike vervolging of ‘n deliktuele eis, asook enige onregmatige handeling ingevolge waarvan ‘n individu se reg op ‘n veilige, nie-intimiderende werk-, speel- of leeromgewing aangetas word deur onder andere onwelkome, seksuele toenadering/aanraking; versoeke vir seksuele gunste waar die persoon wat die versoek rig in die posisie is om onder andere te verneder/oorweldig met fisiese/verbale magsvertoon en/of krenkende verbale en nieverbale handelinge met ‘n eksplisiete of implisiete seksuele konnotasie of ondertoon. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Sintetiese Dwelms | Enige wettige en/of onwettige stof in vaste of vloeistofvorm, (wat ‘n etiket op het vir menslike gebruik, al dan nie) wat chemies dieselfde effek het as ander onwetige en wettige dwelms wat beheer word ingevolge enige wetgewing. |
| Sluitkassies (“Lockers”) | ‘n Sluitkas wat gesluit kan word wat deur leerders van die skool gehuur word om besittings en ander voorwerpe en goedere in toe te sluit en waartoe die skoolbestuur deurgaans toegang het. |
| Beheerligaam | Die beheerliggaam van die HTS JOHN VORSTER**,** soos beoog in Artikel 16 (1) van die SASW, 1996 |
| Die Skool | Verwys na die HOËR TEGNOLOGIESE SKOOL JOHN VORSTER - 'n openbare skool soos omskryf in Hoofstuk 3 van die SASW, 1996, wat 'n openbare skool is wat leerders in een of meer grade van graad 8 tot graad 12 inskryf. |
| Skoolaktiwiteit | Enige amptelike, opvoedkundige, kulturele, sosiale of ontspanningsaktiwiteit van die skool op of buite die skool se perseel. |
| Skooldae | Weeksdae, uitgesluit Saterdae, Sondae, openbare vakansiedae en skoolvakansies. |
| Skooleiendom | Die grond en geboue wat deur die skool beset word, sowel as enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue, asook alle ander eiendom, wat alle toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer insluit wat die skool besit, huur of berg, of vir die beskadiging of verlies waarvan die skool wetlik aanspreeklik gehou kan word. |
| Onttrekking uit alle skoolaktiwiteite | Impliseer dat 'n leerder nie daarop geregtig mag wees om:<br>a) 'n klas by die skool by te woon nie;<br>b) gedurende die tydperk van onttrekking uit alle skoolaktiwiteite, 'n amp te beklee of enige funksies of werksaamhede, soos beoog deur enige toepaslike wetgewing en wat met die bestuur van die skool verband hou, te verrig nie;<br>c) aan enige buitekurrikulêre aktiwiteite en ander skoolaktiwitiete van die skool deel te neem sonder die skriftelike toestemming van die hoof nie; of<br>d) die skool vir 'n tydperk soos voorgeskryf in die wet by te woon nie; “opskort” en “opgeskort” impliseer dieselfde aksie. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Skeurstrokies | Die strokies wat aan 'n oueromsendbrief of enige amptelike inligtingstuk verskyn, wat deur die skoolbestuur uitgestuur word. Daar word van die leerders verwag om dié skeurstrokies, nadat die ouers dit ontvang en voltooi het, aan die betrokke voogopvoeder terug te besorg |
| Skoolaktiwiteit | Enige amptelike opvoedkundige, kulturele, sport sosiale of ontspanningsaktiwiteit van die skool, ongeag of dit op of buite die skoolterrein aangebied word of plaasvind. |
| Skoolbestuur | Die hoof, adjunkhoofde, departementshoofde en ander opvoeders wat gesamentlik en afsonderlik vir die professionele bestuur van die skool, onder gesag van die Departementshoof van die Gauteng Departement van Onderwys of die beheerliggaam, onderneem word. |
| Skooldag | Weeksdae, uitsluitend Saterdae, Sondae, openbare vakansiedae en skoolvakansies. Nege periodes per dag. Sommige Vrydae kan van die klasse tien periodes klas hê. Minimum 6 ure per dag. |
| Skoolperseel/Skoolterrein | Enige gebou, struktuur, saal, kamer, kantoor, klas, sentrum, grond, gerief of omheinde plek wat onder die beheer van die Gauteng Departement van Onderwys, beheerliggaam en skoolbestuur val. |
| Onttrekking uit alle skoolaktiwiteite | Dat 'n leerder, tydelik, vir die duur van sodanige onttrekking uit alle skoolaktiwiteite:<br>a) nie geregtig is om 'n klas of klasse by die skool by te woon nie;<br>b) nie geregtig is om enige posisie te beklee of pligte of funksies uit te oefen wat met die beheer en bestuur van die skool verband hou nie;<br>c) nie geregtig is om aan enige buitemuurse aktiwiteite van die skool deel te neem nie. |
| Stimulant | Sien "Opkikker" en "Onsportiewe gedrag" |
| Tegnologiese Sentrum | Sentrum waar Tegnologiese opvoeding en opleiding - wat praktiese sowel as teoretiese werk insluit - plaasvind. |

GENUINE JV SEDERT 1962

| **Woord** | **Betekenis** |
|---|---|
| Teistering/ enige vorm van intimidasie/ enige vorm van viktimisasie/ enige vorm van boelie/kuberboelie | a) Enige onwelkome gedrag wat 'n persoon se menswaardigheid skend of 'n intimiderende, vyandige, vernederende, verkleinerende of aanstootlike omgewing skep.<br>b) Dit kan persone bedreigd of verneder laat voel, of die indruk skep dat daar op hulle neergesien word.<br>c) Sulke gedrag kan met die persoon se werks- of onderwysprestasie inmeng, werksekerheid ondermyn en 'n bedreigende of intimiderende werk- of leeromgewing skep.<br>d) Ongeag of teistering opsetlik of onopsetlik is, bly die kernkwessie daarvan die uitwerking daarvan op die slagoffer, eerder as die oortreder se beweegrede.<br>e) Teistering beteken verder om direk of indirek op 'n manier op te tree terwyl die oortreder weet of behoort te weet dat dit die klaer, of 'n verwante person, skade sal aandoen of sy/haar menswaardigheid sal krenk en aantas, of wat die klaer redelikerwys laat glo dat sodanige optrede skade aan hom/haar liggaam of reputasie kan berokken. |
| Toesig | Die bestuur en beheer van leerders tydens onderrig en enige ander skoolaktiwiteite. |
| Toestelle vir die toets van dwelms by leerders ingevolge die Regulasies van die SASW | Die volgende lys van toestelle is deur die Minister geïdentifiseer waarvan die skool slegs een hoef te gebruik:<br>a) Dwelmbespeurende veestelsel vir oppervlaktes;<br>b) Een-stap-kokaïentoetsstrokie;<br>c) Multidwelmtoets;<br>d) Quicktox-dwelmsiftingsdoopkaarttoets;<br>e) Monitect-dwelmsiftingskassettoets;<br>f) Toxcup-dwelmsiftingsbekertoets;<br>g) Multipaneel-dwelmtoetsapparaat;<br>h) Smart check-dwelmsiftingstoets;<br>i) Drug smart-beker;<br>j) Avitar oral screen 4 of drugometer. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Tydelike onttrekking uit alle skoolaktiwiteite | Die hoof is by magte om 'n leerder tydelik te onttrek uit alle skoolaktiwiteite vanaf die tydstip dat 'n klagte van ernstige wangedrag teen 'n leerder aanhangig gemaak is, totdat die uitslag van 'n billike verhoor deur die dissiplinekomitee gefinaliseer is, indien dit volgens die mening van die hoof, in oorleg met die departementshoof /dissiplinehoof/ ondersoekbeampte, in belang van die leerder of opvoeders en die skoolgemeenskap geag word; onderhewig aan die voorwaarde dat die leerder in staat moet wees om, onder behoorlike toesig, met sy skoolwerk voort te kan gaan. |
| Toesig | Die bestuur en beheer van leerders op die skoolterrein tydens enige skoolaktiwiteit. |
| Tugstappe | Dissiplinêre maatreëls |
| Uitsetting | Die permanente beëindiging van 'n leerder se toelating as leerder tot die skool deur die departementshoof. |
| Vandalisme | Die kwaadwillige en vernielsugtige beskadiging of vernietiging van ‘n ander persoon of die skool se eiendom. |
| Verbale Vernedering | Sien “Psigiese Leed” |
| Verbode Item/Voorwerp | Enige ongeoorloofde verbode item/voorwerp van enige aard wat in die besit van ‘n leerder en/of sy haar bessiitings/klere gevind is wat deur die Kode verbied word, enige skoolreël/-beleid of enige wetgewing òf wat sonder toestemming van ‘n ander persoon afgeneem is of uit hulle besittings/tas/sak/sluitkassie geneem is of gesteel is. |
| Verbode Politieke Aktiwiteite | Soos omskryf in artikel 33A van die SASW. |
| Verteenwoordigende Leerderraad | Die leerderliggaam wat behoorlik saamgestel is uit leerders ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die GDO. |
| Verteenwoordiger van ‘n Leerder | ‘n Ouer van ‘n leerder of enige ander persoon wat deur ‘n leerder en/of sy ouer op skrif *in locus parentis* gekies word om hom\haar by ‘n dissiplinêre verhoor te verteenwoordig. |
| Viktimisasie | Die onregmatige benadeling (of dreigement daartoe) van ‘n leerder, opvoeder, ouer of enige ander persoon op die skoolterrein wat sy/haar regte uitoefen, of afdwing of poog om dit uit te oefen en/of af te dwing. |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| Voorlopige opskorting / onttrekking uit alle skoolaktiwiteite | ‘n Leerder mag voorlopig deur die hoof uit alle skoolaktiwiteite onttrek word vir die maksimum periode toegelaat deur die Wet. Hierdie besluit kan geneem word as die hoof, in konsultasie met die departementshoof, besluit dat dit in die belang van die leerder of die opvoeders en die skoolgemeenskap is. Hierdie besluit is onderhewig aan die voorwaarde dat die leerder onder goeie toesig moet kan voortgaan met sy/haar skoolwerk. |
| Wangedrag | Wangedrag wat deur 'n leerder gepleeg word, wat buite die grense van aanvaarbare gedrag val en ook verbied word deur hierdie Gedragskode, skoolreëls en verwante skoolbeleide en wetgewing wat van ‘n leerder verwag word, wat die volgende insluit, maar nie daartoe beperk is nie:<br>a) wangedrag wat op die perseel van die skool gepleeg word, hetsy gedurende of na skoolure;<br>b) wangedrag wat gedurende enige skoolaktiwiteit gepleeg word ongeag of dit binne of buite die perseel van die skool en of dit gedurende of na skoolure plaasvind;<br>c) enige gedrag wat in of uit skooluniform, binne of buite die skoolperseel gepleeg word, en / of waar die leerder geïdentifiseer kan word as ‘n leerder van die skool, ook op enige sosialemedia-platform:<br>i) geneig is om die skool 'n slegte naam te gee, die skool se reputasie te skaad of in diskrediet te bring of sy / haar goeie eer aan te tas;<br>ii) met die beheer, gesag en behoorlike administrasie van die skool inmeng;<br>iii) met die voorwaardes wat vir enige skoolaktiwiteit nodig is en/of ontwrig op enige wyse; |

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| | iv) onderhewig aan die redelike uitoefening van die die skool se reg om te vergader, te betoog en petisies op te stel, gepleeg word met die bedoeling om enige persoon daarvan te weerhou om sy of haar regte, magte of pligte as lid van die skoolgemeenskap uit te oefen, of wat gepleeg word as vergelding op enige wyse teen sodanige uitoefening; of<br>v) deur die Gedragskode van die skool of enige wetgewing, regulasie en/of beleid verbied word; en/of<br>vi) ingevolge Algemene Kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig as Skedule 1 of 2 as wangedrag geklassifiseer word. |
| (Gevaarlike) Wapen/Voorwerp | Enige voorwerp waarmee skade, leed en of besering aan enige persoon aangerig kan word en sluit in gevaarlike wapens/voorwerpe en ook enige vuurwapen/ploftoestel/vuurwerk. |

100% GENUINE JV TM SEDERT 1962

**BYLAAG B**

## 24 TOEPASLIKE WETSRAAMWERK

24.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.
24.2 Die Wet op Skoolonderwys, 1995 (Gauteng) (Wet No 6 van 1995).
24.3 Die SASW, 1996 (Wet Nr 84 van 1996.
24.4 Die Wysigingswet op Onderwyswette, 2007 (Wet Nr 31 van 2007).
24.5 Die Wysigingswet op Wette vir Basiese Onderwys, (Wet Nr 15 van 2011)
24.6 Government Notice 1140 of 19 September 2008 – Devices to be used and Procedure to be followed for drug testing
24.7 Die Wet op die SA Raad vir Opvoeders, 2000 (Wet 31 van 2000).
24.8 Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996).
24.9 Die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998).
24.10 Die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, Wet 3 Van 2000.
24.11 Die Wet Op Beskerming van Persoonlike Inligting (Wet 4 van 2013 ("POPI"))
24.12 Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000)
24.13 Die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (Staatskoerant 22754 van 2001: Kennisgewing 1040).
24.14 Die Wet op Beheer van Tabakprodukte, 1999.
24.15 Nasionale Onderwysbeleidswet (Wet 27/1996).
24.16. Policy Framework for the Management of Drug Abuse by Pupils in Schools and Public Further Education and Training Instutitions soos gepubliseer in die Staatskoerant van 13 Desember 2002 (Kennisgewing 3427).
24.17 SARO-Gedragskode vir Opvoeders.
24.18 Strafproseswet 1977 (Wet 51 van 1977).
24.19 Die Wet op Plofstowwe, 1956 en verwante regulasies en munisipale bywette oor vuurwerke en ander plofstowwe.
24.20 GDO Kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig - "Misconduct of Learners at Public Schools and Disciplinary Proceedings".
24.21 Die Kinderwet, Wet 38 van 2005, soos gewysig en verwante regulasies.
24.22 Die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, Wet 140 van 1992.
24.23 Die Staatsdienswet, 1994 (Wet 103 van 1994), soos gewysig.
24.24 Die Gautengse SASW.
24.25 Film en Publikasie Wet, 1996 (Wet 65 van 1996).
24.26 Die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 2000 (Wet 4 van 2000).

24.27 Die Wet op die Beskerming teen Teistering, 2011 (Wet 17 van 2011).
24.28 Die Wet op Gesinsgeweld, Wet 116 van 1998.
24.29 Die Wet op Rampbestuur en verwante regulasies oor COVID-19.
24.30 Die Nasionale Riglyne vir die Samestelling van Gedragskodes vir Leerders deur die Beheerliggaam, Algemene Kennisgewing 776 gepubliseer in Staatskoerant 18900 van 15 Mei van 1998.
24.31 Wet op die Afskaffing van Lyfstraf, 1997 (Wet 33 van 1997).
24.32 Wet op Kindergeregtigheid (Wet nr. 75 van 2008), soos gewysig en verwante regulasies.
24.33 Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van1993), soos gewysig.
24.34 The Regulations to Prohibit Initiation Practices in Schools (Regulation GN1589) in Staatskoerant 24165 van 13 Desember 2002.
24.35 Regulasies oor die Verbod op Ontgroeningsparaktyke by Openbare Skole.
24.36 Laws relating to intellectual property rights of the school - Merchandise Marks Act 17 of 1941, Copyright Act 98 of 1978, Designs Act 195 of 1993, Trade Marks Act 194 of 1993 en die Wet op Intellektuele Goederewette, 1997, soos gewysig.

## 25 BELEIDE EN PROVINSIALE OMSENDSKRYWES

25.1 Die Gesondheid- en Veiligheidsbeleid van die Skool.
25.2 Omsendbrief 74 / 2007 van die GDO.
25.3 DBO - “Protocol to Deal with Incidences of Corporal Punishments in Schools”.
25.4 DBO - “Protocol for the Management and Reporting of Sexual Abuse and Harassment in Schools”.
25.5 Sosialemediabeleid van die Skool.
25.6 Handves van Verantwoordelikhede van leerders van die Departement van Basiese Onderwys.
25.7 DBO – “Policy on Homophobic Bullying”.
25.8 COVID-19 Protokol van die Skool.
25.9 COVID-19 Standaard Operasionele Prosedures van die GDO, DBO, Departement van Gesondheid en die Skool.
25.10 Anti-stigmatiseringsbeleid van die Skool.
25.11 Skool se Dwelmbeleid en Bestuursbeleid vir die gebruik van “cannabis”.
25.12 Die Skool se Gedragskode vir Ouers.
25.13 GDO Omsendbrief vir die Aanmeldingprosedures van Mishandeling en Aanranding gedateer 14 Oktober 2013. (sien bylaag vir aanmeldingsvorm).
25.14 Die VN-Handves van Regte van die Kind.
25.15 Die Toerbeleid van die skool.
25.16 Skool se Dwelmbeleid.
25.17 Skool se Beleid oor Seksuele Teistering en Intimidasie.
25.19 Skool se Godsdiensbeleid.
25.20 Skool se MIV/VIGS- en STD-beleid.
25.21 Skool se Toelatingsbeleid.
25.22 Skool se Taalbeleid.
25.23 DBO-Protokol hoe om Insidente van Lyfstraf te bestuur.
25.24 DBO-Protokol oor Homofobiese Boeliegedrag.
25.25 DBO-Protokol vir die Bestuur en Rapportering van Seksuele Mishandeling en die Aanmelding van Seksuele Mishandeling en Teistering in Skole.
25.26 DBO-Handleiding - Management of Physical Violence at School.
25.27 DBO-Protokol - Challenging Homophobic Bullying in Schools

**BYLAAG C**

## 26 BELEIDSTELLINGS

26.1 Regsgrondslag ingevolge die SASW, Gauteng Regulasies en Omsendbriewe.

26.1.1 Hierdie Gedragskode is opgestel en moet toegepas, uitgevoer en geïnterpreteer word met verwysing na en deeglike inagneming van en is ondergeskik aan toepaslike gemeenregtelike beginsels en die beginsels van natuurlike geregtigheid en, in besonder:

a) optrede binne ‘n redelike tyd;
b) om ingelig te word van behoorlikgeformuleerde uiteensetting van ‘n beweerde klag ten einde jouself te kan voorberei en te verweer;
c) die reg op billike beregting;
d) die reg om jou saak te stel;
e) om in ‘n geskil en/of verhoor die reg om die teenparty se saak aan te hoor, te toets en te betwis;
f) die reg op prosedurele billikheid;
g) die reg op redes vir ‘n beslissing of besluit;
h) die reg op onbevooroordeelde besluitneming.

26.2 Spesifieke Regte en Verpligtinge, Aanvaardings en Ondernemings

26.2.1 Regte en Verpligtinge:

a) Elke leerder het die reg om ongesteurd, kwaliteitsonderrig te ontvang en om aan buitekurrikulêre aktiwiteite deel te neem.
b) Medeleerders kan op dieselfde regte aanspraak maak en daarom het elke leerder die verpligting om toe te sien dat medeleerders se reg op kwaliteitsonderrig en deelname aan buitekurrikulêre aktiwiteite en ander skoolaktiwiteite beskerm en eerbiedig word.

26.2.2 Basiese Regte van Leerders

a) Leerders moet besef en erken dat hulle nie op regte kan aanspraak maak sonder om te aanvaar dat hulle ook pligte en verantwoordelikhede het nie. Daarom word hulle, as teenkant van bogenoemde regte, daartoe verplig om respek aan medeleerders en personeel te betoon;

i) die sekuriteits- en veiligheidsmaatreëls by die skool na te kom en hulle samewerking ten opsigte daarvan te gee;

ii) ander se geloofs- en ander oortuigings te respekteer en te luister na die opinies van ander en dit te respekteer;

iii) ander se eiendom te respekteer en dit nie te beskadig, te steel of sonder toestemming te gebruik en/of te neem nie;

iv) die skool se eiendom en fasiliteite op te pas;

v) die skoolterrein skoon te hou, nie te beskadig nie, te respekteer of toe te laat dat dit deur ander bemors, beskadig, gevandaliseer, misbruik of besteel word nie;

vi) toe te sien dat alle huiswerkopdragte en projekte stiptelik en akkuraat afgehandel word;

Vii) betyds aan die begin van die dag by die skool, by klasse, oefeninge en ander skoolaktiwiteite en buitekurrikulêre aktiwiteite aan te meld;

viii) personeel en hulle eiendom, eiendom op lessenaars en in klaskamers te respekteer;

ix) alle skool-, klaskamer- en sentrumreëls te gehoorsaam en alle veiligheidsmaatreëls in sentrums na te kom;

x) die korrekte skooldrag/sportdrag te dra en te alle tye skoon en netjies op sy/haar persoon te wees;

xi) hulself en medeleerders te weerhou van en te beskerm teen die gebruik van alkohol, dwelmmiddels, opkikkers en ander gevaarlike middels of stowwe, asook van afknouery, verontregtiging, intimidasie, seksuele teistering en/of kriminele gedrag;

xii) nie sigarette te rook (of "hubbly bubbly"-pype, E-sigarette/-toestelle) en ook nie in die besit te wees van enige toebehore van genoemdes nie;

xiii) nie gevaarlike voorwerpe/wapens te besit of op die skoolterrein te bring nie;

xiv) eerlik te wees en nie in toetse, eksamens en in enige assesering te kul nie;

xv) hulle samewerking aan opvoeders te gee;

xvi) met respek teenoor opvoeders, ander personeel, gaste, besoekers van die skool en ander leerders en persone van besoekende skole, op te tree;

xvii) geen leerder mag homself/haarself aan die boelie van 'n medeleerder/s skuldig maak nie;

xviii) te alle tye as ambassadeur van sy/haar skool op te tree en sodoende die korrekte beeld van die skool uit te dra;

xix) die gesag van die opvoeders wat oor hulle aangestel is te erken en te respekteer en alle redelike opdragte en versoeke van opvoeders, hulle ouers en die skoolhoof te gehoorsaam en uit te voer;

xx) geensins enige onwelvoeglike boeke, tydskrifte, video's, prente, tekeninge, foto's of enige ander voorwerp wat aan ander aanstoot sal gee op die skoolterrein te bring, aan enige ander leerder te verskaf, te versprei of te toon nie.

xxi) die vrymoedigheid kan hê om te enige redelike tyd te vra om hulp, raad en voorligting;

xxii) die skool by te woon sonder dwelms, wapens of dronkenskap.

b) alle oortredings en voorwaardes in die Kode moet eweneens nie as volledig of geslote beskou word nie.

26.3 Leiersposisies, Merietes en Goeie Gedrag

26.3.1 Volgehoue en deurlopende goeie gedrag is ‘n onontbeerlike voorvereiste wanneer leerders vir leiersposisies (Verteenwoordigende Leerderraad (VLR), klasleiers, kapteins van sportspanne ens.) en vir die toekenning van pryse en erekleure en ander toekennings oorweeg word.

26.3.2 Die hoof mag vir ‘n spesifieke tydperk of vir die duur van ‘n akademiese jaar die verantwoordelikhede wat aan ‘n leerder toevertrou is om sekere leiersfunksies uit te voer of enige erekleure of toekenning, op te skort of verbeurd verklaar en die leerder opdrag gee om sy/haar leiersbalkie en ander kentekens en regalia in te handig by die skoolhoof of sy/haar gemagtigde, as gevolg van enige wangedrag wat na die menig van die skoolhoof dit regverdig of as ’n sanksie deur ’n interne of BL-dissiplinekomitee opgelê word.

26.4 Redelike Uitoefening van Gesag en die Handhawing van Dissipline

26.4.1 Die GDO, beheerliggaam, hoof, skoolbestuur, opvoeders, lede van die VLR en klasleiers is verplig om tot die redelike uitoefening van gesag en die handhawing van dissipline toe te sien.

26.5 Aanvaarding van die Gedragskode en Skoolreëls

26.5.1 Ouers/Voogde en leerders aanvaar gesamentlik en afsonderlik dat hierdie Gedragskode ‘n pro-aktiewe poging van die BL en die SBS is om ’n gesonde opvoedingsmilieu vanuit ‘n bepaalde etos daar te stel.

26.5.2 Ouers/Voogde en leerders erken en aanvaar gesamentlik en afsonderlik dat die BL, hoof, skoolbestuur, opvoeders, lede van die Verteenwoordigende Leerderraad, JV-Raad en klasleiers tot die redelike uitoefening van gesag en die handhawing van dissipline verplig is.

26.6 Ondernemings

26.6.1 Ouers/Voogde onderneem om by die opvoeding en onderrig van hulle kinders wat ingeskrewe leerders by die skool is, betrokke te raak, deel te neem aan alle dissiplinêre maatreëls wat nodig mag wees, en behulpsaam te wees met die uitbou van die skool en die skool se etos.

26.6.2 Ingelyks onderneem leerders van die skool om hulle aan hierdie gedragskode te onderwerp en aan alle reels en voorwaardes te voldoen en na te kom.

26.6.3 Leerders onderneem om gereeld en pligsgetrou die skool by te woon en hulle nie aan ‘n patroon van pligsversuim skuldig te maak nie.

26.6.4 Leerders onderneem om enige probleem/grief wat hulle met ‘n VLR-lid , lid van die VLR, opvoeder of ‘n ander personeellid het, die grieweprosedure vir leerders te volg en per afspraak met die hoof of ‘n adjunkhoof te bespreek en nie die gereg in eie hande sal neem nie.

26.7 Toepassing van die Gedragskode

26.7.1 Inskrywing by die skool as leerder - al het die leerder nog nie met onderrig begin by die skool nie - stel outomatiese onderwerping aan hierdie Gedragskode daar.

26.7.2 Die Gedragskode is van toepassing en afdwingbaar op alle ingeskrewe leerders van die skool ongeag die feit dat hy/sy:

a) die meerderjarigheidsouderdom van agtien (18) jaar bereik het;
b) nie formeel die Gedragskode onderteken het nie of die onderneming om die Gedragskode te eerbiedig en na te kom;
c) elders ingeskryf en aan sport by HTS John Vorster deelneem.

26.7.3 Hierdie Gedragskode is van toepassing op alle leerders tydens alle skoolaktiwiteite.

26.7.4 Enige dissiplinêre stappe wat teen ‘n leerder geneem word, moet opvoedkundig,

26.7.5 Die feit dat ‘n handeling (positiewe daad of late) van ‘n leerder tydens enige skoolaktiwiteit ook die grondslag van strafregtelike of sivielregtelike verrigtinge mag vorm, sal nie enige optrede ingevolge hierdie Gedragskode voorkom nie.

26.7.6 Insgelyks sal beoogde of hangende dissiplinêre optrede van ‘n sportliggaam teen ‘n leerder ook nie enige optrede ingevolge hierdie Gedragskode teen daardie leerder voorkom nie.

26.7.7 Sover moontlik moet gelyksoortige oortredings wat in vergelykbare omstandighede begaan is, ooreenstemmend behandel word. Die doel is eenvormige, regverdige, billike en konsekwente toepassing van die Gedragskode en enige skool- en/of klas- en/of sentrumreeël.

26.7.8 Alle oortredings sal aangeteken word.

26.7.9 Behalwe waar ‘n leerder na afloop van ‘n formele dissiplinêre verhoor skuldig bevind is, sal sy/haar rekord van oortredings of aanmeldings aan die einde van die betrokke skooljaar verval en nie van een skooljaar na die volgende oorgedra word nie. Elke leerder begin dus elke nuwe skooljaar met ‘n skoon rekord. *(Nota: alle debietrekords en positiewe gedrag, asook enige verrigtinge van dissiplinêre verhore - intern of deur die BL - moet op die leerder se profiellêer bly, aangesien dit as versagtend of verswarend gebruik kan word vir die vasstelling van ‘n gepaste sanksie).*

26.7.10 Individuele opvoeders is primêr vir die uitoefening van gesag en die handhawing van dissipline in sy/haar onderriglokaal verantwoordelik en bepaal met inagneming van hierdie Kode, die wyse waarop dit sal geskied.

26.8 Persone Verantwoordelik vir Dissiplinêre en Aanverwante Aangeleenthede

26.8.1 Die dissiplinekantoor is vir die praktiese toepassing van hierdie Gedragskode verantwoordelik.

26.8.2 Die volgende ampsbekleërs word belas met die toepassing en uitvoering van die kode:

a) die hoof;
b) die senior adjunkhoofde;
c) departementshoof: Opvoedkundige Leiding
d) die personeellid verantwoordelik vir jeugleiding;
e) die personeellid verantwoordelik vir die hantering van leerders met spesifieke behoeftes;
f) die adjunkhoofde;
g) departementshoofde;
h) graadhoofde;
i) klasvoogde;
j) opvoeders (vakpersoneel);
k) Verteenwoordigende Leerderraad (leerlingraadslede mag nie sanksies oplê nie en het slegs 'n aanmeldingstaak en in sekere gevalle 'n toesighoudingstaak en moet oortredings aanmeld by die betrokke ampsbekleër vir verdere ondersoek en gepaste optrede.);
l) die dissiplinekomitee van die beheerliggaam belas met dissiplinêre aangeleenthede;
m) die dissiplinêre tribunaal van die beheerliggaam wat op 'n ad hoc-basis aangestel word en wat gemoeid is met dissiplinêre verhore van leerders;
n) die beheerliggaam wat aanbevelings maak vir die samestelling van die tribunaal en wysigings en goedkeuring van die Gedragskode;
o) die Departementshoof van die GDO en die betrokke LUR vir aanbevelings van die BL vir die permanente uitsetting van leerders.

26.9 Volledigheid

26.9.1 Dit is ‘n onbegonne taak om ‘n allesomvattende stel reëls te boekstaaf. Hierdie Gedragskode en, in besonder, die skoolreëls, oortredings, dissiplinêre maatreëls en sanksiebepalings en proseduremaatreëls is derhalwe nie volledig en finaal nie.

26.9.2 Die Gedragskode sal periodiek aan hersiening en wysiging onderworpe wees deur die BL en aan die GDO voorgelê word vir verifiëring.

26.10 Interpretasie

26.10.1 Enige meningsverskil rakende die interpretasie van enige deel van hierdie Gedragskode deur enige persoon van die skoolgemeenskap, sal finaal besleg word by wyse van 'n beslissing van twee derdes van die stemgeregtigde lede van die skoolbeheerliggaam en/of na beraadslaging met die skool se regsverteenwoordiger.

26.11 Ander Beleide wat Deel Vorm van die Gedragskode

26.11.1 Van tyd tot tyd sal die beheerliggaam ander beleide uitvaardig wat deel vorm en saamgelees moet word met die Gedragskode.

100% ★ GENUINE JV ™ SEDERT 1962